

DIE KAAPSE STOELE: 'N STUDIE VAN HULLE
HERKOMS MET SPESIALE VERWYSING NA DIE IN-
VLOED VAN DIE EUROPESE EN OOSTERSE STOELVORMS

deur

Marielise Botha

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die
vereistes vir die graad Magister (M.A.) in
die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die
Universiteit van Pretoria, Pretoria.

15 DESEMBER 1969

INHOUDSOPGawe

Bls.

VOORWOORD	1.
INLEIDING DIE STOEL. 'n Algemene agtergrond	5.
HOOFTUK I EUROPESE STOELVORMS	
1. Hollandse stoelvorms: 16de tot 19de eeu	11.
2. Franse stoelvorms: 16de tot 19de eeu	20.
3. Ontwikkeling van die stoel in Engeland vanaf die Middeleeue tot die Victoriaanse tydperk. ± 1300 tot 1900.	29.
HOOFTUK II DIE VROEË KAAPSE STOEL: EINDE 17DE EEU TOT MIDDEL 18DE EEU	
1. Die stoel aan die Kaap	43.
2. Kaapse laat 17de eeuse stoel en die Kaapse ebbehoutstoel	45.
3. Die laat 17de eeuse Kaapse hoekstoel	52.
4. Kaapse Koningsstoel of Burgemeesterstoel	56.
5. Kaapse spilstoel of „tolletjiesstoel”	66.
6. Kaapse Tulbaghstoel	70.
7. Kaapse <u>Queen Anne</u> -stoel	76.
8. Kaapse <u>Queen Anne</u> -hoekstoel	79.
9. Kaapse vrouestoel	82.
HOOFTUK III DIE 18DE EEUSE KAAPSE STOEL	
1. Kaapse Lodewyk XV-stoel of „Hugenote stoel”	82.
2. Die Kaapse Lodewyk XV-balie of -kuipstoel.....	86.
HOOFTUK IV DIE KAAPSE STOEL VAN DIE 19DE EEU	
1. Kaapse stoele met uitgesaagde rug-paneel	91.
2. Kaapse Sheraton- en <u>Regency</u> stoele ..	97.
3. Kaapse Victoriaanse stoel	103.
HOOFTUK V SLOT	105.
BIBLIOGRAFIE	113.

Verskeie persone en instansies het waardevolle hulp verleen gedurende die tydperk van navorsing en ook met die voorbereiding van hierdie studie. Elkeen van hulle word vir hierdie gewaardeerde ondersteuning van harte bedank.

Hartelike dank aan dr. M.G. Atmore vir sy persoonlike belangstelling en veral vir die stimulerende besprekings oor die onderwerp. Sy boek „Cape Furniture” was van onskatbare waarde.

’n Woord van dank aan prof. dr. Herwin Schaefer van die Universiteit van Kalifornië te Berkeley wat gedurende my studietydperk aan daardie Universiteit veral daartoe bygedra het om my belangstelling in hierdie onderwerp te prikkel. Sy talle brieue waarin hy vele vrae vir my beantwoord het, was van groot waarde.

Ook prof. Th. Lunsingh Scheurleer van die Rijksuniversiteit, Leiden, word bedank vir sy briefwisseling waarin vrae deur hom beantwoord is.

Mev. Kotie Roodt Coetzee, kuratrise van die Pretoriase Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum, en haar vakkundiges het besondere waardevolle hulp verleen en die museum te alle tye tot my beskikking gestel. Die voorbeeld wat sy versamel het, was baie waardevolle studiemateriaal.

Aan Mev. Lea du Preez van Villiersdorp ’n woord van dank vir die interessante onderhoud asook briefwisseling en informasie op dié wyse verskaf.

Mev. Minette Schuiling (Minette van Rooyen) word van harte bedank vir die illustrasies.

Baie dankie aan Mev. Rina Pauw wat die taal en styl nagesien het.

- 2 -

Mev. Fransina Smit het die tikwerk onderneem. Baie dankie.

My innige dank aan my man vir sy aanmoediging en entoesiasme waarsonder hierdie studie nooit verwesenlik sou gewees het nie.

Ten slotte 'n woord van dank aan die kurators en beampies van die volgende museums vir die hulp verleen en vir die toestemming om daar te werk of foto's te neem.

Africana Museum, Johannesburg

Nasionale Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum, Pretoria

William Fehr versameling, Kasteel, Kaapstad

Koopmans de Wet Museum, Kaapstad

Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum, Kaapstad

Stellenbosch Museum, Grosvenorhuis, Stellenbosch

Oude-Kerk Volksmuseum, Tulbagh

Hugenote-gedenkmuseum, Franschoek

Michaelisversameling, Kaapstad

Versameling te Vergelegen, Somerset-Wes

William Campbell Museum, Durban

Tongaatsversameling, Tongaat

Oudshoorn museum, K.P.

Metropolitan Museum of Art, New York

San Francisco Museum of Art, San Francisco

Rijksmuseum, Amsterdam

Antiekbeurs, Delft

Louvre, Parys

Musée des Arts Décoratifs, Parys

Städtliche Museum, München

British Museum, Londen

Wallace Collection, Londen

Victoria and Albert Museum, Londen.

3/...

- 3 -

Die spesiale uitstalling van Kaapse stoele gedurende April 1969 in die Stellenbosch Museum was veral van besondere waarde aangesien dit as toetsing kon dien vir die gedagtes vervat in hierdie studie.

Hierdie verhandeling het tot stand gekom onder leiding van prof. dr. F.G.E. Nilant.

Soli deo gloria.

VOORWOORD

Die doel van die studie is om die herkoms van die Kaapse stoelontwerpe vanaf die laat 17de eeu tot die vroeë 19de eeu na te speur. Dit is duidelik dat verskillende invloede meegewerk het om die Kaapse stoelvorms soos hulle vandag oral in museums en private versamelings te sien is, te laat ontstaan. Daar is 'n groot variasie van ontwerpe en die studie poog om die oorsprong van elke ontwerp soos gevind in tipiese Kaapse stoelvoorbeline na te vors.

Vir hierdie doel is Kaapse stoelvoorbeline deeglik nagegaan in museums, private besit en in literatuur. Foto's is geneem en sketse is gemaak om elke besonderheid vas te lê om steeds na terug te kan verwys. Om die Europese en Oosterse agtergrond vir die navorsing te verkry, is Europese museums besoek en literatuur nagegaan.

In die Victoria en Albert museum, London, die Rijksmuseum, Amsterdam en die Louvre en Musée des Arts Decoratifs Parys, is talte stoelvoorbeline gevind wat onmiddellik getoon het dat die bestaande Kaapse voorbeeld 'n duidelike verband met ou Europese stoele het. In die Rijksmuseum se Koloniale meubel afdeling is ook voorbeeld van Oosterse ebbehout stoele gevind wat ooreenstem met die Kaaps gemaakte ebbehout stoele. Die Victoria en Albert museum het 'n goed geïllustreerde katalogus beskikbaar met 'n afbeelding van elke stoel in die museum. Dit het waardevolle studiemateriaal geblyk te wees. Die katalogus van die Rijksmuseum kon plaaslik verkry word en hoewel dit verouderd is, het die foto's daarin vervat ook met die navorsing gehelp. Wat die Franse museums betref, was dit eintlik net die stoele uit die Lodewyk XV- en Lodewyk XVI-tydperke wat nodig was om noukeurig na te gaan en hiervan

was daar meer as genoeg voorbeeld voor hande. Katalogusse in verband met meubels alleen was nie in die Franse museums verkrybaar nie, maar die uitstekende katalogus van die Wallace collection in London waarin 'n groot versameling Franse meubels voorkom, het volkome daarvoor vergoed.

In elk van die genoemde museums is ook sogenaamde „styl kamers“ opgebou waar elke stoel in sy geheelagtergrond gesien kan word. Dit gee baie meer lewe aan die ou meubelvorms en meer kan in die verband in Suid-Afrika gedoen word om die voorbeeld na te volg. In groot Constantia, die Koopmans de Wet huis, die Kasteel in Kaapstad en Grosvenor huis in Stellenbosch is dit reeds met sukses uitgevoer.

Die prosedure wat gevolg is in die studie is dié van seleksie of groepering. Die Kaapse stoele is volgens hul vorms en datum van oorsprong kronologies ingedeel en bespreek. Voorbeeld dateer uit die vroegste tydperk van stoelontwerp aan die Kaap naamlik die 17de eeu tot die laaste periode: die vroeg 19de eeu. Die herkoms van elke Kaapse stoel word dan aangedui deur terug te verwys na 'n spesifieke Europese of Oosterse stoeltipe wat ooreenstemming toon met die ontwerp van 'n bepaalde Kaapse stoel. Op hierdie wyse word elke Kaapse voorbeeld gekoppel aan 'n Europese voorbeeld en dié Europese stoel kan onmiddellik in sy geheelagtergrond gesien word omdat 'n oorsig vooraf gegee is oor die Europese stoelontwikkeling.

Daar is tydens die navorsing gevind dat nog baie min werklik wetenskaplike navorsing op die gebied van die meubelkuns in Suid-Afrika gedoen is. Een of twee verdienstelike boeke oor die onderwerp het verskyn, maar die tydskrifartikels is meestal populêr van aard. In die studie is verwys na sekere vals inligting wat voorgekom het in tydskrifartikels. Verder

is ook aangetoon hoedat oueriteite nie altyd ooreenstem in hulle stellings nie en daar is gepoog om aan te dui watter persoon se opvatting die aanvaarbaarste is en waarom.

Daar is ook nog nie voldoende Afrikaanse terme vir die meubelkuns opgestel nie en terme vervat in die studie is sover moontlik nageslaan in die werke „Huishoudkundeterme"¹⁾, „Kunsterme"²⁾ asook die Bouwoordeboek van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en kuns. Verdere informasie is verskaf deur die Vaktaalburo.

Die name van sekere Europese tydperke is in Afrikaans vertaal waar moontlik, maar in sekere gevalle is die oorspronklike naam behou, byvoorbeeld die Queen Anne-tydperk of Regency-styl. Dié woorde word juis so aangedui in die Huishoudkundeterme naslaanwerk.

Sekere beperkings in die studiemateriaal het voorgekom. Die belangrikste hiervan is dat die Kaapse meubels geen datering het nie. Min individuele meubelmakers se name kan met spesifieke skeppinge verbind word. Dit regverdig 'n studie op sigself om te probeer om aan die hand van 'n individu se styl of werkmetode sy skeppings na te speur. Hopelik sal iemand nog dié reuse taak aanpak. Omdat daar so 'n gebrek aan datering is, kon net by benadering gebruik gemaak word van datum indelings. Atmore en Pearse verskil in sommige gevalle met vyftig jaar in hulle datering van dieselfde stoelvorm.

-
- 1) Huishoudkundeterme: Saamgestel deur die Huishoudkunde werkgroep van die Landboutaalkomitee in medewerking met die Terminologieseksie, Taaldiensburo, Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. 1968.
 - 2) Kunsterme: Saamgestel in opdrag van die Vaktaalkomitee vir Tegniese onderwys. 1967.

Die aantal voorbeeld wat in die studie bespreek word, is voldoende vir die gevolgtrekkings wat gemaak is. Elke voorbeeld is verteenwoordigend van 'n tipiese stoelontwerp waarvan daar soms talle voorbeeld te kry is. Soms is daar klein onderlinge variasies en in ander gevalle meer opvallende verskille. Waar daar groot variasies in die ontwerpe voorkom, is die verskille aangedui en kortliks bespreek. Die presiese plek waar elke stoelvoorbeeld gevind is, is telkens aangedui.

Onder die voorbeeld wat redelik wyd uiteenlopende verskille en variasies het, kan die meeste plattelandse en latere binnelandse stoelvorms ingesluit word. Daar word by hierdie soorte stoele ook baie streeksvariasies aangetref. Omdat hulle in afgeleë dele gemaak is, dra hulle dus eerder die stempel van die individuele skepper en die streeks-karakter as van Europese stylvorms. Daar is nie in hierdie studie gepoog om hierdie groot verskeidenheid van stylafwykings en stylvereenvouding van die Plattelandse stoele te behandel nie. Tog is dit redelik duidelik dat ook hierdie minder bekende vorms en hulle herkoms direk of indirek herlei sal kan word na en gegroepeer word onder die meer algemene stoelvorms wat in hierdie studie behandel is.

INLEIDING

Die Stoel: 'n algemene agtergrond

Van alle meubeltipes is die stoel die meubelstuk wat die verskillende stylvorms van die onderskeie historiese periodes die duidelikste weerspieël want die vorm daarvan verander gedurig na gelang die tydperke mekaar afwissel. 'n Studie van die stoele van 'n gegewe land of omgewing openbaar op 'n besonder interessante wyse hoedat 'n wisselwerking plaasvind tussen style in die verskillende geskiedkundige tydperke binne die land self, maar ook tussen die style in die land en dié van ander lande in die ooreenstemmende tydperke.

Die verskillende stoelvorms en hulle ontwikkelingsgang hang in elke geval saam met die meubelkuns in die algemeen. So ook pas die meubelkuns self in by die breë ontwikkelingsgang van die skone en toegepaste kunste en dus ook in die hele ontwikkelingsgang van die Westerse kultuur. Om hierdie rede word in hierdie bepaalde studie telkens verwys na die gelyktydige ontwikkeling van die hele meubelkuns en die skone en toegepaste kunste in die algemeen.

"Chairmaking began when somebody, several thousand years ago, suggested that a piece of flat wood laid on top of three or four stones of approximately equal height would provide a moveable seat".¹⁾

In pre-historiese tydperke is drie of vier pote aan die onderkant van 'n plat stuk hout ingevoeg in gate wat daarvoor gemaak is.

Van die vroegste tye af is die natuur 'n bron van inspirasie vir die kunstenaar en op dié wyse word dierepote nageboots as

1) Gloag, John: The Englishman's Chair, p. 7.

pote van sitmeubels. In die jare 3400 tot 2980 v.C. is stoelpote wat lyk soos dié van 'n bul uitgekerf op Egiptiese sitmeubels. Die ou Egiptenare was reeds bekend met die draaibank terwyl hulle ook die skrynwerkerskuns verstaan het.²⁾ Daarbenewens word beweer dat hulle die uitvinders is van die tapvoeg.³⁾ Hierdie konstruksie was onbekend in Engeland tot in die 16de eeu.

In die tyd van die Grieke en Romeine was daar stoelvorms wat vandag nog bewonder word vanweë hulle estetiese vorm en selfs hulle funksionele ontwerp. Die Griekse Klismos, 'n stoel uit die jaar 500 v.C., beantwoord aan al die hedendaagse vereistes vir 'n goeie sitmeubel. Die Klismos is funksioneel ontwerp met inagneming van die menslike anatomie. Geen onnodige versiering kom daarop voor nie en esteties is die vorm van hierdie stoel geslaagd.⁴⁾ Hieruit blyk dat die Grieke reeds in die jaar 500 v.C. 'n hoë beskawingspeil bereik het.

Tydens die Middeleeue was 'n stoel 'n uiters seldsame voorwerp. Alleen persone van hoë aansien het 'n volwaardige sitmeubel gebruik. Die gewone burger het op 'n klein lae bankie gesit. Die Middeleeuse stoel is strak, massief en ongemaklik. Hierdie eienskappe gee ook 'n insig in die tydsomstandighede van die periode: die mens het homself nie gerief en weelde gegun nie. Alle ywer is op die kerk toegespits.⁵⁾

In die Renaissance-tydperk is stoele gemakliker gemaak deur stoffering. Sitplekke en rugleunings is gestoffeer en met

2) Ibid. p. 7.

3) tapvoeg = mortice and tenon joint.

4) Sien tekening 81.

5) Whiton, Sherrill: Elements of Interior Design and Decoration, p. 99.

ryk materiale soos fluweel en damask oorgetrek. Stoele is ook nie meer beperk tot belangrike persone nie. Hulle is egter nog strak wat die konstruksie betref, regop en gemaak sonder inagneming van menslike proporsies.⁶⁾

Die Barokstoel weerspieel die neiging tot oorversiering van daardie tyd. Baie houtsnee versierings en motiewe soos die „S“- en „C“-barokboë versier die stoelvorms. Stoele is groot en meer ingestel op vertoon as om te dien as sitmeubels. Stoele gee dus ook 'n insig in die tydsgees en modegrille van 'n tydperk.⁷⁾

Tydens die Rokoko-tydvak is stoele werlik gemaklik. Hierdie stoele is kleiner, soms geheel en al gestoffeer en daar kan gemaklik in hulle teruggeleun word. Vir die eerste keer na die Klassieke Griekse-tydperk is stoele volgens die vereistes van die menslike anatomie geskep. Ook in die opvolgende Neoklassieke-tydperk is dit die geval. Verskillende individuele stoelontwerpers tree op die voorgrond soos onder andere Chippendale, Hepplewhite en Sheraton in Engeland en Jacob en Riesener in Frankryk.⁸⁾

Die hedendaagse stoel is die produk van wetenskaplike navorsing met betrekking tot materiale en funksies. Dit word geskep om gemaklik te sit en die vorm moet voortvloeи uit hierdie funksie. Met betrekking tot die ontwerp toon die stoel tans dieselfde tendense as die hedendaagse ontwerp-prante soos byvoorbeeld die boukuns. In hierdie sin is die beste moderne stoelvorms 'n skepping van hulle tyd wat inpas by die hedendaagse kultuur en kuns.⁹⁾

6) Whiton, S.: op.cit., p. 124.

7) Ibid., p. 193.

8) Ibid., p. 203, 208.

9) Hayward, H.: World Furniture: Schaefer, prof. H.: "The Twentieth Century," p. 290.

Stoelvorms was in verskillende tye 'n duidelike weerspieëeling van die maatskaplike sisteem en rangordes van 'n bepaalde tydperk. So is die stoel, hoe eenvoudig dit ookal was, in die vroegste tye verbind met die status van die persoon wat dit gebruik. By primitiewe prehistoriese volke is dit net aan die stamhoof of medisyneman gegun om 'n sitmeubel te gebruik. Die onderdane moes op hulle hurke sit. 'n Klip of 'n stuk hout waarop die stamhoof gesit het, het aan die doel beantwoord en hom genoeg verhef om daarvandaan op sy onderdane neer te kyk. Hierdie klip was die voorloper van die koninklike troon van later tye.¹⁰⁾

'n Voortsetting van dieselfde gedagte word in later periodes gevind: 'n persoon van aansien moet uittroon bokant die gewone man. 'n Koning sit op 'n troon wat rus op 'n verhoog wat bereik word deur trappe wat daarheen lei. Die feodale landheer van die Middeleeue, sy familie en spesiale gaste sit op 'n verhoog (daïs) wat opgerig is aan die een kant van die Middeleeuse Groot Saal teenoor die musiek gallery.¹¹⁾

In die Middeleeue sit net 'n persoon van aansien op 'n stoel. Die gewone burger sit op 'n lae bankie. Vandaag word verwys na die voorsitter van 'n vergadering as die persoon wat „in die stoel“ is. In Engels is dit letterlik: chairman. Daar het dus tot vandag iets van die statuswaarde van 'n stoel oorgebly.¹²⁾

Die doel waarvoor die stoel gemaak word, naamlik om op te sit, het uit die aard van die saak deurgaans 'n mindere of meerdere rol gespeel. Die gemaklikheid van die sitposisie het gewissel namate die klem geval het op die funksionele of die suiwer

10) Gloag, John: op.cit., p. 4.

11) Whiton, S.: op.cit., illustrasie op p. 96. Die Middeleeuse Groot Saal.

12) Gloag, John: op.cit., p.5.

styl- of estetiese uitgangspunte. So is daar byvoorbeeld Oosterse stoelvorms wat duidelik wys hoe die mense sit. Oosterlinge soos die Sjinese, Japanese, Indonesiërs en Boediste sit gemaklik wanneer hulle bene in 'n horizontale posisie geplaas kan word. As voorbeeld kan die sitposisie van 'n Boedabeeld genoem word. Die invloed van hierdie sitposisie van Oosterlinge is te sien in die hoogte van die sitplek van 'n stoel vanaf die grond.¹³⁾ Vir die Westerling is so 'n sitplek baie laag. As voorbeeld dien die Hollandse 17de eeuse „vrouestoel” in Indonesië. Die stoel het 'n lae sitplek sodat die Hollandse vrou volgens die voorbeeld van die Oosterse vrou met haar bene onder haar ingevou kon sit.

Soms word die stoel nie soseer as sitmeubel gesien nie, maar as dekoratiewe element in 'n binnenshuise ontwerpskema.

Reeves sê byvoorbeeld:

"Sometimes architects and interior designers use chairs as part of schemes of house decoration, placing them in a position where they will strike the eye - one on each side of a doorway or window, for instance, or in other places where they may be sat in, as decorative objects or ornaments. But chairs used in this way cease to be furniture. It is a great pity that the decorativeness of chairs has occasionally influenced chair-makers to make chairs without regard to their use as such: so that they are intended only to be looked at, not sat in. Some of the chairs designed by the architect William Kent (1684 - 1748) must have been designed for decorative use alone, for they are extremely uncomfortable as chairs, they are really little pieces of architecture, of very pompous appearance."¹⁴⁾

13) Van de Wall, Dr. V.I.: Het Hollandsche Koloniale Barok-meubel, p. 81.


14) Reeves, D.: Furniture, an explanatory history, p. 107, 108.

Reeves wys verder op 'n paar ander aspekte wat 'n rol speel by die ontwerp van 'n stoel. "One of the most difficult pieces of furniture to make - both from the point of view of structure and of decoration - is the chair."¹⁵⁾ Hy sê vervolgens dat die stoel aan baie meer druk onderworpe is as enige ander meubeltipe. Die stoel moet redelik klein wees om die mens in 'n sitposisie te ondersteun, daarby moet die stoel baie sterk wees, sterk genoeg om die gewig van 'n persoon te dra en hierdie gewig is dikwels meer as die gewig van die totale inhoud van 'n kas. 'n Stoel moet ook redelik lig wees sodat dit maklik van een plek na 'n ander verskuif kan word. Daarbenewens moet die ontwerp van 'n stoel van so 'n aard wees dat die aansig van alle kante, ook van bo gesien, in elke oopsig geslaagd is. Kaste word gewoonlik teen mure geplaas en kan dus ontwerp word om net van voor waargeneem te word. Tafels weer, word meestal van bo af gesien en dit stel minder hoë eise aan die ontwerper wat die fyner detail betref. Daarbenewens neem stoele 'n intieme plek in 'n huis-houding in en moet dié nie slegs voldoen aan die fisiese gemak van persone nie, maar moet ook rekening gehou word met die gebruiker se huislike geluk en gevoel van eie waarde.



"The chair designer must solve problems of temperament, as well as problems of structure and appearance: plan chairs that will make people feel as natural and self-respecting in them as in the clothes they wear. A chair that seems structurally adequate and of inoffensive appearance may make the person who sit down in it look and feel awkward and ridiculous: the chair designer must foresee the positions which people will adopt in using the chair, and allow also for its use by persons of different size and bearing. Chairs can be so expressive of the people who use them that, examining the chairs used in a certain place, one often gets a fairly definite impression of the average look of the people who live there."¹⁶⁾

15) Reeves, D.: op.cit., p. 107.

16) Ibid., p. 108.



50. Middeleeuse Hollandse „schemel” saamgestel uit gedraaide spille. Die sitplek is driehoekig.



51 en 52. Vroeg 16de eeuse Engelse stoele opgebou uit gedraaide spille. („turned spindle chairs”.)

HOOFTUK I

I. HOLLANDSE STOELVORMS

'N KORT OORSIG OOR STOELVORMS IN HOLLAND VANAF DIE MIDDEL-EEUE TOT DIE BEGIN VAN DIE 19de EEU.

„Het meest kenmerkend in alle opvolgende stijlen is de vormverandering der zitmeubelen: de stoelen en banken, waarvan de bouw het eerst van alles de afspiegeling is van de zeden en gewoonten van een bepaald tijdvak en onmiddellijk verband houdt met den aard der woning en de verlangde gerieflikheid. Streng, eenvoudig, ongemakkelijk eintlik voor onze hedendaagsche begrippen, waren die stoelen en banken der 16de eeuw.”¹⁾

Die sitmeubel wat by uitstek tydens die Middeleeue in Holland gebruik is, is die sitbankie of schemel. Hierdie bankie bestaan aanvanklik uit twee soliede planke wat as voetstukke dien met 'n dwarsplank daar bokant waarop gesit is. Later is die twee soliede planke vervang deur drie of meer ronde pote wat op 'n draaibank gemaak is.²⁾ Die sitplek kan in hierdie geval drie-hoekig of reghoekig wees afhangende van die aantal pote. Verder is die sitplek of van soliede hout of van gevlegde rottang. In 'n nog latere ontwikkeling van die sitbankie is een van die drie pote van die bankie verleng om dan met behulp van 'n dwarsplankie 'n soort rugleuning te vorm. So 'n schemel met rugleuning dateer uit die tweede helfte van die 15de eeu. Die schemel kon vanweë sy ligte konstruksie maklik van die een vertrek na 'n ander verplaas word afhangende vanwaar hy as sitmeubel nodig was byvoorbeeld voor die vuurherd, by die bed, by die huisaltaar of rondom die eettafel.³⁾ Die schemel

-
- 1) Sluyterman, K.: Huisraad en Binnehuis in Nederland in vroegere eeuwen, p. 125.
 - 2) Van der Pluym, prof. W.: Vijf Eeuwen binnenhuis en meubels in Nederland, p. 22.
 - 3) Ibid., p. 22.

waarvan al die dele op die draaibank gemaak is,⁴⁾ kan gesien word as die voorloper van die Kaapse spilstoel wat ook bestaan uit gedraaide vorms. Die Kaapse spilstoel dateer uit die laat 17de eeu.

In die 16de eeu in Holland, dit wil sê tydens die vroeë Renaissanceperiode, is die stoel 'n meer algemene verskynsel as tydens die Middeleeue alhoewel dit nog geensins 'n gemaklike meubelstuk is nie. Die schemel kom nog baie voor, maar dit is nou met weelderige houtsneewerk versier.

'n Belangrike ontwikkeling is die stoel met vier pote en 'n rugleuning wat aan die einde van die 16de eeu voorkom. Dis gemaak volgens voorbeeld uit Spanje, Frankryk en Italië en staan bekend as 'n „Spaanse stoel”.⁵⁾

In die eerste helfte van die 17de eeu, die Nederlandse Laat-Renaissance, word die stoel die algemene sitmeubel. Die bank speel nie so 'n groot rol soos in die Middeleeue en vroeg 16de eeu nie en ook die schemel verdwyn op die agtergrond.

In die huis van die gewone burger kom 'n eenvoudige vierpotige stoel voor. Die pote hiervan is rond en op die draaibank gedraai en die sitplek is van gevlegde rottang. Die soort stoel kom vandag nog voor as boerestoel, kom-buisstoel of Brabantse stoel.⁶⁾

Die „Spuanse stoel” kom in die huis van die meer gegoede burger voor.⁷⁾ Die naam ontstaan as gevolg daarvan dat dergelike stoele reeds 'n tyd lank in Spanje, Portugal en

4) Sien tekening 50.

5) Van der Pluym: op.cit., p. 37.

6) Van der Pluym: op.cit., p. 57.

7) Ibid., p. 57.

Italië gemaak is. "No doubt the shape goes back to Spanish and Italian prototypes, but the details of the construction are original".⁸⁾ Die stoel het vier pote, 'n lae rugleuning en 'n sitplek wat of gestoffeer is of met leerwerk afgewerk is. Eers teen die middel van die 17de eeu word fluweel as stoffeermateriaal gebruik. Die bekledsel word op die houtsitplek aangebring en met koeihare opgestop. Groot koperspykers word gebruik om die bekledsel aan die raamwerk vas te sit.

Die pootvorms wat gebruik word, is beide kolompote en flesvormige gedraaide pote. 'n Nuwe pootvorm wat in die tyd, naamlik die Laat-Renaissance, in gebruik kom, is kurktrekker- of skroefvormige gedraaide pote. Hierdie pootvorm is met die hand uitgesny en lyk soos gevlegde koord.⁹⁾

Ook die spanstukke is kurktrekkervormig. Hierdie soort pote en spanstukke word teen die einde van die 17de eeu op 'n ovaalvormige draaibank gemaak. Houtsneewerk kom, behalwe vir leeukoppe bo aan die rugstyle en ander rugstylbekronings, baie selde voor.

Die tipiese vroeë 17de eeuse Hollandse stoel, die sogenaamde "Spaanse stoel", met sy reguit of gedraaide pote en sy leerbekleedsel vasgesit met koperspykers op die raamwerk, het 'n duidelike invloed op die Kaapse Laat 17de eeuse stoel.¹⁰⁾

Tydens die tweede helfte van die 17de eeu in Nederland het die mees algemene stoel 'n gestoffeerde rugleuning. Dit is die bloeitydperk van die handel en kuns en in die

8) Th. H. Lunsingh Scheurleer: op.cit., p. 56.

9) Van der Pluym: op.cit., p. 59.

10) Sien tekening 35.

meubels word die voorspoed weerspieël in ryk bekleedsels en glimmende oppervlaktes.

In hierdie tyd word die „Spaanse stoel” nog gemaak, maar word gekenmerk daardeur dat hy altyd kurktrekkerformige gedraaide pote en spanstukke het.¹¹⁾

In die laaste jare van die 17de eeu, ongeveer 1680-1700 kom daar 'n nuwe soort stoel in Holland voor. Die stoel het 'n hoë rugleuning wat ovaalvormig, reghoekig- of skildvormig kan wees en wat met rottangwerk ingevul is.¹²⁾ Rondom die rugleuning is baie houtsneewerk wat uit gekrulde vorms bestaan. Die pote van hierdie soort stoel is balustervormig of voluutvormig¹³⁾ en dui die Barok-tydperk in Holland aan.¹⁴⁾ Die voluut- of „S”-vormige voorpote is versier met akantblaar motiewe. Die pote word met 'n „H”- of „X”-spanstuk verbind. Tussen die voorpote kom dikwels 'n breë, plat, ryklik versierde voorsport voor. Na dié tipe stoel word verwys as die Hollandse 17de eeuse rottanrugstoel. Die voluut pote dui op Franse invloed. In Frankryk is die vorm gebruik as gevolg van Italiaanse invloed.¹⁵⁾

In die oorsig oor die Engelse stoele op bladsy 35 word verwys na 'n dergelike stoel tydens die Restourasie-tydperk (1600-1690). Daar is groot ooreenstemming tussen hierdie Engelse rottanrugstoel en die laat 17de eeuse Hollandse rottanrugstoel. Die vraag ontstaan dus waar die stoel dan eintlik sy oorsprong gehad het. Die invloed wat hierdie bogenoemde stoel op die Kaapse rottanrug „Tulbagh”

11) Ibid., p. 85.

12) Pearse, G.E.: Eighteenth Century Furniture in South Africa, fig. 7, p. 11.

13) voluut: 'n spiraal gekrulde vorm soos die in 'n Ioniese kapiteel.

14) Boger, L.A.: op.cit. fig. 85.

15) Van der Pluym: op.cit. p. 85.

stoel gehad het, kom waarskynlik vanaf Holland vanweë die vroeë datum van die Tulbaghstoel uit die vroeë 18de eeu. Dit is egter volledigheidshalwe tog nodig om te probeer vasstel of Engeland of Holland hierdie stoel laat ontstaan het.¹⁶⁾

Symonds wys op die groot ooreenkoms tussen Hollandse- en Engelse meubels van die sewentiende- en vroeë agtiende eeue. Die rede hiervoor, sê hy, is daarin te vind dat die twee lande geografies naby mekaar geleë is, dat beide seevarende nasies is met "a certain racial resemblance in character between the two".¹⁷⁾ Wat die kunste betref was Holland, Frankryk en Italië altyd die toonaangewende lande, "in every branch of art England has followed, sometimes critically, always slowly, and generally grudgingly,¹⁸⁾ the initiative and example set by these nations." Karel II van Engeland was gedurende die laaste gedeelte van sy ballingskap in 1658 voor hy Koning van Engeland geword het in Holland. As gevolg hiervan is daar 'n gedurige verkeer van aanhangers van die koningshuis in Engeland na en van Holland in hierdie tydperk. Toe Karel II in 1660 na Engeland terugkeer bring hy nuwe idees in verband met kuns, versiering en meubels vanaf Holland. Aangesien okkerneuthout in die later 17de eeu in Holland veelvuldig as meubelhout gebruik is, word ook in Engeland die voorbeeld gevolg want in die laat 17de eeu is daar sterk Hollandse kunsinvloed op Engeland. Vanaf 1660 tot 1700 dra Engelse okkerneuthout meubels en Engelse inlegwerk-meubels (marquetry) 'n onmiskenbare Hollandse invloed. Vanaf 1700 tot die einde van die okkerneuthoutperiode in 1745 is die invloed van Holland op Engeland minder merkbaar.

16) Symonds, R.W.: "A comparison between English and Dutch Walnut and Marquetry furniture", The Connoisseur, Oct. 1923, p. 71.

17) Ibid., p. 71.

18) Ibid., p. 71.

Die ovaalvormige rottang rugpaneel kom volgens Symonds meer dikwels in die Hollandse stoel voor as in die Engelse Karel II stoel, waar die rottangrugpaneel meestal langwerpig is. Hierdie ovaal rugpaneel word weer teruggevind in die Kaapse Tulbagh stoel. Daar bestaan 'n voorbeeld waar die rugpaneel van 'n Tulbaghstoel effens neig om reghoekig te wees,¹⁹⁾ maar dis selde dat 'n reghoekige rottang rugpaneel by die Kaapse Tulbaghstoel voorkom.

Tydens die 18de eeu kom in Holland 'n tipe stoel voor wat geen verband toon met enige voorafgaande Hollandse stoele nie. Dit is die sogenaamde Burgemeesterstoel wat rondom 1700 in Holland sy verskyning maak. Hierdie stoel is gemaak onder die invloed van die Oosterse „Koningsstoel“ as gevolg van Nederlandse betrekkinge met die Ooste deur middel van handel en die stigting van die Nederlandse Oos Indiese Kompanjie. Hollanders wat van 'n dienstermyne in die Ooste terugkeer na die Vaderland bring idees vanaf die Ooste mee. Die Koningsstoel of Burgemeesterstoel in Holland is 'n voorbeeld hiervan. Die stoel is opgebou op 'n sirkelvormige raamwerk en die rugleuning is halfsirkelvormig.²⁰⁾ Dergelike stoele word aan die Kaap gemaak tydens die begin en middel van die 18de eeu.

Rondom 1735 maak die baluster- en voluutpote plek vir die cabriole of boogpoot wat in Holland 'n knotspoot genoem word.

In hierdie tyd kom ook die bal-en-kloopoot voor en word in een vorm saam met die boogpoot gebruik. Langsamerhand verval die spanstukke by hierdie vorm van poot. Die boog-

19) Atmore, Dr. M.G.: op.cit. p. 146, Fig. B5.

20) Sien „Koningsstoel“ op bladsy 56 vir 'n volledige beskrywing van hierdie stoel.

pote met bal-en-klou pootbeëindiging is 'n Sjinese invloed wat weereens as gevolg van handelsbetrekkinge met die Ooste na Holland kom.²¹⁾

Aan die begin van die 18de eeu is die rugleunings van stoele aan die bokant gebuig en loop aaneen met die rugstyle. In die middel kom 'n vaasvormige ruglat²²⁾ voor wat op verskillende wyses uitgesny of versier kan wees.²³⁾ Hierdie stoel is die voorloper van die Queen Anne Engelse stoele van 1702. 'n Voorbeeld van 'n Queen Anne Engelse stoel is te sien in die Victoria en Albert museum.²⁴⁾

Queen Anne Engelse stoele en Hollandse stoele van dieselfde aard soos hierbo na verwys, lyk met die eerste oogopslag baie eenders, maar daar is tog opvallende verskille.

"Alhoewel die Hollandse stoele dieselfde ruglat en boogpote het as die Engelse Queen Anne stoele, kan die twee vorms maklik uitmekaar geken word. Die Hollandse model het 'n smaller rug en sitplek en die sitplekraam is meer gefatsoeneer as die Engelse stoel s'n. Die Hollanders het voorkeur gegee aan inlegwerk (marquetry) as versiering op hierdie stoele en het elke deeltjie van sommige stoele daarmee versier terwyl dié soort dekorasie baie min op die Engelse Queen Anne stoel aangewend is. By laasgenoemde stoele is dit meestal beperk tot die ruglat".²⁵⁾

Die Kaapse Queen Anne stoel stem in dié opsig meer ooreen met die Engelse prototipes daarin dat die Kaapse model ook selde inlegwerk het. Inlegwerk of marquetry is oor die algemeen baie selde op stoele aan die Kaap gedoen.

21) Van der Pluym: op.cit., p. 121.

22) splat in Engels.

23) Van der Pluym: op.cit., afbeelding 144, p. 123.

24) Katalogus van Victoria en Albert museum, plaat 46.

25) Symonds, R.W.: "A comparison between English and Dutch Walnut and Marquetry Furniture", The Connoisseur, Oct. 1923, p. 78.

Die sitplekreling van die Engelse Queen Anne stoel is sowel gefatsoeneer aan die binne- as aan die buitekant om 'n elegante geboë vorm daaraan te gee in aansluiting met die geronde vorms by die rugstyle en sentrale ruglat. Die Hollandse stoel se sitplek is gewoonlik nie aan die binnekant gefatsoeneer nie en in gevalle waar dit tog gevorm is is dit baie dik, wat 'n swaar en lomp effek tot gevolg het.²⁶⁾ Die Kaapse Queen Anne stoelsitplek is gewoonlik nie gefatsoeneer nie, behalwe in een geval.²⁷⁾

Later in die eeu lyk die Hollandse stoele baie soos die Franse Lodewyk XV-Rococo en Lodewyk XVI-Neo-Klassieke stoele.²⁸⁾ Die rede vir die sterke Franse invloed in Holland is toe te skryf aan die werk en invloed van talle Franse Hugenote wat reeds in 1685 na die herroeping van die Edik van Nantes na Holland gevlug het. Die bekendste en invloedrykste van hierdie kunstenaars is Daniel Marot.²⁹⁾

Later tydens die 19de eeu is dit weer die Franse Empire-styl wat in Holland nagevolg word.³⁰⁾

Dit is duidelik dat Hollandse stoelvorms 'n direkte invloed gehad het op die vorming van veral die vroeë Kaapse stoele. Hier is dit veral die Hollandse 17de eeuse rottang rugstoel wat die voorloper van die Tulbaghstoel was, die Burgemeesterstoel wat die Kaapse Koningsstoel beïnvloed het en die sogenoemde Kaapse Queen Anne stoel wat die uitvloeisel was van die vroeë 18de eeuse Hollandse Queen Anne stoel asook van die Engelse Queen Anne stoel van 1702.

26) Ibid.: Junie 1925, p. 83.

27) Pearse: op.cit., fig 64.

28) Sien bladsye 23 en 25.

29) Daniel Marot: sien bladsy 36.

30) Die Franse Empire-styl word volledig bespreek op bladsy 27.

Tot dusver is daar in vakliteratuur nie genoeg klem gelê op die werklike groot invloed wat Nederland gehad het op die Kaapse meubelvorms, ook wat die stoele betref nie. Dit is ook waar dat teksboeke wat 'n oorsig gee oor Europese meubelkuns gewoonlik 'n veel kleiner ruimte afstaan aan die meubels van die Laelande as sou hierdie land se invloed baie geringer wees as byvoorbeeld dié van Engeland. Dit is dus opmerklik dat 'n Engelse meubelkenner soos R.W. Symonds in genoemde artikel die bekentenis maak dat Engeland meermale 'n navolger was van Holland, asook van Frankryk en Italië. Hy verwys spesifiek na die Hollandse 17de eeuse rottangrugstoel, in Engeland die Restoration-stoel, en die Queen Anne-stoel wat in Holland hulle oorsprong het.³¹⁾


Uit voorgaande is dit af te lei dat die Kaapse Tulbaghstoel meer waarskynlik deur Hollandse invloed ontstaan het as deur Engelse invloed. Dit is beide daaraan toe te skryf dat Holland in die tyd van die oorsprong van die Tulbaghstoel nog die oorheersende Europese invloed aan die Kaap was, maar tegelyk ook daaraan dat hierdie stoel baie eie aan die Hollandse volk was aangesien die stoel in Holland eerste gevind word. Atmore dui dit nie duidelik genoeg aan nie. Maar hy sê wel "a number of typical English examples (van die Karel II of Restourasie-tydperk stoele) from the 17th Century with the characteristic crown motif in the carving are found in South Africa but it is unlikely that they were brought here in the 17th Century when they were fashionable. It is more likely that they were imported much later as antiques".³²⁾

31) Sien bladsye 35 en 37.


32) Atmore, M.G.: Cape Furniture, p. 62.



23. „Caquetoire”



24. Middeleeuse troonagtige stoel met Renaissance versiering op rugleuning. Gotiese plooipaneelversiering kom voor op die voorste panele




25. Stoel met gestoffeerde rugleuning en sitplek. „Chaise à vertugadin”.



26. Louis XV Bergère.



27. Louis XV systoel



30. Louis XVI pootvorm



32. Empire stoel



28. Louis XVI „fauteuil”



29. Louis XVI systoel



31. Louis XVI Bergère

ONTWIKKELING VAN DIE FRANSE STOEL
vanaf Middeleeue tot Empire tydperk

vanaf Middeleeue tot Empire tydperk

2. FRANSE STOELVORMS

ONTWIKKELING VAN DIE STOEL IN FRANKRYK VANAF DIE MIDDLEEUE TOT DIE EMPIRE-TYDPERK (16de TOT 19de EEU)

Soos in die ander Noord-Europese lande is alle kuns, en dus ook die meubelkuns, tydens die Middeleeue in Frankryk hoofsaaklik religieus van aard. Meubels vir huislike gebruik is baie min. Die mense se skeppingskrag en belangstelling is in die eerste plek toegewy aan die kerk.

Pragtige kerkbanke en preekstoole is uit hout gemaak en versier met houtsneewerk en houtbeeldsnywerk.

In die huishouding is die kis die belangrikste en allesoorheersende meubelstuk. Dit dien as bergplek vir klere en waardevolle besittings, maar dit dien ook tegelyk as sitplek, tafel en bed. Sitmeubels is baie primitief en bestaan meestal uit bankies (stools).

'n Voorbeeld uit die twaalfde eeu van 'n spilstoel kom voor op 'n klip reliëf by Chartres Katedraal. Die stoel is saamgestel uit spille wat op 'n draaibank gemaak is.¹⁾

Daar is hoofsaaklik drie soorte sitmeubels in die Middel-eeuse Frankryk naamlik die faudesteuil (voustoel), 'n X-vormige stoel wat sy oorsprong het in die Romeinse voustoel, die banc wat eintlik 'n kis is wat voor die vuurherd staan en nie verskuif word nie en die chaire. Laasgenoemde het 'n troonagtige belangrike voorkoms, is onverskuifbaar en baie ongemaklik om op te sit.²⁾

Die Franse Renaissance-tydperk kan verdeel word in die volgende periodes:

-
- 1) Gloag, John: The Englishman's Chair, plaat 10.
 - 2) Aronson: The Encyclopedia of Furniture, p. 76.

die vroeë Renaissance- of Frans I-tydperk (1515-1547)
die Hendrik II-tydperk (1547-1589) (Laat Renaissance)
en die Lodewyk XIII-tydperk (1589-1643).³⁾

Die meubels van die Frans I-tydperk toon Italiaanse Renaissance versieringsvorms geforseerd en ondeurdag gebruik op 'n Gotiese struktuur. Dis 'n oorgangsstadium.

Die stoel uit hierdie tydperk het nog die Gotiese massiewe kisagtige vorm, maar is versier met houtsneewerk waarvan die ontwerp oorgeneem is van Italiaanse Renaissance-motiewe, byvoorbeeld pilasters, arabesks en griffioene.⁴⁾

Teen die middel van die 16de eeu, die Hendrik II-tydperk, word die stoel liger van aard en 'n regop reghoekige armleunstoel word gebruik. Hierdie stoel is strak en eenvoudig in vorm en het min versiering. Die stoel is of geheel en al uit hout gemaak of dit het 'n gestoffeerde sitplek en rugleuning.

'n Baie kenmerkende Franse meubelstuk tydens die Hendrik II-tydperk is die caquetoire.⁵⁾ Dis eintlik 'n vrouestoel, chaise de femme, en die wye sitplek is so ontwerp om aan te pas by die oordadige vrouekleredrag van die tyd.⁶⁾

In dié tyd kom verder nog voor die chaise à vertugadin. Die term word gebruik vir 'n stoel sonder armleunings, 'n sy-stoel. Hierdie stoel het 'n reghoekige vorm met 'n gestoffeerde rug en sitplek. Dit stem ooreen met die Engelse farthingale stoel.⁷⁾

3) Ibid., p. 78.

4) Sien tekening 24. arabesks = arabesques, griffioene = griffins.

5) caqueter: om te gesels.

6) Tekenning 23.

7) farthingale stoel: 'n stoel sonder armleunings ("rugstoel") met 'n bree sitplek. Kom voor aan die einde van sestienda eeu in Engeland. Sien tekening 25.

22/....

Die chauffeuse wat ook in die 16de eeu ontwerp is, is 'n houtstoel wat gekenmerk word deur sy baie lae sitplek. Dit is veral gebruik deur 'n moeder of kinderoppasser om gemaklik laag te sit naby alles wat sy wil bykom in die versorging van die klein kind of baba. In die Kaap kom ook 'n lae stoel voor, in verskillende stylvorms, wat spesifiek vir die gebruik van 'n vrou gemaak is en dus in sy doelstelling ooreenstem met hierdie vroeë Franse stoelsoort.

Baie tipies van die Lodewyk XIII-tydperk is die regop gestoffeerde stoel waarvan die arms en pote en verbinding uit gedraaide vorms bestaan. Die stoelsoort kom ook as 'n sy-stoel voor.

Lodewyk XIV (1643-1715) en sy Versailles paleis verpersoonlik die Barok-tydperk in Frankryk. Waar daar tydens die Renaissance-periodes nog baie vreemde strominge in die kunste te bespeur is soos die Italiaanse Renaissance vorms gemeng met Hollandse- en Vlaamse invloede, is die Lodewyk XIV-styl die eerste van die suiwer Franse style. In die Lodewyk XIII-tydperk is die sogenaamde Vlaamse poot wat vol krulle is gebruik. Tydens Lodewyk XIV se tydperk oorheers reghoekige vorms in meubelontwerp en waar geboë lyne verlang is, is kompas krulle gemaak, nie vryhandkrulle nie.

Die Régence-tydperk (1700-1730) is die naam wat gegee word aan die tydvak tussen die Lodewyk XIV- en Lodewyk XV-periodes. Stoelle word grasieus en gemakliker, kleiner en lichter. Die gestoffeerde rugleuning is nou laer as in die Lodewyk XIV-tydperk en die raamwerk is soms sigbaar en met houtsneewerk versier.

Die Rococo-tydperk in Frankryk (1730-1760)⁸⁾ begin reeds in die Régence-periode, maar word eintlik gekoppel aan Lodewyk XV wat regeer vanaf 1723 tot 1774.

Die grootte van meubels en geboue is in die Rococo-tydperk baie kleiner as in die Lodewyk XIV-periode. Wat ontwerp betref, val die klem op vryhand kurwes.

Die woord Rococo is afgelei van die Franse woorde rocaille en coquille.⁹⁾ 'n Baie hoë standaard is in die meubelkuns bereik in hierdie tydperk. Groot tegniese vooruitgang in die maak van meubels is sigbaar en klem val op die gemak van meubelstukke. Rococo-stoele is ontwerp om aan te pas by die anatomie van die menslike liggaam in 'n gemaklike sitposisie en hierdie stoele is in die oogsig baie geslaagd. Wanneer in 'n Rococo-stoel gesit word, kan die sitter agteroorleun en sy voete raak die grond op 'n gemaklike wyse. Stoele is in 'n groot verskeidenheid van vorms ontwerp en elke vorm is ontwerp om die maksimum gerafieerd vir die sitter te verseker. Elke lyn in die ontwerp is dié van 'n vryhand boog.¹⁰⁾ Die raamwerk van die stoel is volkome sigbaar en elke onderdeel van die stoel vloeï ononderbroke oor in die ander dele. Die raamwerk is versier met uitgesnyde blom- en blaarmotiewe. Die versierings is gewoonlik bo in die middel van die rugleuning en voor in die middel van die sitplekraam, asook op die buizing van die boogpote.¹¹⁾ Geen ander pootvorm as die boogpoot is in die Rococo-tydperk gebruik nie. Stoele is of gestoffeer of in rottang afgewerk of in 'n kombinasie van rottang en stoffering gemaak. Die houtwerk van die

8) Whiton: op.cit. p. 182.

9) rocaille: rotse, kunsmatige grotte; coquille: skulp. Sien Whiton: op.cit., p. 194.

10) Ibid.: p. 196.

11) Sien tekening 27.

gestoffeerde stoele is meestal verguld of geverf. Dit kan ook met lakwerk afgewerk wees. Tog is baie van dié stoele in natuurlike hout afwerking gelaat. Die rottang Rococo-stoele is veral gebruik as eetkamerstoele. 'n Belangrike kenmerk van die stoele is dat armkussinkies altyd op die armleunings voorkom, ook in die geval van rottangstoele.¹²⁾ Die Franse Rococo-stoele het 'n baie sterk invloed gehad op die Kaapse Lodewyk XV-stoelvorm.

Die rugleunings van die fauteuil, 'n stoel met oop armleunings, is ontwerp in verskillende vorms. Die medaljon- en ovaalvormige rugleunings is veral gebruik. Die ontwerp van hierdie soort stoel sonder armleunings, die Lodewyk XV-sy-stoel, stem presies ooreen met die Lodewyk XV-armleunstoel.

Die Lodewyk XV-bergére is 'n besonder gemaklike armleunstoel. Die bergére word gekenmerk deur sy toe-armleunings,¹³⁾ gestoffeerde armleunings en los kussings op die sitplek. Dis die mees karakteristieke sitmeubel uit hierdie tyd.¹⁴⁾

Die chaise en coignure is 'n hoekstoel.¹⁵⁾ In die Lodewyk XV-styl het dié stoel 'n geboë raamwerk en in die middel van die sitplek voor is 'n boogpoot. Hoekstoele word gebruik by skryftafels en by spieeltafels. In hierdie gevalle is die hoekstoele nie altyd gestoffeer nie, maar soms met rottang afgewerk.¹⁶⁾ Die sitplek van so 'n stoel is halfsirkelvormig en sy naam het hy daaraan te danke dat hy gemaklik in 'n hoek kan staan deur die sondere plasing van sy pote.¹⁷⁾

12) Boger, L.A.: op.cit., p. 130.

13) Aronson: op.cit., p. 83.

14) Sien tekening 26.

15) Boger: op.cit., p. 132

16) Sien tekening 64.

17) Hayward, Helena: World Furniture, no. 402.

In verband met die Rococo sê Philip: "the emphasis is always on sinuous lines - indeed, it is often difficult to find a straight one in the entire composition of a piece of Louis Quinze. The utmost skill was needed for such work, and the leading cabinetmakers were able to demand high prices."¹⁸⁾

Die belangrikste meubelman van die Rococo-tydperk was J.F. Oeben wat in 1754 aangestel is as ébéniste du roi (hof meubelman).¹⁹⁾ Hy is opgelei in sy kuns deur André Charles Boulle, hofmeubelman van Lodewyk XIV. Oeben is weer die leermeester van J.H. Riesener wat in die Lodewyk XVI-tydperk die hofmeubelman sou word.

Tydens die regering van Lodewyk XVI (1774-1789) kom daar 'n reaksie teen die vryhand geboë vorms van die Rococo. Die krulle is so oormatig gebruik dat ontwerpers daarvoor moeg geword het. 'n Terugkeer na kompas boë vind plaas na die opgrawings by Pompeii in 1755.²⁰⁾ Die geboë lyne in meubelontwerp word vervang deur reguit lyne in die Lodewyk XVI-tydperk wat ook bekend staan as die Franse Neo-klassieke tydperk. Laasgenoemde benaming verkry die periode as gevolg van die herlewing van die klassieke argitektoniese ordes.²¹⁾

Stoele van die Lodewyk XVI-tydperk kontrasteer veral duidelik met dié van die Lodewyk XV-periode. Al die boë verdwyn en in plek daarvan is suiwer geometriese vorms: rugleunings is vierkantig of ovaal. As armleunings gebruik is, is die armstutte na vore geplaas as 'n natuurlike verlenging van die stoelpote. Stoel raamwerke is byna altyd geverf of verguld maar is ook soms in die natuurlike mahonie gelaat".²²⁾

-
- 18) Philip, P.: Antique Furniture for the Smaller home, p.85.
19) Boger: op.cit., p. 122.
20) Whiton: op.cit., p. 202.
21) Whiton: op.cit., p. 203.
22) Philp, P.: op.cit., p. 116, 117.

'n Belangrike verskil tussen die Lodewyk XV-stoel en Lodewyk XVI-stoelvorm is te sien in die pootvorm. By eersgenoemde stoel is die pootvorm die boogpoot en by die Lodewyk XVI-stoel²³⁾ is die poot regaf, sonder enige buiging. Die regaf poot is taps gevorm, dit wil sê die poot word smaller na onder en is rond of vierkantig in deursnee.²⁴⁾ Die oppervlakte van die pote is verryk met vertikale- of spiraal groefversiering. Bo aan die poot is altyd 'n vierkantige blokvormpie waarop 'n uitgesnyde rosette voorkom.²⁵⁾ Die sitplekrame het sykante met reguit- of elliptiese vorm.

Die Lodewyk XVI-fauteuil het of 'n ovaalvormige- of 'n reghoekige rugleuning.²⁶⁾

Die gestoffeerde bergére is in hierdie tydperk (Lodewyk XVI) reghoekig in vorm. Ook die sitplek van hierdie stoel is reghoekig.²⁷⁾

Die rottang skryftafelstoel of -hoekstoel van die Lodewyk XVI-tyd lyk net soos die Lodewyk XV-soort behalwe dat die Lodewyk XVI-model reguit pote het en 'n sirkelvormige sitplek. Beide die Lodewyk XV- en Lodewyk XVI-systoele vind baie navolging in die Kaapse Hugenotestoele van die laat 18de eeu. Die fauteuil-soort kom ook voor aan die Kaap en die hoekstoele uit die twee tydperke het invloed op die Kaapse „Huguenote“ baliestoele.

Die Directoire-meubels, (1789-1804) toon elemente wat aan die ou Griekse meubelkuns ontleen is. Dit sluit in die

23) Sien tekeninge 28 en 29.

24) tapse pote = tapered legs.

25) Sien tekeninge 28 en 30.

26) Sien tekening 28.

27) Sien tekening 31.

die Griekse vorm van stoelrugleuning. Een voorbeeld van so 'n rugleuning is die teruggebuigde rugvorm²⁸⁾ en ook die Klismosrugleuning.²⁹⁾ Die Klismos is 'n stoel wat deur die Grieke tot 'n baie fyn en doeltreffende stoelvorm ontwikkel is. So 'n stoel is te sien op die grafsteen van Xanthippos uit die jaar 430 v.C.³⁰⁾ Die stoel bestaan uit 'n konkawe rugleuning, uitgeskuinsde agterpote wat aaneenloop om die rugstyle te vorm. Die voorpote is na vore uitgeskuins.³¹⁾

By die bergère soort Directoire-stoel is die rugleuning konkaaf soos dié van die Klismos en eindig die armleunings dikwels in gestileerde swaanmotiewe.³²⁾ Mahonie hout is meestal gebruik in die Directoire tydperk.

Met die Empire-periode (1804-1820) in Frankryk word bedoel die regeringstyd van Napoleon I (1804-1815). Die styl is hoofsaaklik geskep deur Napoleon se twee argitekte, Percier en Fontaine.³³⁾ Hulle was vurige ondersteuners van die klassieke oudheid en hulle entoesiasme vir veral Griekse vorms spreek duidelik uit die Empire-meubels.

Die Empire stoelontwerpe toon heelwat variasie. Die rugleunings was of reghoekig en plat, of teruggebuig (soos hierbo beskryf) of konkaaf soos dié van die Klismos. Diervorms en klein mens kopstukke (soos sfinkse) kom voor op die meubels in die vorm van brons gietse.³⁴⁾

'n Vorm van armleuning wat in die Franse Empire-tyd ontstaan het, is armleunings wat oorgaan in en rus op groot volute in

28) Boger, A.L.: op.cit., no. 201.

29) Gloag, J.: The Englishman's Chair, plaat 7.

30) Ibid.: plaat 7.

31) uitgeskuinsde: splayed feet, scimitar legs.

32) Boger, L.A.: op.cit., no. 202.

33) Percier, Charles (1764-1838) en Fontaine, Pierre Francois-Léonard (1762-1853) is beide argitekte sowel as ontwerpers wat gesamentlik verantwoordelik was vir die ontstaan van die Empire-styl in Frankryk.

34) Sien tekening 32.

plaas van gewone armstutte. 'n Engelse navolging hiervan is te sien op 'n Engelse Regency-stoel in die Victoria en Albert museum.³⁵⁾ Die Franse Empire-styl kom deur middel van Engeland na die Kaap. Stoelontwerpe in dié styl word verkeerdelik alles onder Kaapse Sheraton geklassifiseer. Die voorpote van Empire-stoele is soms gemaak in die vorm van gevleuelde diere met kloue vir pote. Dis bekend as griffioene in die Griekse en Romeinse tydperke en is te sien op Romeinse klip meubels uit die eerste en tweede eeu v.C.³⁶⁾ 'n Ander pootvorm wat voorkom is vierkantige pilare wat eindig in brons dierkloue. Uitgeskuinsde voorpote is eers later in die Empire-tydperk gebruik vanaf ongeveer 1811.

-
- 35) Katalogus van die Victoria en Albert Museum, no. 118 en tekening 80.
- 36) Schmitz, Dr. H.: The Encyclopedia of Furniture, p. 18 en 19.

5. en 6. Middel Georgiaanse stoele.



1. „Wainscot chair”




2. Middeleeuse bankie
("stool")







3. Restoration (Charles II) stoel. 1680.



8. Chippendale rug-leuning.



4. Queen Anne stoel. 7. Chippendale leer rug stoel.





9. Franse invloed in Chippendale stoel

10. Chippendale stoel.
Ribband back".



11. Sheraton stoel


12 en 13. Hepplewhite stoele met skildvormige rugleunings





14. Chippendale stoel
met Gotiese invloed
in ruglat



15. Regency stoel



16, 17 en 18 Sheraton rugleunings: lierrug, vaas-vorm rug.



19. Regency stoel



20, 21 en 22. Hepplewhite rugleunings: Kameelrug,
Ovaalrug en Hart-rug.

ENGELSE STOELONTWERPE

3. DIE ONTWIKKELING VAN DIE STOEL IN ENGELAND VANAF DIE MIDDELEEUE TOT DIE VICTORIAANSE TYDPERK. + 1300 TOT 1900

Daar word algemeen beweer dat wonings tydens die Middel-eeue, 1300-1550, baie eenvoudig en met die minimum van meubels ingerig is. R.W. Symonds probeer hierdie opvatting weerlê: "It is generally believed that, for several centuries after the Norman Conquest, the English people lived in primitive conditions. There was nothing, we are told, between the castle and the shack, and the furniture, such as it was, was rough and 'very scanty'.

It is unlikely that conditions were as rough as this in Engeland even in The Dark Ages; the heritage of Saxon culture would have made life more tolerable. And how can we persuaded that a people whose craftsmanship permitted them to wear finely wrought jewellery and embroidery and who could build stone cathedrals and churches, and timber-framed houses richly decorated by the sculptor and wood-carver, were incapable of making anything but the crudest furniture and had therefore to sit and sleep in discomfort."¹⁾

Die waarheid lê eintlik tussen die twee uiterstes, naamlik die stelling dat min gerief in die burgerhuise voorgekom het en Symonds se bewering dat die lewe hoogs verfynd en gemaklik was.

As mens daaraan dink dat 'n permanente tafel iets onbekends was in hierdie tyd, en 'n boktafel (trestle table) met maaltye ingedra moes word en dat daarop die minimum eetgery voorgekom het, is die slotsom dat heelwat verfyning kortgekom het.

1) Symonds, R.W.: "Domestic comfort in the Medieval Home - an illusion dispelled," The Connoisseur, Junie 1951, p. 40.

Stoelle is hard, massief en baie ongemaklik, met uitsondering van die X-vormige leersitplekstoel. In latere periodes is baie verbeterings wat gemaklike sitmeubels betref aangebring.

Die pragtig versierde kerkbanke van die Middeleeue toon dat veel meer tyd en aandag gegee is aan die maak van kerktoerusting as aan huismeubilering. Op die hoërug-stoel in die burgerlike huis kom 'n eenvoudige plooipaneel versiering (linenfold) op die panele voor.

"In the medieval home there were three main types of seating: the fitted wall bench which left a considerable area of space in the room and used the wall as a rest for one's back, the settle and the chair the settle was moveable and could be placed anywhere. Its usual position seems to have been in front of the chimney piece Numerous examples of this design of settle are depicted in German and Flemish manuscripts, but it was undoubtedly as familiar in England. In English inventories of the Fifteenth Century a 'long settle' is not an uncommon item..."

The third type of seating in the medieval home, apart from stools and forms, was the chair. The term 'chair' meant an armchair, and this is applied to all chairs until the Seventeenth Century when the single chair or 'back-stool' came into use. There were various types of chairs, according to the craftsman who made them: a joiner's chair, a turner's chair and a coffermaker's, or upholsterer's chair."²⁾

Die skrynwerkersstoel (joined chair) van die 14de- en 15de eeu in Engeland is 'n hoërug-stoel met 'n kisvormige sitplek en soliede arms gevorm uit 'n konstruksie van swaar planke.

2) Symonds: op.cit., p. 43.

31/.....

'n Ander soort skrynwerskersstoel is een met 'n ronde rug wat rus op pote. Die stoel is laer as die „kis stoel” en baie liger. Dan is daar ook die stoel bestaande uit gedraaide spille wat drie of vier gedraaide pote het. Dit is die turner's chair. Dié stoel was nog liger want in plaas van 'n soliede rug, soos die twee hierbo bespreek, het laasgenoemde stoel 'n rug wat bestaan uit gedraaide spille.


Skrynwerskers het ook nog 'n verdere stoelvorm gemaak naamlik een met 'n oop raam sitplek en rugleuning wat bestaan uit twee regop style waartussen leer gespan is. Die sitplek is ook van leer wat aan twee kante van die raamwerk vasgespyker is. Die vroegste vorm van hierdie sitmeubel het 'n X-vormige raamwerk.

In die Middeleeue sit die huisheer en sy vrou dus op die swaar, moeilik verskuifbare, hoërug-stoele. "Settles, benches and stools were the ordinary seats, while chairs were regarded as symbols of authority reserved for the master of the house and distinguished guests Down to early Georgian times a rigorous etiquette governed the use of chairs on ceremonial occasions at Court."³⁾ Die ondergeskiktes van die huishouding sit op spilstoele.

Daar is in Middeleeuse Engeland geen systoele, dit wil sê, stoele sonder armleunings, nie.

Die konstruksiemetodes gebruik deur die skrynwerskers was hoofsaaklik die geraamde paneel en tapvoeg (mortice and tenon joint). Stoelle wat op die draaibank gemaak is en wat bestaan uit gedraaide spilletjies kom tydens die

3) Edwards, Ralph: English Chairs, Katalogus van Victoria en Albert Museum, p. 1.



53.

Stoel in die Victoria en Albert Museum om 'n verdere ontwikkeling van die spilstoel aan te toon. Die stoel is saamgestel uit spilgedraaide en tolgedraaide dele. Die stoel is afkomstig uit Skandinawië en dateer uit die 17de eeu.

Middeleeue en Vroeg-Renaissance in Engeland baie voor. Sulke stoele dateer vanaf die 14de eeu. In die heel eenvoudige vorm het 'n spilgedraaide stoel 'n driehoekige sitplek gehad en by elke hoek was 'n regop gedraaide sport in die sitplek van die stoel ingevoeg. Die rugkant se sport was die hoogste en het 'n dwarsbalkie ondersteun en die ander twee sporte het die armleunings ondersteun wat uit tol-draaiwerk bestaan het (bobbin turning).

Die pote is verbind deur spanstukke en voor het twee vertikale spille die spanstuk met die sitplek verbind.⁴⁾ So 'n spilstoel is die voorloper van die latere geheel gedraaide of turned-all-over stoel van die 17de eeu soos die voorbeeld in die Victoria en Albert museum.⁵⁾ Laasgenoemde stoel is saamgestel uit 'n menigte spil- en tolgedraaide dele.⁶⁾

Hierdie soort stoele het 'n verwantskap met die Kaapse spilgedraaide stoele daarin dat al die dele van die stoele op 'n draaibank gemaak is. Aangesien die Kaapse voorbeeld dateer onder die heel vroegste Kaapse stoele, naamlik vanaf die einde van die 17de eeu, kan daar nie sprake wees van Engelse invloed in die vorming van die Kaapstoel nie. Die Hollandse schemel⁷⁾ van dieselfde tyd as die vroegste Engelse spilstoel toon egter groot ooreenkoms met die vroeë Engelse vorm. Die Kaapstoel het dus wel sy oorsprong in die voorbeeld uit die Lelande, (Hollandse invloed was oorheersend in die Kaap aan die einde van die 17de eeu). Engelse-, Hollandse- en Kaapse

4) Sien tekening 51 en 52.

5) Edwards, Ralph: English Chairs, Katalogus van die Victoria en Albert museum, no. 15. Die stoel kom egter uit Skandinawie en is nie Engels van oorsprong nie.

6) Sien tekening 53.

7) Sien tekening 50.

spilstoele is dus uit dieselfde elemente opgebou, naamlik eenhede wat op die draaibank gemaak is. Nog die Hollandse nog die Kaapse vorms het egter ooit die hoogs ingewikkeldheid van die Engelse latere turned-all-over stoel bereik.


Een van die eerste tekens van 'n poging tot meer gemak vir die gewone burger, is die skep van 'n stoel met 'n rugleuning. Dit dui die vroeë Renaissance (1550-1630) in Engeland aan. Dit is 'n „rug-stoel” genoem en was eintlik net 'n bankie (stool), soos hierbo tydens die Middeleeuse tydperk na verwys is, met 'n rugleuning daaraan toegevoeg. Die voorpote van die „rug-stoel” is gedraai, die agterpote is reghoekig en loop aaneen met die rugstyle wat effens agteroor geleun is om meer gemak aan die sitter te verskaf. Reghoekige spanstukke verbind die pote. Die rugstyle is eers verbind met 'n enkele dwarsbalk, later deur twee dwarsbalke of deur 'n soliede rugpaneel. Sulke stoele is nie as volwaardige stoele beskou nie omdat hulle geen armleunings gehad het nie. Later word so 'n stoel 'n „sy-stoel” genoem, maar die term „rug-stoel” het lank behoue gebly.
8)

"At the end of Elizabeth's reign, chairs began to be made in greater numbers and with some consideration for the comfort and convenience, as well as the dignity, of the sitter. A standard type without arms appeared for the first time, with seat and low back upholstered in fabric."⁹⁾ Dié stoele is vandag bekend as farthingale-stoele.

Die farthingale chair het sy naam eers in die Victoriaanse tyd verkry. Die sitplek van so 'n stoel was opvallend breed

8) Whiton: Elements of Interior design and decoration, p. 192.

9) Philip, Peter: op.cit., p. 61.



55. Vroeë Engelse „Restoration“ stoel. Tydperk: 1660
Spiraal gedraaide verbindingsvorms en die rottang rugleuning en sitplek vorm die hoofkenmerke van die stoel.
‘n Presiese weergawe van hierdie stoel is volgens Dr. Atmore in Rhodes Cottage, Muizenberg. Dié model is in stinkhout gemaak.

vanweë die hoepelrok mode van die tyd.¹⁰⁾ 'n Voorbeeld van 'n farthingale-stoel is in die Victoria en Albert museum.¹¹⁾

'n Verdere ontwikkeling in stoelvorms in Engeland is die rugstoel met oop armleunings. Voor die koms van hierdie stoel was daar nie 'n term soos 'n „armleunstoel" nie want die woord „stoel" het armleunings veronderstel.

Die tydperk van 1630-1660 word die Puriteinse- of Cromwellian-tydperk genoem waarin minder op kunsgebied plaasvind as gevolg van godsdiensoorloë.

In Engeland is die situasie tydens die aanvang van die Restourasietydperk (1660) die volgende. Gedurende die vorige tydvak (1630-1660) was daar stilstand op kunsgebied as gevolg van godsdiensoorloë. Met die troonbestyging van Karel II is vrede herstel. Gedurende sy ballingskap was Karel II in Holland en Vlaandere. Dié twee lande was Engeland voor op kunsgebied en Karel II bring die nuwe kunsidées van die Laelande na Engeland.

"Soon after the return of Charles II and his court from exile the character of fashionable chairs was transformed, and a new type (already familiar in France and Holland) was introduced in which walnut was used in conjunction with caning for the first time. In early specimens the arms are flat and bowed, and uprights and stretchers are spirally turned, these members at the points of junction being morticed and tenoned into rectangular blocks.¹²⁾

(10) Gloag, John: The Englishman's Chair, p. 52.

(11) English Chairs: Katalogus van die Victoria en Albert museum, no. 14.

(12) Sien tekening 55.



56. Laat Engelse Restourasie stoel.
(Karel II - tydperk). Die stoel is in Engeland gemaak in navolging van die Hollandse 17de eeuse rottangrugstoel soos beskryf op bladsy 14. Hierdie stoel het 'n oorversierde ontwerp wat tipies van die Barok tydperk in Europa is. Die stoelvorm en wel meer bepaald die Hollandse voorbeeld het 'n invloed op die Kaapse Tulbagh stoel (sien tekening 54) gehad.

Chairs of this kind, 'turned-all-over' and admirable from the functional point of view, were soon superceded by another variety of which the ornate Baroque character aptly expresses the spirit of the age. Scrolled forms were employed for arms and front legs, stretchers, cresting and back panel framing being now exploited as decorative areas. These members were pierced and lavishly carved.¹³⁾ A crown supported by amorini (appropriate to the restored monarchy) is amongst the familiar motives.¹⁴⁾

'n Voorbeeld van so 'n latere Restourasietydperk stoel is te sien in die Victoria en Albert museum.¹⁵⁾

Na 1665 word die kurktrekker pote van die vroeë Restourasietydperk vervang deur geboë stoelpote. Die mees kenmerkende eienskap van die latere Restourasiestoel is die Vlaamse S- en C-kurwes wat nie alleen die pootvorm word nie, maar ook die stutte vir die armleunings. Die rugstyle is nou balustervormig gedraai en nie meer kurktrekkervormig nie.¹⁶⁾

Nog 'n ontwikkeling van die stoel is te sien in die konstruksie. Die kam van die rugleuning is in die vroeër vorm tussen die buitenste regopstyle van die rugleuning vasgepen en in die latere meer weelderige versierde stoel is die kam of cresting rail bo-op die rugstyle vasgepen.¹⁷⁾

Na 1690 verdwyn die Vlaamse krul by die Engelse Restourasietydperk stoele en word vervang deur gedraaide vorms. Aanvanklik is daar die Portugese bolvorm en

13) Sien tekening 56.

14) Edwards, Ralph: English Chairs, katalogus van die Victoria en Albert Museum, p. 3.

15) English Chairs, Katalogus van Victoria en Albert Museum, no. 33.

16) Fastnedge, R.: English Furniture Styles from 1500 to 1830, p. 48.

17) Ibid., p. 48.

daarna die omgekeerde bekervorm van die Willem-en-Mariatydperk. (1689 - 1702).¹⁸⁾

Daar was reeds kontinentale invloed in Engeland in die Restourasietydperk en tydens die Willem-en-Mariaperiode (1690 - 1702), is daar duidelike Hollandse invloed. Die Engelse koningin Mary is getroud met stadhouer Willem van Oranje van Holland in 1689. Daniel Marot, Hugenote vlugteling wat na die herroeping van die Edik van Nantes in 1685 in Holland werkzaam was as minister van werke in diens van Willem III word deur Willem III na sy huwelik ook in Engeland gebruik.¹⁹⁾ As argitek het Marot sekere van Hampton Court paleis se kamers herversier,²⁰⁾ die paleis se tuin is deur hom uitgelê²¹⁾ en hy het ook invloed op die meubelstyl van die Willem-en-Mariatydperk gehad.²²⁾ Stoelvorms is in hierdie tyd smal met regop rugleunings en is ongemaklik. In so 'n stoel moet regop gesit word soos die Middeleeuse landheer op sy hoërug kisstoel gesit het.

Tydens die volgende periode, dié van Queen Anne (1702-1714), tree 'n nuwe faktor na vore in verband met stoel ontwerp, naamlik die gebruik van geronde vorms en lyne wat 'n baie elegante en gemaklike stoelvorm tot gevolg het. Die stoel vorm 'n direkte kontras met die stywe regop stoele van die Willem-en-Mariaperiode. Die rugleuning van die Queen Anne-stoel is gebuig volgens die kontoere van die menslike anatomie in sitposisie en nooi die sitter uit tot gemaklike sit. Die geboë rug Queen Anne-stoel met sy boogpote

18) Ibid., p. 69.

19) Ozinga: Daniel Marot, p. 89.

20) Ibid., p. 92.

21) Ibid., p. 94.

22) Ibid., p. 92.

(cabriole legs) is in toonbeeld van gracieuse elegansie.²³⁾ Aangesien hierdie stoelvorm so skielik sy verskynning maak in Engeland sonder voorafgaande ontwikkeling bestaan daar rede om te glo dat die vorm elders sy oorsprong gehad het. Daar is gewys dat die Queen Anne-stoelvorm van die Ooste na Engeland gebring is in die tyd van die Oos Indiese Kompanjie. In die Engelse weergawe is die kam (yoke rail) gewysig.²⁴⁾ Daar is kunshistorici wat meen dat die vorm van Holland na Engeland gekom het.²⁵⁾ So 'n stoel word in Engeland ook beskryf as "in the style of Daniel Marot".²⁶⁾ Die breë ruglat (splat) is 'n kenmerk van die Queen Anne-stoele. Dié is vaasvormig of balustervormig gesny. As armleunings voorkom is dié ook gebuig, soms in 'n dubbele geboë vorm. Inlegwerk in fineervorm (marquetry), kom voor op die meer deftige Queen Anne-stoele. Hierdie inlegwerk kom veral voor op die ruglat.

Ralph Edwards beskryf die ontwikkelingsgang van die Queen Anne-stoel en wys daarop dat die voorbeeld met 'n uitgesnyde ruglat die vroegste vorm van hierdie stoel is. Blommotiewe in houtsneewerk kom ook voor op die soort Queen Anne-stoel. Die voorpote is boogpote wat eindig in 'n eenvoudige hoefpoot (hoof or club foot) en wat verbind is met 'n spanstuk. Later word die geboë vorm van die rugstyle nog meer beklemtoon, die ruglat is nou vaas- of vioolvormig en volg die vorm van die persoon wat daarop sit se rug. Die sitplekrelings is gerond by die hoeke en die pote word nie meer met spanstukke verbind nie en eindig in bal-en-klou motiewe. Laasgenoemde versiering is Oosters

23) Sien tekening 57.

24) Symonds, R.W.: "A Chair from China" in Country Life, 1953.

25) Edwards, R.: English Chairs, Katalogus van die Victoria en Albert Museum, p. 5.

26) Fastnedge, R.: op.cit., p. 70.

en in die tyd baie in Engeland gebruik. Die ruglatte en rugstyle van die beter gehalte stoele is met knoets-okkerneuthout (burr walnut) fineer afgewerk.²⁷⁾

Die Engelse Queen Anne-stoelvorm het 'n direkte invloed op die Kaapse stoel met dieselfde naam gehad.

Skryfstoele (writing chairs) in die Queen Anne-ontwerp bestaan uit twee rugstukke wat die waaiervormige sitplek verbind met die halfsirkelvormige boonste reling.²⁸⁾ Verwant hieraan is die leesstoel of biblioteekstoel, reading or library chair, waarop 'n mens agterstevoor kan sit en gemaklik lees terwyl die boek rus op 'n staander wat aan die stoel se rug vasgemaak is.

Die skryfstoele wat so gemaak is dat dit in 'n hoek kan staan, word 'n „hoekstoel” genoem.²⁹⁾ Ook die Queen Anne-skryfstoele is aan die Kaap nagemaak soos te sien is in die Kaapse Queen Anne-hoekstoel.

In hierdie tyd is die „Koningsstoel” vanaf Indonesië ingevoer na Engeland. Dié stoel is ook in Engeland gemaak, maar bly daar 'n vreemde vorm.

In die jare tussen 1730 en 1810 word die ontwikkeling van die meubelkuns in Engeland gekoppel aan die beroemde name van Thomas Chippendale, George Hepplewhite en Thomas Sheraton. Hulle is veral bekend vir hulle stoelontwerpe. Elkeen het 'n belangrike nalatenskap aan die studie van die meubelkuns gelaat in die vorm van 'n gepubliseerde

27) Ibid., p. 6.

28) Sien tekening 59.

29) Edwards, Ralph: Katalogus van die Victoria en Albert Museum, no. 54.

katalogus. Chippendale se The Gentlemen and Cabinet-makers Director het in 1754 verskyn. 'n Derde uitgawe van die werk het reeds in 1762 verskyn.

Chippendale het Franse-, Gotiese- en Sjinese klassieke dekoratiewe elemente vir sy ontwerpe gebruik.³⁰⁾ Soms is al hierdie style saam in een stoel verenig en was die resultaat nogtans geslaagd: "Indeed, so closely do all the styles (Gothic, Rococo, Chinese) run together that it is not at all unusual to find them overlapping, with pointed arches, C-scrolls and oriental lattice-work mixed up together in the same piece. Odd and alarming though this may sound, the result is often very pleasing."³¹⁾

Die publikasie van sy boek het tot gevolg dat sy werk deur talle meubelmakers nagemaak is.

Chippendale en Hepplewhite se stoelrugleuning het 'n invloed op die Kaapse uitgesaagde-rug stoel ontwerp gehad. Dit word bespreek in Hoofstuk IV onder afdeling I.

George Hepplewhite het in London in 1760 begin werk. Hy is 'n voorstaander van meer delikate lyne en ontwerpe vir stoele. Na sy dood in 1788 verskyn sy werk The Cabinet-makers' and Upholsterers' Guide (London 1788). In sy stoele val die klem op delikate vorm en omdat hulle so baie fyn is, is sy stoele nie sterk nie. Die pote is altyd reglynig en dun, word smaller na onder of is rond in deursnit en dan ook taps. Hy het vyf verskillende rugpaneelvorms gebruik naamlik: die skild-, kameel-,

30) Sien tekeninge 7,8,9,10 en 14.

31) Philip, John: Antique furniture for the smaller home, p. 113 en fig. 20 c.

ovaal-, hart- en wielvorm. Houtsnee motiewe op sy stoele is koringbloeisels, ovaal paterae, strikkies en regaf groewe op pote (groefversiering).³²⁾

Die derde baie belangrike naam in Engeland se 18de eeuse- en vroeg 19de eeuse-stoelontwerp is Thomas Sheraton. Hy begin sy loopbaan in London in 1790 en in 1791 publiseer hy sy bekende The Cabinetmaker and Upholsterers Drawing book in London.

Die stoelpoot ontwerpe van Sheraton is dieselfde as die van Hepplewhite. Die rugleunings van Sheraton se stoele is egter reghoekig in buitelyn. Die agterpote van 'n stoel loop meestal deur om die rugstyle te vorm. 'n Horizontale sport kom voor op die rugleuning net bokant die sitplek en 'n dekoratiewe dwarsbalkie kom voor aan die bokant van die rugleuning. Die ruglat het dikwels die vorm van 'n slank vaas. Die invloed van Sheraton-stoelontwerpe is te sien in die Kaapse 19de eeuse stoele. Hierdie stoele staan ook juis bekend as „Kaapse Sheraton“-stoele en sluit 'n groot variasie van vorms in. Daar is 'n mate van oorvleueling in Engeland tussen die laat Sheraton-vorms en Regency-ontwerpe en dis waarom aan die Kaap nie altyd duidelike onderskeid gemaak word tussen Kaapse Sheraton- en Kaapse Regency-stoele nie.

Die Sheraton-ontwerpe vir rugleunings het waarskynlik meer as enige ander stoele later as voorbeeld vir navolging gedien en word ook deur hedendaagse stoelontwerpers nageboots.³³⁾

Daar is oorwegende Franse Empire-styl invloed op die Engelse meubels van die Regency-tydperk, 1810 - 1830.³⁴⁾

32) Sien tekeninge 12, 13, 20, 21 en 22.

33) Sien tekeninge 11, 16, 17 en 18.

34) Boger, L.A.: op.cit., p. 351.

Dit is maar net sedert die laaste twintig jaar wat meubels uit hierdie tydperk as Regency bekend staan. Tevore was dit English Empire genoem wat dui op die Franse oorsprong daarvan.

Die Regency-styl was "highly eclectic in character, 'a medley or hotch-potch of all styles'. The Roman, the Greek, the Egyptian, the Chinese, even the Etruscan and Moresque, each contributed their quota to the mixture 'Grecian severity' was consistently advocated as the ideal by the straiter sect..... At the outset it owed something to the French Directoire style as interpreted by Henry Holland."³⁵⁾

Die Griekse Klismos-rugleuning is veral baie vir stoele gebruik.

"prominent features are the curved or 'sabre'-shaped front legs, the arms set high on the back uprights, the top rail swept backwards and forming a continuous curve with the rear legs. 'Parlour chairs' were made of mahogany or rosewood inlaid with foliated patterns and stringing lines of brass."³⁶⁾ Regency-invloed op Kaapse stoele is baie direk, maar dié stoele staan in die Kaap bekend as Kaapse Sheraton-stoele.

Vanaf 1837 tot 1901 duur die Victoriaanse tydperk in Engeland. Dit is veral in hierdie jare wat talle ou style van verskillende lande nagevolg is in ontwerpe. Die Victoriaanse tydperk is in die kunsgeschiedenis bekend vir

35) Edwards, Ralph: English Chairs, Katalogus van Victoria en Albert Museum, p. 13.

36) Edwards, Ralph: English Chairs, Katalogus van Victoria en Albert Museum, p. 13. Sien ook tekeninge 19, 79, 80 en 82.

sy gebrek aan goeie smaak, oorversiering en masjienvervaardigde produkte wat die handgemaakte artikel vervang.

Griekse-, Turkse-, Gotiese-, Florentynse- en die Franse Rococo-style word nageboots. In meeste gevalle is die proporsies lomp. Stoelvorms uit die Victoriaanse-tydperk is onder ander die „ballon rug“ stoel, 'n systoel wat 'n hoepelvormige rugleuning het en gebruik is in eetkamers, voorportale en sitkamers.³⁷⁾ Stoele is soms ook in geheel gestoffeer en staan bekend as easy chairs. Kaapse Victoriaanse stoele is 'n direkte nabootsing van die Engelse stoele in stinkhout.

Voorbeeld van Victoriaanse stoelvorms is te sien in Gloag se werk The Englishman's Chair.³⁸⁾

37) Sien tekening 84.

38) Gloag, John: The Englishman's Chair, p. 233 - 235.

HOOFTUK II

DIE VROEË KAAPSE STOEL: EINDE 17de EEU TOT MIDDEL 18de EEU.

I. DIE STOEL AAN DIE KAAP

Wat vir stoele in die algemeen geld is ook van toepassing op die stoele wat in die Kaap gemaak is sedert die vroegste dae van die volksplanting.

Daar is in die Kaapse stoelvorms 'n duidelike wisselwerking en beïnvloeding tussen die stylvorms in die Kaap self en dié van Europa. Soos die style in Europa gewissel het, het dit na 'n paar jaar ook aan die Kaap hul invloed laat geld. Die Kaap was gedurende in kontak met Europa - aan die begin vanweë sy posisie as halfwegstasie na die Ooste en later ook as nuutontwikkellende koloniale voorpos. Oosterse invloede was ook onvermydelik as gevolg van die handel met die Ooste en vanweë Oosterse slawe wat van Batavië na die Kaap ingevoer is en hier in diens geneem is. Al hierdie invloede tesame met die eienskappe van die inheemse Kaapse houtsoorte dra by tot die vorming van die Kaapse stoele.

Interessant is dié stelling van Cescinsky oor die Engelse en Amerikaanse meubelstyle. "The furniture of both England and America has centuries of tradition behind it. If we take any piece, however original or novel it may appear to be, it will be found that it has sprung, wholly or in part, from a long ancestral line."¹⁾

Dit is ook van toepassing op die meubels aan die Kaap in die algemeen en van die stoele in besonder. Feitlik elke vorm kan terug herlei word na 'n oorsprong of in Europa

1) Cescinsky, H. & Hunter, G.L.: English and American Furniture, p. 64.


of in die Ooste.

In die eerste tydperk aan die Kaap is die Hollandse invloed oorheersend en gevolglik is dit nie verbasend dat die vroegste Kaapse stoele vanaf ongeveer 1680 tot 1790 getuig van direkte invloed van die Hollandse stoelvorms van daardie of die direk voorafgaande tyd in Holland nie. Dit is naamlik die Kaapse laat 17de eeuse stoel en die Kaapse Ebbehout stoel, die laat 17de eeuse Kaapse hoekstoel, die Kaapse Koningsstoel, die Kaapse Spilstoel, die Tulbaghstoel en die Kaapse Queen Anne-stoel.


Die Franse Hugenote bring in die jaar 1687 'n besliste invloed mee wat nie net op die meubelkuns nie, maar ook op die Kaapse boukuns 'n besondere stempel afgedruk het. Dit is veral die Kaapse Lodewyk XV- en Lodewyk XVI-stoele wat die Franse stempel dra. Hulle word in hoofstuk III behandel.

Vanaf die eerste Britse besetting van die Kaap in 1795 is daar weer al hoe duideliker Engelse invloede te onderskei in die stoelvorms. Dit duur tot aan die begin van die 19de eeu wanneer ook die stoelvorms soos die ander kunste in Engeland en in Europa oorgaan in die masjien-gemaakte produkte.

Alhoewel hierdie drie invloede min of meer saamval met die tydperke van die politieke invloed van die drie lande op die Kaap, kan hierdie verdeling egter nooit as absolut beskou word nie. Daarbenewens kom ook nog die Oosterse invloed by wat alhoewel dit hoofsaaklik herlei kan word na die vroeg Hollandse tydperk aan die Kaap toe die handelskontakte met die Ooste baie belangrik was, tog nie net aan daardie bepaalde tyd gekoppel kan word nie.



34. 'n Kaapse laat 17de eeuse armleunstoel.
Die algemene vorm stem ooreen met no. 35
veral die rugleuning, die leeukoppe as af-
werking van die rugstyle en die spykerkoppe
op die leerbekleedsel. Die eenvoudige uit-
gesaagde spanstuk tussen die voorpote en
ook tussen die agterpote is 'n interessante
motief op hierdie Kaapse voorbeeld.



35. Vroeg 17de eeuse Hollandse
stoel met gedraaide pote en dubbelle
spanstukke.


2. KAAPSE LAAT 17de EEUSE STOEL EN DIE KAAPSE EBBEHOUTSTOEL

Twee voorbeeld van die laat 17de eeuse Kaapse stoel is te sien in Groote Schuur.²⁾ Die een het die baie strak reghoekige vorm van die Hollandse vroeg 17de eeuse stoel wat die direkte inspirasie vir hierdie tipe Kaapstoel was.³⁾ Die pote, rugstyle en vierkantige vorm spanstuk wat plat op die grond is, is alles reghoekig in deursnee by hierdie Kaapstoel. Die enigste versiering is twee uitgesnyde leeukoppies bo aan die rugstyle en ook die uitgesaagde ekstra spanstuk hoer op tussen die voor- en agterpote.⁴⁾ Die leerbekleedsel is met spykerkoppe vasgeslaan op die stoelraamwerk netsoos in die Hollandse prototipe. Hierdie soort stoel is in Holland ook bekend as 'n „Spaanse stoel“ en is behandel op bladsye 12 en 13.


Die tweede voorbeeld in Groote Schuur het dieselfde vierkantige basis, maar al die houtdele is skroefvormig gedraai behalwe vir die reghoekige agterpote. Die pote is met 'n uitgedraaide „H“-vormige spanstuk verbind. Die rug en sitplek is met fluweelbekleedsel en fraaiings afgewerk en is alles 'n getroue navolging van die Hollandse model.⁵⁾

Hierdie stoel is waarskynlik eers teen die laaste kwart van die 17de eeu aan die Kaap gemaak. Daar kan veilig aangeneem word dat daar nie onmiddellik met die maak van meubels aan die Kaap begin is na die landing van Van Riebeeck in 1652 nie.

-
- 2) Pearse, G.E.: Eighteenth Century Furniture in South Africa, fig. 17 en fig. 18, p. 19.
 - 3) Katalogus van Meubels in die Rijksmuseum saamgestel deur Professor Th. Lunsingh Scheurleer, afbeelding 40.
 - 4) Sien tekening 34.
 - 5) Berendsen, Dr. A.: Het Meubel, plaat 80.



38. 'n Singalese stoel uit Nederlands Oos Indië



39. 'n Molukse stoel uit Nederlands Oos Indië.

Kaapse ebbehout stoel

By die Hollandse 17de eeuse stoel word 'n aansluiting met die Ooste gemaak. Die vroeë 17de eeuse Hollandse stoelvorm is ook die basis vir 'n variasie van hierdie stoel wat in dieselfde jare (17de eeu) in Indonesië gemaak is. In sy boek Het Hollandsche Koloniale Barokmeubel gee Van de Wall 'n uitvoerige uiteensetting van stoelvorms wat deur Nederlanders in Oos-Indië in die 17de eeu gemaak is. Dergelike stoele kom aan die Kaap voor aan die einde van die 17de eeu. Die Indonesiese modelle bestaan hoofsaaklik uit vier afsonderlike soorte. Die Oosterse „Koningsstoel“ word nie hier behandel nie, maar wel later in die hoofstuk onder „Kaapse Koningsstoel of -Burghuismeesterstoel“.


a. Die Molukse stoel

Die voorbeeld dateer uit die middel van die 17de eeu en is die oudste van die Oosterse koloniale sitmeubels. Die Molukse stoel is eenvoudig, die enigste versiering is die oorvloedige gebruik van skroef- of kurktrekker-vormige gedraaide dele in die raamwerk. 'n Aantal spilletjies versier die rugleuning. Soms kom houtsneewerk op die boonste kamreling voor. Die stoel het byna nooit armleunings nie.⁶⁾ Interessant is die feit dat die stoel in die Ooste 'n rottang sitplek het vir koelte, maar dat die Hollands-Oosterse huisvrou in haar „sug na gemak“ 'n fluweel- of damask kussing daarop geplaas het.⁷⁾ Dit is die eerste stoelsoort wat van die pas ondekte Oosterse ebbehout gemaak is. Die vorm bly onveranderd voortbestaan tot ver in die 18de eeu.⁸⁾


6) Sien tekening 39.

7) Van de Wall, Dr. V.I.: Het Hollandsche Koloniale Barokmeubel, p. 86.

8) Ibid.: p. 89.



36. Kusstoel uit Nederlands Oos Indië.



37. Kaapse ebbehout stoel uit die Koopmans de Wet Museum. Die stoel is te sien in die Museum se geïllustreerde gids van 1948.

b. Ceylonse- of Singalese stoel

Alhoewel die stoel op dieselfde basis as die Molukse model gemaak is, is die stoel oortrek met weelderige houtsneewerk. Dit is ongetwyfeld die Oosterse invloed wat vir die houtsneewerk verantwoordelik is. Die Hollanders is, aldus dr. van der Wall, 'n sober volk en in die Hollandse kolonie aan die Kaap het die soberheid botoon gevoer.⁹⁾ Maar in die Indonesiese Hollandse nedersetting swig die Hollanders voor die weelde en versierings wat so eie is aan die Oosterse volke. Aan die Singalese stoel is byna nie 'n plek wat nie met houtsneewerk versier is nie. Ook die agterkant van hierdie stoele is uitgekerf en versier.¹⁰⁾

c. Die Kustype stoel

Die rugleuning van hierdie soort stoel herinner aan die Hollandse stoelvorm, naamlik dié met die twee rye arkades,¹¹⁾ en ook aan die Yorkshire- en Derbyshire-stoele wat in Engeland tydens die Restourasietydperk voorkom.¹²⁾ Beide die Hollandse- en die Engelse voorbeeld is gebaseer op Italiaanse prototipes met die selfde rugontwerp versier met arkades.¹³⁾ Van al die koloniale meubels het die Kustype stoel, ook genoem die Skool van Koromandel, die naaste aan die Hollandse karakter gebly. Die kamreling is meestal uitgesny en versier met houtsneewerk. Soms is hierdie stoel slegs te onderskei van die moederlandse model deur sy Oosterse figuurtjies bo-aan die rugstyle en fyn ivoor inlegseis hier en daar.¹⁴⁾

9) Van de Wall: op.cit., p. 96

10) Sien tekening 38.

11) Hayward, H.: World Furniture, fig. 168.

12) Fastnedge, R.: English Furniture Styles 1500-1830, fig. 23.

13) Hayward, H.: World Furniture, byskrif by fig. 168 deur Lunsingh Scheurleer.

14) Sien tekening 36.



40. Kaapse ebbehoutstoel in Groote Schuur, Kaapstad. Die stoel dateer uit die laat 17de eeu. Let op die ooreenkoms met die Bataafse stoel in no. 41.



41. Bataafse stoel uit Nederlands Oos Indië.

d. Die Bataafse stoel

Die Bataafse stoel kan herken word aan sy breeë sitplek en ryk versierings asook dat hy laag is vergeleke met gewone stoelhoepte. Die houtsneewerk kom voor op die rug, armleunings, sykante van die sitplek en dikwels is ook die agterkant van die stoel versier. So 'n stoel is bestem om in die middel van 'n vertrek te staan en nie teen 'n muur nie. Oosterse kerkstoele beantwoord goed aan die vereistes en val ook in dié kategorie. Die Bataafse stoel is netso ongemaklik om op te sit as die Molukse, maar waar laasgenoemde nooit armleunings het nie onderskei die Bataafse stoel hom deur sy armleunings wat deel van hom is.¹⁵⁾

Al hierdie Oos-Indiese stoele is uit ebbehout gemaak omdat dié houtsoort daar die mees algemene is.¹⁶⁾

Hierdie ebbehoutstoele wat in Java en Ceylon gemaak is, is gebaseer op Europese modelle.¹⁷⁾

"die arkades in die rugleuning toon opvallende ooreenkoms met Derbyshire en Yorkshire eikehout modelle..... die blok dekorasie is direkte navolging van Hollandse ontwerpe die skulpmotief met skulp en dolfyne en putti¹⁸⁾ se oorsprong word teruggevind in Hollandse grafsteenontwerpe in Ceylon en Indië."¹⁹⁾

In Suid-Afrika is daar stoele wat baie lyk soos die Molukse-, Bataafse- en Kustipe Hollandse Oosterse stoele,

15) Sien tekening 41.

16) ebbehout = maba ebenus.

17) Edwards, R. and Codrington, K. de B.: "The Indian Period of European Furniture, a reply to Dr. Slomann", The Burlington Magazine, December 1934, p. 274.

18) putti = engeltjies.

19) Edwards, R.: op.cit., p. 274.

Daar is in die Koopmans de Wet-huis 'n Molukse voorbeeld met die gedraaide pote en versierde boonste kam.²⁰⁾ Dan is daar ook in Groote Schuur 'n voorbeeld van die Bataafse soort.²¹⁾

Aangesien die stoele uit uitheemse houtsoorte, onder andere ebbehout, gemaak is, bestaan daar meningsverskil of hulle wel Kaapsgemaakte meubels is. Atmore wy nie baie aandag aan hierdie soort stoele nie en noem dit onder Chairs Miscellaneous, maar hy is wel van mening dat dit Kaaps gemaakte stoele is met Oosterse invloed.²²⁾

Ook dr. Van de Wall wys daarop dat hierdie stoele wel aan die Kaap gemaak is. Volgens dr. Van de Wall is die ebbehoutstoel wat in die styl van Batavia gemaak is²³⁾ en vroeër in die Koopmans de Wet-huis was, beslis 'n Kaaps gemaakte model. Hy wys op sekere verskille wat hierdie stoel onderskei van die Oosterse model.²⁴⁾ Hy sê dat die bou en die figuratiewe dekorasie van hierdie stoel nie kan opweeg teen die egte Bataafse stoel nie. Die Suid-Afrikaanse model is van 'n minderwaardige ontwerp. Die spilletjies van dierugleuning van hierdie besondere voorbeeld is skynbaar verloor. Die slawe wat vanuit die Ooste gekom en aan die Kaap meubels gemaak het, was onder die swakker vakkli. Die bestes het die Nederlanders in Oos Indië agtergehou. Die Kaap het dus nooit van die betere vakwerkers bekom nie.²⁵⁾

Wanneer die Kaapse koloniste ebbehoutmeubels gemaak het, het hulle meestal die Molukse soort stoel gemaak. Volgens

-
- 20) Katalogus van die Koopmans de Wet-huis, p. 9, no. 2 en tekening 37.
 - 21) Sien tekening 40.
 - 22) Atmore, M.G.: Cape Furniture, p. 74.
 - 23) Van de Wall: op.cit., fig 40a), bls. 95.
 - 24) Ibid., p. 191.
 - 25) Ibid., p. 26.

- 50 -

Van de Wall is dit die soort meubel wat in die mode was toe die Kaapkolonie in 1652 gestig is.²⁶⁾ Die eenvoud van hierdie meubelsoort val meer in die smaak van die Kaapse burgers. Die daaropvolgende modestyl was die hoogsversierde Singalese. Hulle hou nie van die baie versierde vorms vol beeldhouwerk van die Singalese stoele nie. Maar hulle wil nie agter bly by die mode nie en daar word in die Kaapstoel 'n beskeie toepassing van beeldhouwerk in kombinasie met gedraaide vorms gevind. Die beeldhouwerk was soms Europees en soms Oosters van oorsprong, maar dit was nooit baie eksoties soos dié van Oos Indië nie. Die Kaapse meubelmakers was egter nie in staat om die Singalese stoele ooit na te maak nie al sou hulle ook wou want die arbeiders aan die Kaap kon die ingewikkeld houtsneewerk nie nadoen nie.²⁷⁾

Die Oosterse Ebbehout-stoel is aan die Kaap gemaak deur Oosterse slawe. "we know that some ebony chairs, which exhibit elaboration rather than gracefulness of design, and are quite distinct from any other Cape-made furniture, were the work of the Company's slaves".²⁸⁾

Baie van die ebbehoutmeubels wat aan die Kaap gemaak is, het verlore gegaan. Cecil Rhodes het Kaapse meubels begin versamel en 'n ereplek aan hierdie ebbehoutmeubels gegee in Groote Schuur. Hy was een van die eerste mense in Suid-Afrika wat aan Kaapstoel aandag gegee het met die oog daarop om dit te bewaar vir die nageslag. In 1897 brand Groote Schuur egter af en baie meubels, waaronder ebbehoutstoele,²⁹⁾ gaan verlore.

26) Ibid., p. 191.

27) Van de Wall: Ibid., p. 26.

28) Trotter, Alys Fane: Old Colonial Houses of the Cape of Good Hope, p. 6.

29) Van de Wall: op.cit., p. 39.


In die Tongaatversameling is 'n vereenvoudigde vorm van hierdie Hollands-Oosterse Kaapse stoele. In hierdie voorbeeld is die rugleuning solied met in die middel daarvan net 'n enkele blom-ontwerp aangebring. Die stoel het nie armleunings nie en die sitplek is van rottang gemaak. Dit dui weer op die tipiese eienskap van Koloniale meubels naamlik die neiging om 'n vorm te vereenvoudig. Die uitgangspunt is die ingewikkeldes buitelandse model wat dan geleidelik vereenvoudig word. In dié geval egter is die buitelandse model self 'n koloniale meubel maar vanweë die invloed van die Oosterse volksaard is hierdie meubels so vol versierings.

Daar was dus besliste Oosterse invloede op die Kaapse stoelvorm. Daar bestaan nog meningsverskil onder kuns-historici aangaande die oorsprong van hierdie stoele. So byvoorbeeld noem mev. Suzanne van Rensburg die Molukse stoel in die Koopmans de Wet-huis 'n „eksotiese Tulbagh” stoel.³⁰⁾ Daarmee word aangetoon dat die stoel as Kaaps van oorsprong beskou word, maar die herkoms van die styl word onjuis aangedui. Vergelyk die latere hoofstuk oor die Kaapse Tulbagh stoel en daaruit sal duidelik blyk dat bogenoemde stoel geensins daaronder geklassifiseer kan word nie.

Dit blyk dus duidelik dat hierdie stoele wel as Kaapse Ebbehoutstoele beskou kan word.³¹⁾

30) Van Rensburg, Suzanne: „One eie kosbare antieke”, Boerdery in Suid-Afrika, Julie 1966, p. 63.

31) Die menings van dr. Atmore en dr. van de Wall bevestig dit, p. 49.



42. 'n Tipiese Vroeë Kaapse hoekstoel uit die laat 17de eeu. Die soliede rugleuning in 'n raamwerk, die gedraaide pote en lae reghoekige spanstuk is eienskappe van hierdie stoel. Variasies kom voor waar die pote en spanstuk skroefvormig gedraai is. Die rugleuning kan ook op verskillende maniere versier wees. Skroefvormige gedraaide pote is te sien in fig. 1 van die Katalogus „Die Kaapse Stoel“. (Koopmans de Wet museum voorbeeld). In diezelfde katalogus is die rugleuning variasie met ovaal rottang insetsels te sien. (fig. 2)

3. DIE LAAT 17de EEUSE KAAPSE HOEKSTOEL

Dié baie vroeë Kaapse hoekstoel is gemaak teen die einde van die 17de eeu. Volgens Atmore was die soort stoel nie 'n algemene vorm aan die Kaap nie en slegs 'n paar voorbeeld van hulle bestaan vandag.³²⁾ Daar dien op gelet te word hoe ver terug dateer 'n stoel wat ontwerp is om in 'n hoek te staan. Daar word later verwys na Queen Anne hoekstoele maar in hierdie vroegste tydperk aan die Kaap kom reeds hoekstoele voor. So 'n stoel bestaan uit twee soliede rugleunings wat met 'n hoek van ongeveer negentig grade teen mekaar geplaas is. As die twee orige sye op dieselfde wyse solied gemaak sou gewees het, sou dit 'n kas gevorm het. Deur hierdie plasing van die rugkante is een van die vier pote en sy verlenging, eintlik 'n rugstyl in die hoek wat deur die rugsye gevorm word. Aan weerskante van die sye kom twee ander pote, rugstyle, voor terwyl die vierde stoelpoot reg in die middel aan die voorkant van die stoel voorkom. Op hierdie punt waar die vierde poot is, vorm die sitplek 'n skerp uitstaande hoek. As op die stoel gesit sou word, sou hierdie vierde voorste poot tussen die sitter se bene wees. Die drie ander pote is almal verleng om rugstyle en tegelyk 'n raamwerk vir die rugleuning te vorm terwyl die vierde voorste poot uiteraard nie na bo verleng is nie.³³⁾ Die pote van hierdie voorbeeld is balustervormig gedraai soos 'n stoel wat by die dorpie Alphen gevind is, toon.³⁴⁾ Die pote kan ook kurktrekkerformig wees soos dié van die Hoekstoel in die Koopmans de Wet-huis.³⁵⁾ Dié stoel dateer uit die einde van die 17de eeu. Die pote word

32) Atmore, M.G.: Cape Furniture, p. 60.

33) Sien tekening 42.

34) Pearse, G.E.: Eighteenth Century Furniture in South Africa, fig. 16.

35) Pearse, G.E.: op.cit., fig. 15.

verbind deur 'n lae spanstuk wat die pote in die vorm van 'n reghoek verbind. Die spanstuk is reghoekig in deursnee, maar by die bogenoemde voorbeeld in die Koopmans de Wet-huis is die spanstuk soos die pote kurktrekkervormig gedraai. Die rugleunings van die stoel is solied en in paneelvorm met 'n raamwerk. Die rugstyle is reghoekig in deursnee en so ook die raam van die sitplek. Die sitplek is byna altyd van rottang. Die raamwerk van die rugleuning kan van stinkhout wees en die panele in 'n kontrasterende houtsoort soos die voorbeeld te Alphen. In hierdie geval is die panele in balatahout³⁶⁾ en vorm die houtgrein van hierdie rooiagtige hout 'n tekstuur wisseling en dien as versiering tegelyk. Hierdie binne-paneel is aan die agterkant daarvan geprofileer, dit wil sê die middelste deel is opgehewe. Dit is uitsonderlik dat soveel aandag gegee word aan 'n stoel se agterkant. 'n Dergelike voorbeeld waar die panele in 'n kontrasterende houtsoort is, is in die Fehr versameling.³⁷⁾ Meer bewuste pogings tot versiering van die rugpanele is te sien in twee voorbeelde in die Tulbagh museum. Die twee stoele is uit die vroeë 18de eeu. Die een voorbeeld het ook reghoekige panele, maar in die middel van elke paneel kom 'n geometriese ontwerp as versiering voor. Die boonste sport van die raamwerk steek aan weerskante verby in hierdie voorbeeld. In die ander voorbeeld in die Tulbagh museum is daar 'n afwyking van die reghoekige karakter van die rugpanele en is die boonste deel van die raamwerk effens gebuig en eindig in 'n sierlike krul.³⁸⁾ Die sitplekke van al die beskrewe voorbeelde is van rottang gemaak. Daar is drie van hierdie Hoekstoele in die Africana museum in Johannesburg. Een

36) balatahout = beefwood.

37) Fehr, W.: op.cit., p. 113.

38) krul = scroll.

model is van donker satynhout en is eenvoudig met baluster-gedraaide pote en reghoekige onversierde rug. Die tweede voorbeeld se houtsoort is nie vasgestel nie en is presies soos die satynhout voorbeeld maar sy rug het 'n reghoekige geometriese ontwerp op die rugpanele as ekstra versiering. Die derde hoekstoel is onlangs aangeskaf en kom van Grahamstad. Interessant is sy baie eenvoudige regaf pote. In twee eenderse voorbeelde in die Stellenbosch museum is die rugleunings versier met klein ovale openinge met rottangwerk.³⁹⁾ Die pote is gedraai en lyk opvallend kort as dit met ander modelle vergelyk word. Geen spanstukke kom voor by hierdie twee voorbeelde nie. Daar is beweer dat hierdie interessante Kaapse stoelvorm eintlik slaapkamer stoele is wat in pare gemaak is en teenmekaar geplaas kan word om 'n gemaklike bedjie teenaan 'n ouer se bed vir 'n kind te vorm. Nogtans is beweer dat nie twee presies eenderse stoele van dié soort gevind is nie.⁴⁰⁾


Dit is moeilik om 'n Europese prototipe vir hierdie vroeë Kaapse Hoekstoel te vind. Hoekstoele was seldsaam in Europa in die 17de eeu.⁴¹⁾ Die geraamde paneelrug kan moontlik herlei word na die Middeleeuse hoërugstoele soos volledig beskryf in hierdie studie in die oorsig van Hollandse-, Engelse- en Franse stoele. 'n Verdere mooi voorbeeld van die hoërugstoel is in die katalogus van die Victoria en Albert museum.⁴²⁾ Ook die Engelse wainscot-stoel uit die Jakobeaanse tydvak, vroeg 17de eeu, het 'n

39) Katalogus van die Stellenbosch Museum „Die Kaapse stoel“, fig. 2.

40) Atmore: op.cit., p. 60. Op hierdie punt moet met Dr. Atmore verskil word. Die twee in die Stellenbosch museum is reeds 'n aanduiding van eenderse stoele van hierdie tipe. (fig. 2 in katalogus van Stellenbosch Museum).

41) Ibid.: p. 60.

42) Edwards, Ralph: English Chairs, katalogus van die Victoria en Albert Museum, plaat 4.



42a.

'n Tolgedraaide hoekstoel soos teëgekom in
'n winkel in Amsterdam. Die basiese vorm stem oor-
een met die Kaapse hoekstoel (no. 42) en ook die
tolletjieshoekstoel (no. 49)

soliede rugleuning,⁴³⁾ maar hierdie stoele en ook die hoërugstoel van die Middeleeue is nie gemaak om in 'n hoek te staan nie. Die onderstel van hierdie Kaapse hoekstoele stem ooreen met bekende Europese voorbeelde. Die pote lyk naamlik soos die Hollandse vroeë 17de eeuse stoelpote, beide die balustergedraaide- asook die kurk-trekkervormige gedraaide variasies.

In 'n Amsterdamse winkel in Holland is in 1968 'n stoel opgemerk wat presies dieselfde raamwerk as hierdie Kaapse hoekstoel gehad het. Die enigste verskil is daarin geleë dat die rug nie uit soliede panele bestaan nie. Verder bestaan elke deel van die stoel, dit wil sê, pote, rugstyle, spanstukke uit toldraaiwerk.⁴⁴⁾ Vanweë die gedraaide dele en die oop rugleunings en die basiese vorm daarvan herinner hierdie stoel besonder baie aan die tolletjieshoekstoel in die Kultuurhistoriese- en Opelug-museum, Pretoria.⁴⁵⁾ Maar dan is die raamwerk van laasgenoemde stoel juis presies dieselfde as die Kaapse Hoekstoel met soliede rugleunings. Die Amsterdamse voorbeeld duï dus daarop dat die Kaapse Hoekstoel beslis prototipes in Europa het, al staan hierdie Hollandse model nie in 'n museum nie en is hy volgens sy voorkoms meer van 'n plattelandse karakter.⁴⁶⁾

43) Edwards, Ralph: op.cit., plaat 9 en plaat 10.

44) toldraaiwerk = bobbinturning.

45) Sien tekening 49.

46) Sien tekening 42a.

4. KAAPSE KONINGSSTOEL OF BURGEMEESTERSTOEL


Daar is 'n paar voorbeelde van Kaapse Burgemeesterstoele. Twee uit die vroeër tydperk, begin agtiende eeu, is in die Fehr-versameling in Kaapstad. Hulle verskil heelwat van die latere voorbeelde waarvan een in Groote Schuur is en een in die Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum in Pretoria. Hierdie tipe is ook tydens die eerste helfte van die agtiende eeu gemaak.⁴⁷⁾

Die ouer vorm van die Koningsstoel is eenvoudig met min houtsneewerk. Die stoel bestaan uit 'n ronde sitplek wat gestut word deur ses pote wat met mekaar verbind is deur spanstukke. Die spanstukke kruis almal in die middel en dis hierdie ontwerp wat soos die speke van 'n wiel vertoon waaraan die stoel ook die naam „wielstoel“ te danke het. Die rug is halfsirkelvormig en bestaan uit vier style wat elk die verlenging is van vier van die pote aan daardie sy. Drie ovaalvormige medaljons kom as rugversiering voor. In hierdie ou vorm van die Burgemeesterstoel is die medaljons nie met houtsneewerk versier nie. Hulle is slegs met rottangwerk gevul net-soos die geval is met die ronde sitplek. Die buitenste twee rugstyle is afgewerk met spitsversiering (finials). Die eenvoudige pote is effens uitgeskuins na buite. Nog 'n spanstuk hoör op as die kruis een verbind die pote in 'n hoepelvorm.⁴⁸⁾


In die later vorm toon die Koningsstoel by Groote Schuur ses boogpote waarvan die gekromde deel kwistig met akantblaarrhoutsneewerk versier is. Die pote eindig in dierkloue. Die hoepelvormige spanstuk wat reghoekig in snit

47) Atmore, M.G.: op.cit., p. 61.

48) Sien tekening 44.



45. Koningsstoel uit Nederlands Oos Indië. 'n Later ontwikkeling van no. 43. Die hout gebruik is ysterhout.



46. Kaapse koningsstoel gebasseer op die Oosterse voorbeeld in no. 45. Die voorbeeld is in Groote Schuur, Kaapstad.

is by die ouer stoel is hier weelderig gerond in 'n dubbelle „S"-boog, tussen elke geboë poot. Die medaljons op die halfsirkelvormige rugleuning is hier met fyn houtsneewerk ingevul. Die houtsneewerk het 'n Oosterse kwaliteit.⁴⁹⁾

Dieselfde soort stoel as die Groote Schuur voorbeeld in die Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum, Pretoria, se detail toon nog meer houtsneeverversiering.⁵⁰⁾ Basies is die vorm egter presies dieselfde as die Groote Schuur model. Die boogpote eindig in 'n bal-en-klou ontwerp. Die hoepel spanstuk tussen die pote het twee "C"-kurwes wat tussen hulle 'n skulpvorm stut. Die oorsprong daarvan is direk Frans naamlik uit die Rococo-tydperk van Lodewyk XV. Franse invloed is deur die Hollanders na die Ooste geneem. Hier is ook die sitplekreling geboë en met houtsneewerk versier. Die madaljons is ook met fyn houtsneewerk gevul wat Oosters geïnspireer is. Sommige kenners beweer dat hierdie stoel in die Kaap gemaak⁵¹⁾ is terwyl andere meen dat dit Oosters van oorsprong.⁵²⁾ 'n Vakkundige in die Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum het gesê die houtsoort van die stoel is Oos-Afrikaanse kiaat. Dit gee ook nog geen antwoord op die vraag aangaande die herkoms van die stoel nie. Volgens die museum het die stoel aan Cornelis de Graaff, goeweneur aan die Kaap in 1783, behoort.

Oorsprong van die Burgemeesterstoel


Daar bestaan geen twyfel oor die Oosterse oorsprong van die Burgemeesterstoel nie. Daar kan geredeneer word dat hierdie vorm via Nederland na die Kaap gekom het of direk

49) Sien tekening 46.

50) Sien tekening 47.

51) Atmore, M.G.: op.cit., p. 61.

52) Mev. Coetzee, Kuratrise van die Nasionale Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum, Pretoria.



47. 'n Koningsstoel of Wielstoel in die Kultuurhistoriese Museum, Pretoria. Van die stoel word gesê dat dit aan die Kaapse Gouverneur Cornelis de Graaff behoort het.

vanaf die Ooste deur middel van kontak tussen die twee kolonies van Nederland in die 17de eeu.

"Sometimes known as burgomaster chair - probably a modern name - they were made by the Dutch in the East Indies and exported to Holland, other parts of Europe and England, in the late seventeenth and early eighteenth centuries. Such emphatic foreign types were never anglicised; and by the end of Queen Anne's reign, English makers with the confidence conferred by their own inventive powers would reject anything as basically clumsy or as coarsely ornamented as the burgomaster chair."⁵³⁾

In 'n artikel The Indian period of European Furniture word beweer dat die Burgemeesterstoel sy oorsprong het in Indiese Boedistiese monumente.⁵⁴⁾

Dr. van de Wall meld in sy werk Het Hollandsche Koloniale Barokmeubel dat die „Koningsstoel” die oudste van die Oos Indiese koloniale sitmeubels is. Hy wys op die oorsprong van die naam „Koningsstoel”. Dit gaan ver terug in die geskiedenis van die Ooste toe slegs gode en konings op stoele met rugleunings kon sit. Die gewone mense het net die stoele gesien, maar self nooit gebruik nie. Dit herinner aan die toestand in die Middeleeue in Europa toe 'n stoel ook net vir 'n persoon met status beskore was. Die sirkelvormige sitplek en halfsirkelvormige rug word gevind in Boedistiese monumente. Die gode van die Boedistiese Pantheon is afgebeeld sittende op ronde of vierkantige sitplekke met of sonder halfronde rugleunings.⁵⁵⁾

53) Gloag, J.: The Englishman's Chair, bls. 94.

54) Sloman, V.: The Burlington Magazine, September 1934, bls. 120.

55) Van de Wall, Dr. V.I.: Het Hollandsche Koloniale Barokmeubel, bls. 78.

Die naam wat die „Koningsstoel”, wat skynbaar gebaseer is op hierdie ontwerp, dra in die Oosterse koloniale huis-houding dui op die moontlikheid van sy Indiese oorsprong.

Die stoel word soms ook in Hollands Oosindië 'n „barbier-stoel” genoem. Die huisheer het die soort stoel gebruik as die haarkapper sy hare kom sny. Inderdaad is dit so dat die breë boonste reling en die halfsirkelvorm van die rug hom uitstekend leen vir die doel van hare kap. Daar teenaan kan gemaklik agteroor geleun word. Die naam „Burgemeesterstoel” is waarskynlik modern. Dis die naam wat in Holland aan die stoele gegee is wat daar gemaak is na die voorbeeld van die Indo-Hollandse model.⁵⁶⁾

Origens is die stoel ook bekend as 'n „wielstoel” vanweë die ronde spanstukke tussen die ses pote.⁵⁷⁾

In Engeland en Amerika word hierdie stoel soms 'n round-about stoel genoem. In Amerika is daar stoele van hier-⁵⁸⁾ die aard wat netsoos dié in die Fehr-versameling lyk. Maar dat die term later in die V.S.A. 'n wyer betekenis gekry het, is duidelik as gelet word op 'n voorbeeld getitel American roundabout chair.⁵⁹⁾ Hierdie stoel verskil baie van die oorspronklike ontwerp. Daar is net vier pote, die spanstukke is afwesig en dis net die ronde sitplek en boogvormige rugleuning wat oorgebly het.

Dit dien op gelet te word dat hierdie stoelvorm gladnie genoem word in die omvattende werk Vijf eeuwen binnenhuis en meubels in Nederland nie. Daaruit sou mens wou aflei dat die stoelvorm nooit in Holland self gemaak is soos wel

56) Gloag, J.: op.cit., p. 94.

57) Pearse: op.cit., p. 54.

58) Lockwood, L.: Amerikanische Möbel der Kolonialzeit, bl. 130.

59) Aronson: Encyclopedia of Furniture, no. 329

in Engeland gebeur het nie, maar dat dit koloniale voorbeeld is wat in Nederland voorkom.⁶⁰⁾ Tog is ander deskundiges beslis van oortuiging dat die stoel baie in Nederland nageboots is in die plaaslike houtsoorte.⁶¹⁾

In verband met die ontstaan van die Koningsstoel in Oos-Indië is daar 'n breedvoerige uiteensetting in die werk oor die Hollandse koloniale meubels. Hierin word beweer die stoel het ontstaan in die tweede kwart van die 17de eeu direk na handelsbetrekkinge met Koromandel, Bengale en Malabar deur Nederland begin is.⁶²⁾ Die oorspronklike ontwerp was baie eenvoudig. Dit toon 'n onversierde rug met medaljons wat met rottang gevul is. Die pote is nie alleen met 'n speekvormige- maar ook met 'n hoepelvormige spanstuk verbind. Houtsneewerk kom nie op die vroeë model voor nie behalwe waar twee menskoppe die rugstyle bekroon.⁶³⁾ Vanweë die baie geboë vorms in so 'n stoel is dit 'n uitdaging om die stoel in harde ebbehout te maak. Voorbeeld in ebbehout is dus baie waardevol veral wanneer dit met ivoor ingelê is. Hierdie model het die vroeë Kaapse Koningsstoel beïnvloed.

Die stoel word steeds weelderiger namate die tydperk vorder en die swierige hoflewe van Lodewyk XV, soos ook in Holland in die tyd nagevolg, later in die Ooste sy invloed laat geld. Die pote is boogpootvormig en baie houtsneewerk kom voor. Die beskrywing stem eintlik presies ooreen met die beskrywing van die Kaapse voorbeeld in Groote Schuur soos hierbo uiteengesit.⁶⁴⁾

-
- 60) Van der Pluym: Vijf eeuwen binnenhuis en meubels in Nederland.
 - 61) Van de Wall: op.cit., p. 80.
 - 62) Van de Wall: op.cit., p. 79.
 - 63) Sien tekening 43.
 - 64) Sien tekening 45.

Die Kaapse koloniste vind die Koningsstoel „een prettig sitmeubel, dat in hun eenvoudig binnenhuis niet misstond.”⁶⁵⁾ Soos uit bogaande duidelik is, is die Koningsstoel 'n Oosterse vorm en daarom kan mens hier praat van Oosterse invloed op die Kaapse stoelvorm.

Die stoel is in die Kaap 'n voorloper van die wiegie soort Hoekstoel. In Europa gee sy sirkelvorm aanleiding tot die ronde „Skryfstoele” en ander hoekstoele.⁶⁷⁾

Ten slotte word interessantheidshalwe gewys op die verwysing na Dingaan, koning van die Zoeloës, se ronde stoel.⁶⁸⁾ Dié primitiewe stoel vorm 'n ooreenkoms met die ronde plan waarop die Koningsstoel opgebou is en soos hierbo uiteengesit het die oorspronklike Koningsstoel ook sy oorsprong in baie ou kunsforms naamlik die Boedistiese monumente in ou Indië.


65) Van de Wall: op.cit., p. 81.

66) Atmore: op.cit., p. 60.

67) Sien tekening 59.

68) Van de Wall: op.cit., p. 96. (Die stoel is in die Voortrekkermuseum, Natal). Dieselfde stoel is ook afgebeeld in De Kock, V.: Ons Erfenis, no. 52, p. 33.

Die stoel word ontleed om die verskillende dele van 'n stoel aan te dui en die terme gebruik in die studie te verduidelik.



48. 'n Tipiese Kaapse Spilstoel in stinkhout.
· Riempie sitplek. Dubbelle spanstukke. Voorbeeld is in die Kultuurhistoriese museum, Pretoria.

5. KAAPSE SPILSTOEL OF „TOLLETJIESSTOEL”

Die Spilstoel is van die vroegste Kaapse stoele en dateer vanaf die einde van die 17de eeu. Die soort stoel is uit stinkhout gemaak maar ook dikwels uit vrugtehout soos lemoen- of peerhout. Daar is ook 'n geelhout Spilstoel in privaatbesit in Pretoria.⁶⁹⁾


Die Spilstoel bestaan uit silindervormige gedraaide dele. Elke onderdeel daarvan, pote, spanstukke, rugstyle, sitplekraam en spille in die rugleuning is op die draaibank gemaak. Die pote is meestal dik silinder „stompe” waarvan die voorste twee effens bokant die sitplek verbysteek terwyl die agterste twee deurloop om oor te gaan in die rugstyle wat versier is met draaiwerk. Aan die bopunte eindig die rugstyle in spitsversierings. Die pote eindig in ronde bolvorms of kan afgespits wees soos die voorbeeld⁷⁰⁾ in die Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum in Pretoria. Tussen die pote kom twee silindervormig gedraaide spanstukke voor. Dubbelspanstukke is eie aan hierdie stoele. Dié is meestal onversier, maar in die hoekstoel van die selfde soort in die Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum is die spanstukke wel met draaiwerk versier. By hierdie selfde voorbeeld is ook die pote met draaiwerk versier, 'n eienskap wat seldsaam is.⁷¹⁾ Beide hierdie stoele is van stinkhout gemaak.

Die sitplek van die Spilstoel kan van riempie of rottang wees en die gate word horisontaal in die sitplekraamwerk ingeboor. Die rugleuning bestaan uit twee horisontale gedraaide sporte wat aan die bokant en onder net bokant

69) eiendom van Mev. H. Meiring. Afkomstig uit George distrik.

70) Sien tekening 48.

71) Sien tekening 49.



49. 'n Uitsonderlike tipe tolletjiesstoel in die vorm van 'n hoekstoel. Al die dele is gedraaide dele, ook die pote. Die spanstukke en pote van hierdie stoele is meestal net gerond sonder draaiwerkversierings. Die voorbeeld is in stinkhout en is in die Kultuurhistoriese Museum in Pretoria.

die sitplek die twee rugstyle verbind. Tussen die horizontale sporte is vyf vertikale gedraaide sportjies of spilletjies. Die stoelvorm word soms na verwys as 'n tolletjiesstoel moontlik as gevolg van die spilletjies in die rugleuning. Atmore wys op die eenvormige styl wat die stoele deurgaans handhaaf⁷²⁾ en dat hy net een met 'n armleuning aangetref het en wel in die Tulbagh-museum.⁷³⁾ Illustrasie 25 in Pearse se werk toon 'n heeltemal ander variasie van spilstoel. Dit is 'n armleunstoel en die rug bestaan uit drie horizontale sporte wat dan twee stelle van vyf spille daartussen toon.⁷⁴⁾ 'n Tolletjiesstoel met 'n dergelike rugleuning was te sien op die Stellenbosch museum se uitstalling: „Die Kaapse Stoel“. Hierdie voorbeeld is van vrugtehout gemaak en het nie armleunings nie.⁷⁵⁾

Die hoekstoelvariasie van die Spilstoel in die Kultuurhistoriese- en Opelegmuseum is seker baie uitsonderlik.⁷⁶⁾ Die bou daarvan stem presies ooreen met dié van die vroeë kaapse Hoekstoel, wiegiesoort.⁷⁷⁾ In die versameling van Dr. A. Obholzer van Nuweland, Kaap, is twee baie treffende plattelandse variasies van hierdie Spilstoel. Die proporsies is lomp en swaar met baie dik pote. Beide is van vrugtehout gemaak.

Die oorsprong van die Kaapse Spilstoel gaan ver terug in die Europese meubelgeskiedenis want gedraaide stoele is vanaf die vroeë Middeleeue bekend. Soos reeds na verwys

72) Atmore, M.G.: op.cit., p. 61.

73) Ibid., p. 62.

74) Pearse, G.E.: Eighteenth Century furniture in South Africa, p. 22.

75) Katalogus van Stellenbosch Museum, no. 10.

76) Sien tekening 49.

77) Sien tekening 42.

in die Engelse- en in die Hollandse oorsig van stoele is dit meer waarskynlik dat die Hollandse voorbeeld aan die Kaap die inspirasie vir die Kaapse vorms was aangesien ons hier te doen het met 'n baie vroeë Kaapse stoel daterende uit die tyd toe die Hollandse invloed in die Kaap oorwegend was. Die schemel kan dus beskou word as die vroeë voorloper van die Kaapse Spilstoel. Atmore verwys na 'n Vlaamse voorbeeld uit die 17de eeu wat volgens hom identies is met die Kaap model.⁷⁸⁾ Die schemel was die voorganger van hierdie soort stoele in Vlaandere en Holland. Dit lyk ook asof die Spilstoele in Engeland 'n meer ingewikkeld vorm aangeneem het as gelet word op 'n afbeelding van 'n 16de eeuse Engelse Spilstoel.⁷⁹⁾ Dié baie ingewikkeld Spilstoel in die Victoria en Albert museum is volgens Edwards uit Skandinawië afkomstig.⁸⁰⁾

Dit is dus duidelik dat die herkoms van Spilstoele, of stoele gemaak uit gedraaide dele, baie ver in die geskiedenis teruggaan, sover terug as die 9de eeu.

"Turnery has a long history in Europe, having been practised centuries before the English Turners' Company was incorporated in 1604, when, incidentally, the turning of chairs was their monopoly..... We direct attention to the innumerable representations of turned thrones and chairs in Western art, ranging from Carolingian illuminated MSS. of the ninth century to the Trinity Apocalypse of the thirteenth, and from the Byzantine ivories to the Flemish Primitives".⁸¹⁾

78) Atmore, M.G.: op.cit., p. 61.

79) Sien tekening 52.

80) Edwards, Ralph: English Chairs, katalogus van die Victoria en Albert museum, p. 17 en tekening 53.

81) Edwards, Ralph: "A reply to Dr. Slomann", The Burlington Magazine, Dec. 1934, p. 273.

Vanaf 1600 is die Spilstoel in die V.S.A. gemaak. Daar is dit bekend onder die name Brewster chair en Carver chair.⁸²⁾


'n Latere vorm wat in Engeland in 1725 ontwikkel het uit die vroeë gedraaide stoele is die Engelse Windsor stoel. Die stoel is in die platteland gemaak en is saamgestel uit gedraaide spørte tesame met geboë dele byvoorbeeld die geboë hoepelrug. Daar word verwys na hierdie stoel omdat dit eintlik opvallend is dat daar geen Kaapse stoele van hierdie aard ooit gemaak is nie. Dit is opvallend aangesien dit so 'n gewilde en algemene vorm nie net in Engeland is nie, maar ook die die V.S.A.⁸³⁾

Die Kaapse Spilstoel is nie meer gemaak na 1750 nie. Dit is af te lei uit die eenvormige karakter wat die stoel deurgaans handhaaf.⁸⁴⁾

82) Lockwood: op.cit., p. 166 en 119.

83) Dr. Atmore het mondeling meegedeel dat hy nêrens 'n „Kaapse Windsor“ stoel teegekom het nie.

84) Atmore, op.cit., p. 62.



54. 'n Tipiese Kaapse „Tulbagh“ stoel in die Kultuurhistoriese museum, Pretoria. Die ovaal rottang rugpaneel is met houtsneewerk rondom versier. Spitsversiering bo-aan die rugstyle is baie tipies van die tipe stoel. Die pote is gedraai en die rugstyle ook. Spanstukke is reg-hoekig in deursnee, is laag by die grond en verbind die pote in 'n reghoek vorm. (Engels: „box-stretcher“.)

vorm van die rottang middelstuk. Soms is die klem op 'n vertikale effens smaller en fyner rug soos 'n voorbeeld in die Tongaat versameling.⁸⁹⁾ Hierdie stoel dateer uit die vroeë 18de eeu. In die Tongaatversameling is ook 'n Tulbaghstoel waarvan die rugstuk veel solieder en swaarder voorkom en eenvoudiger houtsneewerk toon. Die voorbeeld in die Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum in Pretoria het 'n slanker rugontwerp.⁹⁰⁾ Die rugstyle is aan die bokant afgerond met spitsversierings. Die rottang middelgedeelte is byna deurgaans ovaalvormig. Daar is egter een voorbeeld waar die rottangontwerp meer reghoekig neig.⁹¹⁾

Op die uitstalling „Die Kaapse stoel“ was 'n Tulbaghstoel met 'n klein reghoekige rugpaneel. Die pote, rugstyle en spanstukke is kurktrekkervormig gedraai wat daarop sou duï dat dit 'n vroeë model is. Maar daar bestaan egter twyfel of hierdie kiaathout stoel wel in die Kaap gemaak is.⁹²⁾

Die onderstel van hierdie soort Kaapse stoele bestaan uit 'n reghoekige rottang sitplek. Die pote is meestal balustervormig. Hulle word verbind deur reghoekige spanstukke wat al vier pote in die vorm van 'n reghoek verbind (box stretcher). Die spanstukke is reghoekig in snit, maar daar is een geval waar die spanstuk aan sy onderkant uitgesny is met houtsneeverziering. Die stoel is in die Tongaat versameling⁹³⁾ en verskyn op die buiteblad van Dr. Atmore se boek „Cape Furniture“. Die lae spanstuk van die Kaapse Tulbaghstoel wat die vier pote verbind en byna aan die vloer raak, is eie aan die Kaapse model.

89) Atmore, M.G.: op.cit., plaat 4.

90) Sien tekening 54.

91) Atmore, M.G.: op.cit., fig. B5.

92) Katalogus van die Stellenbosch museum, no. 13.

93) Atmore, M.G.: op.cit., plaat 4.

Andersins is dit duidelik dat die Tulbaghstoel 'n vereenvoudigde navolging is van die Hollandse laat 17de eeuse rottangrugstoele. Die ooreenstemmende stoel in Engeland is die Karel II stoel. 'n Ander opvallende verskil by die Kaapse model is die weglatting van die uitgekerfde spanstuk tussen die voorpote net onderkant die sitgedeelte. Hierdie dekoratiewe spanstuk is een van die fokuspunte van beide die Hollandse- en Engelse rottangrugstoele.

Die pote van die Tulbaghstoel eindig onder in „bal“ pootjies. As die pote balustervormig is is die rugstyle ook in diezelfde vorm. Daar is enkele gevalle waar die rugstyle, pote en spanstukke kurktrekkervormig gedraai is. Die rugstyle stem altyd ooreen met die vorm van die pote. Die voluutvormige pote wat in die later Europese modelle voorkom, kom nooit by die Kaapse Tulbaghstoel voor nie. Die stoele is almal in stinkhout gemaak behalwe die kiaathout voorbeeld (bls. 67) indien dit 'n Kaapse model is. Die hout van die Tulbaghstoel in die Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum, Pretoria, is baie donker, amper swart.

Uit bogaande blyk dat die Kaapse stoel in alle opsigte 'n vereenvoudige ontwerp is. Langs die Hollandse rottangrug gesien, is daar wel gelykenis, maar die vereenvoudiging is opvallend. Hier kan 'n vergelyking tussen moederlandse meubels en koloniale meubels gemaak word. Die Europese stoelvorm ontwikkel naamlik vanaf 'n betreklike eenvoudige vorm tot 'n steeds meer weelderig versierde byna oordadige model. Dit is altyd die geval by inheemse stylvorms. By koloniale meubels is die proses omgekeerd. Die Kaapse model begin met die meer weelderige vorm en die ontwerp word steeds eenvoudiger.⁹⁴⁾ Hierdie eienskap is eie

94) Atmore, M.G.: op.cit., p. 63.

aan alle koloniale meubelstyle. Vereenvoudiging tree in namate 'n stylvorm ouer word.

Daar is egter tog 'n uitsondering naamlik die stoele van Nederland Oos-Indië. In hierdie geval is die prototipe van die moederland nagevolg vroeg 17de eeuse Nederlandse stoel en steeds meer en meer weelderig met houtsneewerk versier as gevolg van die Oosterse stylinvloede.

Rondom 1700 in die V.S.A. is daar ook rottangstoele van dieselfde aard as die Hollandse rottanrugstoel. Hier is egter baie meer navolging want die Amerikaanse model is byna nie te onderskei van die Europese een nie.⁹⁵⁾ Hierdie voorbeeld staan in die V.S.A. bekend as Vlaamse invloed en is in esdoringhout gemaak.

In 'n artikel word die Tulbaghstoel verkeerdelik bestempel as 'n voorbeeld van Oosterse invloed:

"Hierdie stoel is beslis oorlewering van die slawe wat in Tulbagh se kontrei hul Oosterse kuns en uitsny- en rottangwerk beoefen het en so direk verantwoordelik was vir die ontstaan van die eksotiese Tulbaghstoel."⁹⁶⁾

Die groot aantal variasies van Tulbaghstoele wat binnelands uit die oorspronklike Tulbaghstoel ontwikkel het, word nie hier bespreek nie aangesien hulle voorbeeld is van selfstandige ontwikkeling weg van Europese invloede.

95) Aronson: The Encyclopedia of Furniture, no. 268.

96) Van Rensburg, Suzanne: "One eie kosbare antieke", deel II, in Boerdery in Suid Afrika, Mei 1966.

7. KAAPSE QUEEN ANNE-STOEL

Die vroegste vorm van die Queen Anne-stoel aan die Kaap dateer vanaf ongeveer 1730.

Daar is kunshistorici wat meen die Queen Anne-stoel het sy oorsprong in die Ooste.⁹⁷⁾ Die navorsing van Symonds is nie onder die Engelse stoeloorsig so volledig na verwys nie omdat dit hier meer van toepassing is waar die Kaapse Queen Anne-stoelvorm volledig nagevors word wat betref sy herkoms en voorkoms. Die Oosterse oorsprong waarna hier verwys word, is belangrik omdat dit ooreenstem met wat William Fehr sê in verband met die oorsprong van sekere dergelike stoelvorms in sy versameling. Na hierdie voorbeelde in die Fehr versameling word later volledig verwys. Die moontlikheid dat die Kaapse Queen Anne-stoel gebaseer is op Oosterse modelle, sou 'n baie vergesogde teorie wees. Die ontwikkeling van die Kaapse model stem presies ooreen met die ontwikkelingsgang van hierdie stoel in Europa en daarom is dit baie meer waarskynlik dat die voorbeelde vir die Kaapse Queen Anne-stoel vanaf Engeland en Holland na die Kaap gekom het. Dit wil voorkom of die Queen Anne-stoel eerste in Holland gemaak is want 'n vroeë Engelse model word beskryf as „in the Style of Daniel Marot”.⁹⁸⁾ Marot het lank in Holland gewerk voor hy vir 'n paar jaar na Engeland gegaan het saam met Willem III van Holland.⁹⁹⁾ Beide die Engelse en die Hollandse vorms het waarskynlik die Kaapse Queen Anne-stoel beïnvloed. In hierdie tyd was handel met Engelse sowel as ander Europese skepe aan die Kaap reeds algemeen en voorbeelde van beide Engelse en Hollandse meubelontwerpe was aan die Kaap bekend.

97) Symonds, R.W.: „A chair from China” in Country Life, 1953.

98) Fastnedge, R.: English Furniture Styles, 1500 - 1830, p. 70.


99) Ozinga: Daniel Marot, p. 89.

Die vroegste Kaapse Queen Anne-stoelvorm, waarvan 'n voorbeeld in Pretoria se Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum is, onderskei hom deur sy reguit kam,¹⁰⁰⁾ sy eenvoudige ruglat met geen versiering daarop nie. Die voorpote is boogpote wat eindig in 'n bal-en-klou pootvorm, die agterpote en rugstyle is reghoekig en die agterpote loop effens skuins na agter. Die sitplek is saamgestel uit reguit lyne en voor is die sitplek aan die onderkant in 'n geboë vorm uitgesny. Die sitplek van hierdie voorbeeld is met riempie bespan. Die stoel is in stinkhout gemaak. 'n Dergelike vroeë vorm van die Kaapse Queen Anne-stoel is in die Tongaat versameling. Die ruggededeelte lyk baie soos die vorige een behalwe dat die rugstyle nie reguit is nie maar geboë vorms. Die boonste kam is reguit soos kenmerkend van die vroeë voorbeeld. Die onderstel van die Tongaat model toon twee fyner boogpote wat eindig in 'n hoefpoot terwyl die agterpote net reguit is. Hierdie stoel het 'n „H"-vormige spanstuk wat die pote verbind. 'n Spanstuk kom nie voor by die Kultuurhistoriese museum se model nie. Die sitplek van die Tongaat stoel is aan die voorkant met 'n serpentyn kurwe¹⁰¹⁾ geboë en is met rottang bespan. Ook hierdie voorbeeld is van stinkhout.¹⁰²⁾ 'n Vroeë voorbeeld in die Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum in Pretoria is 'n Queen Anne-stoel met armleunings wat elk eindig in 'n dierkop wat baie eenvoudig uitgesny is. Die kam van hierdie stoel is nie meer reguit nie maar duis reeds die volgende stadium van ontwikkeling aan waar die kam 'n geboë vorm verkry. Die ruglat is nog die onversierde eenvoudige vaasvorm soos in die vorige voorbeeld.


100) kam of kamreling = cresting rail.

101) serpentyn kurwe = serpentine curve.

102) Atmore, M.G.: op.cit., plaat 8.



57. Engelse vroeë Queen Anne stoel met gestoffeerde sitplek. Tydperk: 1702. Die voorpote is bokpote en eindig in hoefpootjies. Spanstukke kom in die vroeë modelle voor.



58. Kaapse Queen Anne stoel met rottang sitplek. Tydperk: 1750. Bal en klou vorm is gebruik in die bokpote. Die sitplekraam is reg-hoekig.

Teen 1750 is die Kaapse Queen Anne-model meer soos die tipiese Engelse- en Hollandse vorms. Die ruglat is swieriger geboë, die rugstyle is ooreenkomsdig gerond en die kamreling is nie meer reguit nie, maar ook geboë. Die voorpote is soos dié van die Engelse- en Hollandse modelle ook boogpote wat eindig in bal-en-klou vorms maar dit kan ook in 'n hoefvorm eindig.¹⁰³⁾ Die agterpote is vierkantig en effens uitgeskuins na agter.¹⁰⁴⁾ Die sitplekraam is in hierdie stadium nog reghoekig. Spanstukke kom nie in hierdie modelle voor nie.

Nog later voorbeeld toon houtsneewerk op die knie van die boogpoot en op die sitplek-voorkant. Die motief wat gebruik word, is meestal die skulpvorm. 'n Voorbeeld van 'n stoel met die soort snywerk is in Groote Schuur. Die selfde model het ook geringe inlegwerk in ivoor op die rugstyle, rugstuk en voorste deel van die sitplekraam.¹⁰⁵⁾ Die sitplekraam van hierdie stoel is ook nie meer reghoekig nie maar aan die sykant geboë. Volgens Symonds is die geboë sitplek meer eie aan die Engelse latere modelle en kom nie soveel by die Hollandse modelle voor nie.¹⁰⁶⁾ Verwysend na 'n voorbeeld in die Rijksmuseum, Amsterdam, sê Scheurleer egter dat die diep kurwe aan weerskante van hierdie Hollandse Queen Anne-stoel eie aan die Hollandse vorms van die tyd is.¹⁰⁷⁾ Wat inlegwerk, marquetry, op hierdie stoele betref is daar egter eenstemmigheid dat inlegwerk en veral geblomde motiewe veel meer op die Hollandse vorms voorkom en van die enkele Kaapse modelle met inlegwerk kan aanvaar word dat hulle deur hierdie Nederlandse voorbeeld geïnspireer is. Die


103) Pearse, G.E.: op.cit., fig 66.

104) Sien tekeninge 57 en 58.


105) Pearse: op.cit., fig. 64.

106) Sien bladsy 37.

107) Hayward, H.: World Furniture, "The Low Countries", deur Th. Lunsingh Scheurleer, fig. 623, p. 166.



60. Queen Anne stoel in die Fehr versameling. Volgens Dr. Atmore is hierdie 'n Kaapse stoel, volgens William Fehr is die stoel in die Ooste gemaak.



61. Engelse Queen Anne stoel met houtsneeverfiering. Die voorbeeld is in die Victoria en Albert Museum, London. Die rugleuning word in Engeland beskryf as 'n „India-back”.

18de eeuse Kaapse Queen Anne-stoel in die William Campbell Museum, Durban, wat ryklik met blom inlegwerk versier is, is 'n goeie voorbeeld van hierdie soort versiering op 'n Kaapse model. Die inlegwerk kom op die ruglat, kam, rug-style, sitplekvoorkant en pote voor.¹⁰⁸⁾ Inlegwerk is egter altyd seldsaam in Kaapse stoelvorms. Voorkeur is steeds gegee aan eenvoud.

In 'n verdere model van hierdie stoel kom daar meer ingewikkelde houtsneewerk op die rugstuk voor. Daar is egter meningsverskil of hierdie stoele wel Kaapse vorms is. In nommers QA6 en QA7 in sy boek Cape Furniture dui dr. Atmore die voorbeeld aan as Kaapse Queen Anne-vorms.¹⁰⁹⁾ William Fehr verwys egter na presies dieselfde stoele as Oosterse modelle.¹¹⁰⁾ Daarbenewens beweer dr. Atmore dat nommer QA6 in stinkhout gemaak is, wat seker nie die geval kan wees as die stoel in die Ooste gemaak sou gewees het nie.¹¹¹⁾ Van nommer QA7 sê dr. Atmore daar word beweer dat die houtsoort Bataafse hout is, maar dat dit nog nie werkliek geïdentifiseer is nie.¹¹²⁾ Fehr sê baie beslis van die selfde voorbeeld dat die houtsoort koromandelhout is.¹¹³⁾

Fehr sê aangaande die Queen Anne-stoele in sy versameling in die Kasteel in Kaapstad die volgende:

„Die statige hoërug stoele sonder leunings in die Queen Anne-styl is nie tipies van die Kaap nie; almal in die versameling is uit die Ooste ingevoer. Hulle is uit 'n veel vroeër tyd as die Kaapse meubels“.¹¹⁴⁾

108) Atmore, M.G.: op.cit., figuur D2, p. 148.

109) Ibid. p. 68.

110) Fehr, W.: op.cit., p. 101 (model regs) en p. 100 (model links).

111) Atmore: op.cit., p. 68.

112) Ibid.: p. 68.

113) Fehr, W.: op.cit., p. 101 en tekening no. 60.

114) Fehr, W.: op.cit., p. 16.

Op die „Antiekbeurs”¹¹⁵⁾ gehou te Delft, Julie 1968, is 'n presiese weergawe gesien van die Queen Anne-stoel soos die in Fehr se versameling hierbo genoem. Volgens Fehr is die in sy versameling uit koromandelhout gemaak. Die voorbeeld op die Antiekbeurs het baie die voorkoms van koromandelhout naamlik donkerbruin strepe in ligtebruin hout. Die hoof van die meubelafdeling van die Rijksmuseum in Amsterdam¹¹⁶⁾ het die stoel gekoop vir sy museum se koloniale meubel afdeling. Hy het die stoel volgens dr. Atmore se boek dadelik geklassifiseer as 'n Kaapse stoel. Aangesien die skryfster bewus was van hierdie verskil in mening aangaande die herkoms van die spesifieke Queen Anne-vorm en omdat mnr. Fehr se standpunt meer korrek voorkom, het die skryfster mnr. Liefkes daarop gewys. Skryfster het aan hom gesê dat hy gevölglik nie sonder twyfel kan aanvaar dat dit 'n Kaapse stoel is nie. Die moontlikheid is daar dat dit 'n Oosterse model is. Soos reeds in die Engelse oorsig van stoelvorms aangetoon, het die Queen Anne-stoelvorm sy ontstaan in die Ooste.¹¹⁷⁾ Die houtsneewerk aan hierdie Queen Anne-stoele in die Fehr versameling verskil so baie van die meer sobere Kaapse Queen Anne-stoele en die kenmerkende neiging tot vereenvoudiging wat eie is aan alle Kaapse stoele dat Fehr se beskouing seker as die juiste beskou kan word. Daarby kom ook nog die feit dat die houtsoorte aangedui is as moeilik om te identifiseer.¹¹⁸⁾ Hierdie feit dui ook eerder op buitelandse herkoms.

Daar is op gewys¹¹⁹⁾ dat beide Engelse en Nederlandse modelle van die Queen Anne-stoel invloed uitgeoefen het op die Kaapse

115) Antiekbeurs: 'n jaarlikse tentoonstelling van antieke meubels, silwer, porselein ens. in Delft.

116) Mnr. Liefkes.

117) Symonds, R.W.: "A Chair from China", Country Life, 1953.

118) Atmore: op.cit., p. 68.

119) bladsy 72.

model. Wat betref die eenvoudige ontwerp van die Kaapse voorbeeld staan hy miskien nader aan die vroeë Engelse eenvoudige vorm¹²⁰⁾ en wat die inlegwerk betref wat op latere Kaapse voorbeeld voorkom, is dié meer waarskynlik onder Hollandse invloed gedoen. In elk geval was daar in Europa tussen Engeland en Holland in die vroeë 18de eeu reeds so 'n oorvleueling van style dat dit eintlik gewaagd is om in hierdie stoel na besliste Hollandse of Engelse invloed in die Kaapse vorm te wys. Ook gebeur dit dat dieselfde ontwerper soms in beide lande werk byvoorbeeld Daniel Marot¹²¹⁾.

Die term India back van hierdie stoel van Daniel Marot duï waarskynlik daarop dat die uitgesnyde rugleuning Oosters geïnspireer is. Van belang vir hierdie studie se doeleindes is dat hierdie stoel se rugleuning besonder baie lyk soos die Queen Anne-stoele in die versameling in die Kasteel, Kaapstad, wat as Oosters van oorsprong beskou word.¹²³⁾ Dit is dus nog 'n rede om te aanvaar dat hierdie stoele nie Kaaps gemaak is nie.

120) Sien tekening 57.

- 121) Die stoel waarna op bladsy 70 verwys word as „in the styl of Daniel Marot“ is in die Victoria en Albert museum¹²²⁾. Van hierdie stoel word ook gesê dat die rugleuning daarvan 'n India back is.
- 122) Katalogus van die Victoria en Albert Museum, no. 46, p. 20.
- 123) Fehr, W.: op.cit. p. 101.

59. Queen Anne „skryfstoel“ (Engels). Dit is ook 'n hoekstoel aangesien die ontwerp daarvan van so 'n aard is dat dit in 'n hoek kan staan. Die invloed van die stoel op die Kaapse Queen Anne baliestoel is baie direk.



8. KAAPSE QUEEN ANNE HOEKSTOEL

Die stoel is opgebou uit presies dieselfde elemente as sy Engelse voorganger die reading or writing chair van die Queen Anne- en Engelse Georgiese-tydperke.¹²⁴⁾

Die halfsirkelvormige rugleuning het 'n verwyding in die middel egter waarop lae relief houtsneewerk kan voorkom. Op die voorbeeld wat hierby geïllustreer word uit die versameling van mnr. van der Walt is die versieringvorm dié van fyn blare en blommotiewe. Hierdie voorbeeld word beskryf omdat dit so verteenwoordigend is van die Kaapse Queen Anne-hoekstoel.

Die rugleuning word gestut deur twee rugstukke in vaasvorm wat ook met lae reliëf versiering versier is. Die motief lyk byna soos 'n gestileerde protea omring deur gekrulde blaar vorms. Aan elke kant van die twee rugstukke kom 'n balustervormige gedraaide sport voor. Al hierdie vorms rus op die stoelsitplek. Die sitplek is byna vierkantig op plan, maar effens gerond aan die voorste sy. Op die sitplekrelings kom ook reliëfhoutsneewerk voor van dieselfde aard as dié op die rugreling. Drie pote is regaf en eindig in hoefvormige pootjies. Die poot in die middel van die sitplek voor is 'n boogpoot met 'n groot gestileerde skulp-versiering op die knie. Hierdie poot eindig in 'n bal-en-kloof versiering. Die vier pote is oorkruis verbind deur 'n gedraaide spanstuk. Die hout is pikswart en ongeïdentifiseerd. Die sitplek is met riempies bespan, maar was oorspronklik ook seker rottang. 'n Dergelike stoel in die Africana Museum in Johannesburg verskil van bogenoemde slegs in enkele details. Die reliëf houtsneewerk van hierdie stoel kom slegs voor op die sitplekreling en knie van die boogpoot.

124) Sien tekening 59.



Kaapse Queen Anne hoekstoel of baliestoel in versameling van Mn.
van der Walt. Die algemene vorm stem ooreen met die Engelse Queen
Anne skryfstoel.

Die X-vormige spanstuk is nie gedraai nie, maar uitgesny met gekartelde sykante. Die vaasvormige ruglatte is onversierd. Hierdie model is in ligte stinkhout gemaak. Sy sitplek is met rottang bespan. In Groote Schuur is nog 'n voorbeeld van hierdie meer seldsame stoel.¹²⁵⁾ Dié lyk baie soos die van mnr. van der Walt. Hierdie stoele is na 1750 gemaak.¹²⁶⁾

Die voorbeeld in Fehr se versameling het 'n los gestoffeerde sitplek netsoos die Engelse stoele van hierdie soort. Hierdie stoel het ook reliëf houtsneewerk maar die motiewe daarvan verskil effens van die ander genoemde voorbeelde. Wat die versieringsvorm presies is is moeilik om te sê; waarskynlik 'n blommotief. Die stoel se X-vormige spanstuk bestaan uit onversierde reghoekige sporte in teenstelling met bogenoemde twee stoele waar die spanstukke gedraaide vorms is.¹²⁷⁾

Dr. Atmore wys op verdere variasies in die pootvorms en ook die rugstukke van die Kaapse Queen Anne-hoekstoel.¹²⁸⁾

Prof. Herwin Schaefer sê die volgende in verband met die Queen Anne Kaapse hoekstoel van mnr. van der Walt:

"The chair is typical of the first half of the eighteenth century in Holland, England and America, though its specific details may not recur in that exact combination. The detail is naive and somewhat heavy and simplified, but of course derived from the usual classical European sources".¹²⁹

125) Pearse, G.E.: op.cit., fig. 63, p. 55.

126) Atmore: op.cit., p. 68.

127) Fehr, W.: op.cit., no. 85.

128) Atmore: op.cit., fig D15, D16, D17,D18,D19, p. 148


129) Uittreksel uit brief van Prof. Herwin Schaefer gedateer 21 Mei 1968.

Die Queen Anne-hoekstoel se oorsprong is as volg: die hoekstoel is 'n ooprug armleunstoel wat ontwerp is om in 'n hoek te staan. Dis tydens die vroeg agtiende eeu in Engeland gemaak en meestal in die Queen Anne, Vroeg Georgiese- en Chippendale style. Die tipiese vorm bestaan uit 'n halfsirkelvormige arm- en rugleuning ineen wat rus op twee vaasvormige rugsporte en drie gedraaide kolomme wat elk rus op een van die drie hoeke van die waaiervormige of vierkantige sitplek. Drie pote van die stoel ontspring uit hierdie kolomme. Die vierde poot is in die middel van die sitplek aan die voorkant. Die pote kan al vier boogpootvormig wees of drie kan gewone gedraaide kolompote wees en net die voorste 'n boogpoot. In sommige gevalle waar 'n stoel net die een boogpoot het, is die vier pote verbind deur 'n gedraaide X-vormige spanstuk. Op die knie van die boogpoot kom soms 'n skulp in houtsneewerkversiering voor.¹³⁰⁾

So 'n hoekstoel is dikwels ook 'n „skryfstoel” genoem en Gloag toon ook 'n ander variasie van presies dieselfde stoel naamlik 'n „skeerstoel” waar die stoel 'n hoë koprusstuk het wat uit die rugleuning ontspring.¹³¹⁾

130) Sien tekening 59.

131) Gloag: op.cit., p. 97.



60a.

'n Kaapse vrouestoel uit die versameling van Ds. J. Naude,
Griekwastad. Die sitplek is laag, die rugleuning is ge-
wone hoogte. Gemaak uit blouboshout. Riempie sitplek,
tapse pote.

9. KAAPSE „VROUESTOEL”

Die vrouestoel kan gedefinieer word as 'n stoel wat spesiaal vir 'n vrou ontwerp is om byvoorbeeld gebruik te word wanneer sy haar baba voed of met die kind werk. So 'n stoel word gekenmerk deur sy lae sitplek. Sover vasgestel kon word, is die stoel in verskillende style in verskillende tydperke aan die Kaap gemaak want die stoel neem verskillende vorms aan. So is daar 'n voorbeeld van 'n „vrouestoel” in die vorm van die Kaapse Spilstoel.¹³²⁾ Soos reeds aangetoon toe die Spilstoel behandel is, is dit een van die oudste Kaapse stoelvorms. Daar is ook 'n lae vrouestoel van plattelandse ontwerp uit die laat 18de eeu met twee dwars sporte in die rugleuning en reg-hoekige tapse pote. Dié stoel is in die Griekwastadse distrik raakgeloop en is gemaak uit blouboshout.¹³³⁾ Nog 'n plattelandse voorbeeld van 'n vrouestoel is een wat op die Stellenbosch museum se uitstalling voorgekom het. Dit word na verwys as „'n lae stoeltjie vir die sorg van kinders.”¹³⁴⁾

'n Mens kan aanneem dat so 'n stoel aan die Kaap spesiaal deur 'n man vir sy vrou laat maak is en dit dan in die heersende styl van die tyd uitgevoer is omdat die stoel in soveel verskillende style voorkom. Die stoele het nooit armleunings nie, omdat hulle in die pad sou wees en minder beweging van die gebruiker se arms sou toelaat.

Die vrouestoel was 'n belangrike deel van die huisinrigting in Hollands Oos Indië. Dr. van de Wall gee 'n pragtige uiteensetting van hierdie soort stoel in sy werk oor die Nederlandse Koloniale barokmeubels.¹³⁵⁾ Hierdie ebbehoutstoel se vorm is hoofsaaklik gebaseer op die

132) Die stoel is in privaatbesit en behoort aan Mev. Helena Meiring van Pretoria.

133) In besit van Ds. J.J. Naude van Griekwstad. Tekening 60a.

134) Katalogus van die Stellenbosch museum, no. 65.

135) Van de Wall: op.cit., p. 81.

Hollandse sitmeubels van die sewentiede eeu. Geen verwysing word gemaak dat hierdie stoel geskep is om gemaklike sit te verskaf terwyl met 'n baba gewerk word nie. Vrouestoel is deur die Hollandse koloniale vroue gebruik in navolging van die Oosterse vroue se gewoonte om, geklee in 'n sarong, op hulle bene te sit. Die Hollanders noem dit „op z'n snijders zitten”. Dit beteken om op albei bene skuins onder die liggaam ingevou te sit of net op een been te sit wat onder die liggaam ingevou is. Terwyl op hierdie manier so laag gesit word, sê Dr. van de Wall, is dit vir die vrou maklik om enigiets wat op die vloer staan by te kom. Meestal was dit die „veelgelyfde” kwispedoor wat hulle wou optel. Van de Wall sê duidelik: „die hoogte van een gewone stoel zou bij deze manipulaties hinderlik zijn geweest”. Hierdie manier van sit het dus die vorm van die vrouestoel bepaal. Die soort vrouestoel is iets nuuts in die Ooste. Dit was geen navolging van 'n dergelike Oosterse stoel nie. Alhoewel die Oosterse vroue op hulle bene gesit het, was hulle slank en lig en het op 'n lae Oosterse tabouret¹³⁶⁾ gesit. Die lywige Hollandse vroue kan nie dié soort ligte meubel gebruik nie en neem dus hulle gewone sitmeubels met enige wysigings daaraan, veral in die hoogte van die sitplek, om 'n eie vrouestoel te skep.

„In dit losse huisgewaad (sarong) was het voor de Hollandsche vrouwen niet zoo moeilijk om na de noodige voorbereidende oefeningen, den sprong op den vrouwenstoel te wagen”.¹³⁷⁾


136) tabouret: 'n lae bankie wat gestoffeer is.

137) Van de Wall: op.cit., p. 82.

In geselskap het die Hollandse vrou op haar vrouestoel gesit al dan nie afhangende van die besoeker se verwantskap met die huiskring. As die besoeker 'n goeie vriend is, neem die vrou plaas op haar vrouestoel „op z'n snijders”. Was die persoon slegs 'n oppervlakkige kennis dan sit die vrou van die huis op 'n vrouestoel met armleunings, op die Westerse manier al het sy die Oosterse drag aan. Dit was as meer fatsoenlik, „gekleed” in Holland, beskou. Die deftigste was die sit op 'n gewone stoel en om daarop te sit, moes die vrou haar Westerse klere gaan aantrek. Hierdie moeite doen sy slegs by die besoek van 'n hogeplaasde persoon of by die eerste besoek van 'n vreemdeling.

Dr. van de Wall sê in verband met 'n vrouestoel aan die Kaap dat die Kaapse Hollandse vroue oor die algemeen gelewe het soos hulle landgenote in Holland.¹³⁸⁾ Hulle wil nie „op z'n snijders zitten” nie, dus was die lae vrouestoelenie gewild aan die Kaap nie. Die stoel was aan die Kaap bekend omdat vroue van die Oosterse kolonies soms oorgeplaas is na die Kaap en dan nie sonder hulle sarongs en vrouestoele wou wees nie. Aan die Kaap was 'n vrouestoel gewoonweg nie vir vertoon of as modegril gebruik nie, maar as nuttige artikel by die versorging van 'n baba. Die idee het inslag gevind en dit is in die verskillende periodes op verskillende wyses gemaak.

138) Van de Wall: op.cit., p. 96.



62. Kaapse Louis XV stoel, ook bekend as „Huguenote” stoel. Die stoel het gestoffeerde sitplek en rottang rugleuning. Die rugleuning is skildvormig. Die houtsneewerk is eenvoudige blommotiewe.



63. Franse Louis XV („rococo”) stoel. Houtsneewerk is hier baie meer weelderig as op die Kaapse model.

HOOFSTUK III

DIE 18DE EEUSE KAAPSE STOEL

I. KAAPSE LODEWYK XV-STOEL OF „HUGENOTE STOEL”

Die Kaapse Lodewyk XV-stoele is aan die Kaap gemaak vanaf 1775 en is maklik herkenbaar aangesien die armleunstoel en systoel van hierdie variasie presies lyk soos die Franse voorbeeld naamlik die Franse Lodewyk XV-fauteuil of -armleunstoel en die Lodewyk XV-systoel.¹⁾ Beide hierdie vorms is reeds bespreek onder die oorsig van Franse stoelvorms.

Hierdie soort stoel is in Suid Afrika algemeen bekend onder die benaming „Kaapse Hugenote stoel”. Die naam is onakkuraat.²⁾ Die Franse Hugenote het naamlik geen aandeel gehad in die ontstaan van hierdie stoelvorm aan die Kaap nie. Hulle het byna eenhonderd jaar voor die stoel gemaak is, in die Kaap arriveer. Die styl kom direk uit Frakryk waar dit tydens Lodewyk XV se regering (1715 - 1774) ontstaan het. Omdat dit so 'n eg Franse styl is, is dit verstaanbaar dat dit met die Hugenote aan die Kaap verbind sou word en plaaslik die naam sou kry.

Die Kaapse Lodewyk XV-systoel bestaan uit 'n skildvormige rugleuning waarvan al die sye gerond is. In hierdie stoelvorm kom nie een reguit lyn voor nie. Die sitplek bestaan ook uit geboë lyne waarvan die voorste sitplekreling meestal serpentynvormig geboë is. Die voorpote is boogpote wat eindig in hoefpote terwyl die

1) Sien tekening 63.

2) Atmore, M.G.: Cape Furniture, p. 69 en Fehr, W.: Skatte in die Kasteel de Goede Hoop, p. 16.

agterpote na agter uitgeskuins is en ook eindig in hoefpote. Die rugleuning en sitplek kan ḥf gestoffeer wees ḥf met rottang gevul terwyl heelwat voorbeeldde voorkom waar stoffering en rottang in dieselfde model gebruik is. In sulke gevalle is die sitplek gestoffeer en die rugleuning van rottang soos 'n voorbeeld in die Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum in Pretoria en 'n stel van ses stoële in die Tongaat versameling.³⁾ Voorbeeldde van rottang sitplek en -rugleuning van 'n Kaapse Lodewyk XV-stoel is ook in die Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum in Pretoria en in dieselfde museum is ook 'n voorbeeld met beide 'n gestoffeerde rugleuning en -sitplek. Wat die houtsneeverversiering op hierdie stoële betref is die volgende op te merk: fyn blommotiewe op die kam van die rugleuning met ooreenkomsstige versiering in die middel op die voorste sitplekreling. Klein blomversierings word daarby ook nog op die knieë van die boogpote aangetref. So 'n voorbeeld is in die Tongaat versameling. In 'n dergelike vorm in die Pretoriase Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum is 'n stoel waarvan die hele sitplekreling aan die voorkant met houtsneewerk versier is. In dié geval is die blomontwerp gekombineer met 'n vorm wat ḥf blare kan voorstel of die Franse skulpmotief van die Rococo-tydperk. Verdere houtsneeverversiering op beide hierdie voorbeeldde is modullear werk (moulding) op die pote en rugleuning as afwerking van die buitelyn.

In minder versierde voorbeeldde is daar net 'n blomontwerp boaan die kam van 'n rugleuning en 'n ooreenkomsstige versiering voor op die middel van die sitplekreling. Die

3) Sien tekening 62.

pote is in dié geval glad afgewerk en onversier. 'n Voorbeeld hiervan is die stel van ses systoele in die Tongaatversameling. Uit 'n voorbeeld in die Kultuur-historiese- en Opelegmuseum, Pretoria, blyk verdere vereenvoudiging waar slegs die voorste sitplekreling houtsneewerk toon naamlik in die middel daarvan en geen ander versiering kom origens op die stoel voor nie. In 'n verdere voorbeeld uit dieselfde museum is daar blomversierings op beide die kam van die rug-leuning asook op die voorste sitplekreling en daarbe-newens ook bokant elke poot. Laasgenoemde versiering bestaan uit 'n blokkie bo aan elke boogpoot en binne die blokkie kom fyn blommotiewe voor. Hierdie blokkie duï op Franse Lodewyk XVI-invloed wat versiering betref. So 'n blokkie kom sonder uitsondering altyd voor bokant die regaf Franse Lodewyk XVI neo-klassieke stoelpoot. Hier is egter 'n voorbeeld waar dit gebruik is bokant 'n Lodewyk XV-kabriool of -boogpoot. Moontlik is die stoelsoort 'n oorgangsvorm na die regaf Lodewyk XVI-pote wat wel later op Kaapse Balie stoele van dieselfde soort gebruik is.⁴⁾

Die Kaapse Lodewyk XV-fauteuil of -armleunstoel stem in elke opsig ooreen met die systoel van dieselfde tydperk behalwe dat hierdie stoel van armleunings voorsien is.⁵⁾ Nog 'n voorbeeld van hierdie soort stoel is in die William Campbell Museum in Durban. In hierdie voorbeeld kom geen blom houtsneewerkmotiewe voor nie. Beide die rug en die sitplek is met rottang bespan. Netsoos by die systoel lyk hierdie armleunstoel feitlik presies soos sy Europese voorganger, die Franse Lodewyk XV-fauteuil.⁶⁾

4) Sien tekening 67.

5) Van Rensburg, Suzanne: "Ons eie kosbare antieke", Boerdery in Suid-Afrika, Julie 1966, p. 61.


6) Pearse, G.E.: Eighteenth Century furniture in South Africa, fig. 69.

Hoewel die regaf Franse Lodewyk XVI-pootvorm in die Kaapse Baliestoele wat net hierna bespreek word voorkom, kom die pootvorm sover vasgestel kon word nie in die armleunstoel en systoel vorms voor nie. 'n Seldsame voorbeeld van 'n ten volle gestoffeerde stoel gebaseer op die Franse Lodewyk XVI-styl is gevind in die Tongaatversameling. Hierdie vorm is sonder twyfel gebaseer op die Franse Lodewyk XVI-bergére stoelvorm.⁷⁾ Die stoel het die tipiese spits Lodewyk XVI-pootjies wat met groefversiering afgewerk is en het ook die blokkie aan die bokant daarvan, die tipiese Lodewyk XVI-blokkie waarin 'n rosette vorm voorkom. In die middel van die kam van die rugleuning is 'n sterk beklemtoning in houtsneewerk. Die stoel het verder ook kussinkies op die armleunings wat nooit afwesig is in die Franse bergére vorm nie.


In "Cape Furniture" word verwys na twee armleunstoele in Groot Constantia van die fauteuil soort wat gebaseer is op die Lodewyk XVI-stoelvorm met die tipiese ovaalvormige rugleuning. Hierin word die stoele eerder onder Adam-invloed geklassifiseer (wat ook maar net 'n namaaksel van die Franse Lodewyk XVI-vorm in Engeland is) maar dit kan nie met sekerheid gesê word dat die twee stoele wel Kaapsgemaakte modelle is nie.⁸⁾

7) Sien tekening 31.

8) Atmore, M.G.: op.cit., p. 70.



66. Kaapse Louis XV baliestoele of kuipstoel met oop sykante. Die ruggedeelte wat met rottang gevul is is dieselfde ontwerp as die Kaapse Louis XV sy-stoel: skildvormig. Uit die versameling van Mnr. van der Walt.



67. Kaapse Louis XVI baliestoele. Die tapse pote dui op die volgende tydperk naamlik die Neo-klassieke of Louis XVI periode. Die bo-deel van die stoel is egter dieselfde as die Louis XV stoel hierbo.

2. KAAPSE LODEWYK XV-BALIE- OF KUIPSTOEL

Die Kaapse Lodewyk XV-kuipstoel dateer vanaf 1775.

"Perhaps the best description of the Cape tub chair is a Louis XV side chair with sloping arms starting at the top of the back panel."⁹⁾

Daar is 'n paar variasies van hierdie Kaapse stoel wat van mekaar verskil ten opsigte van die vorm van die rugleuning, die vorm van die pote en of houtsneewerk aanwesig is of nie.

Die eerste soort wat basies die Kaapse Lodewyk XV-systoel is, het 'n rottang rugleuning en rottang sitplek en armleunings wat afwaarts loop na voor waar dit die regopstutte bokant die boogpote ontmoet. Die sykante wat deur die armleunings gevorm word, is oop by hierdie voorbeeld.¹⁰⁾ Die sitplek is in die vorm van 'n halwe sirkel met 'n boogvormige voorkant. Die boogpoot is onversier asook die kam van die rugleuning. Voorbeeld van hierdie stoel is in 'n privaat versameling van mnr. van der Walt van Pretoria,¹¹⁾ mnr. Jardine¹²⁾ en in die Tongaatversameling.¹³⁾ Daar is tien van hierdie stoele in 'n sitkamer van „Vergelegen”, Somerset-Wes. Die boogpote van hierdie stoele eindig in eenvoudige hoefpootjies, maar in een voorbeeld in die Tongaatversameling eindig die boogpote in bal-en-klou pote. Die agterpote is in al die voorbeeld vierkantig in deursnee en effens uitgeskuins na agter. In

9) Atmore, M.G.: op.cit., p. 70.

10) Sien tekening 66.

11) Sien tekening 66.

12) Pearse, G.E.: op.cit., fig. 68.

13) Atmore, M.G.: op.cit., plaat 15.

party voorbeeld van hierdie eenvoudige Kaapse Lodewyk XV-baliestoele is die rugleuning opvallend breeër as wat dit hoog is. Dit gee dan byna 'n platgedrukte voor-koms aan die stoel omdat die oog die hoë rugleuning meer gewoond is. Voorbeeld van hierdie platter rug-leuning is in die Fehr versameling¹⁴⁾ en ook in die Tongaatversameling naamlik die model met die bal-en-klou pote soos hierbo na verwys. In 'n ander variasie van hierdie Kaapse stoel is die rottanggedeelte in die rug weggelaat. In die rugopening kom dan 'n uitge-saagde ruglat¹⁵⁾ voor. Die enigste rottangwerk op hierdie soort stoel is die sitplek. Die voorbeeld is in die Tongaatversameling.

'n Verdere variasie in die rugleuning is die invulling van die sykante van die rugleuning met rottang om 'n soort bergére te vorm.¹⁶⁾ Voorbeeld van hierdie stoel-vorm is die twee eenvoudige modelle in die Fehrver-sameling.¹⁷⁾ 'n Baie mooi voorbeeld is die een in Groot Constantia.¹⁸⁾ Hierdie stoel het houtsneewerk op die knieë van die boogpote en op die voorkant van die sitplekreling. Die motiewe is fyn blomme. Model-leerwerk kom ook op hierdie goed afgeronde stoel voor.

'n Ander voorbeeld van die Kaapse baliestoel is 'n stoel waarvan die pote spitsvormig is in die styl van die Lodewyk XVI-neo-klassieke tydperk. Die rugleuning en sitplek is nog presies soos in die variasies hierbo


14) Fehr, W.: op.cit., fig. 203 die likerhandse model.

15) "split back splat".


16) Sien tekening 65.

17) Pearse, G.E.: op.cit., fig. 70.

18) Van Rensburg, Suzanne: "Ons eie kosbare antieke", in Boerdery in Suid-Afrika, p. 62, Julie 1966.



64. Franse Louis XV balestool of hoekstoel. Die rangskikking van die pote is anders as die van die Kaapse voorbeeld, maar die rottanggevulde rugleuning dui daarop dat hierdie tipe rug nie iets nuuts was aan die Kaap nie.



65. Kaapse Louis XV balestool met rugleuning geheel gevul met rottang.

beskryf, dit wil sê dit kan die oop vorm of die bergére vorm aanneem. Die verandering is slegs in die pootvorm geleë.¹⁹⁾ 'n Voorbeeld is te sien in die Fehrversameling.²⁰⁾ Groefversiering kom op hierdie spitsvoorpote voor. In 'n ander variasie is die spitspote onversier soos in 'n voorbeeld in die Tongaatversameling. In 'n variasie van hierdie vorm is die rugleuning nie met rottang gevul nie maar kom 'n rugstuk van die Queen Anne soort in die middel van die rugopening voor.²¹⁾

Daar is nie baie breedvoerig oor die Kaapse meubels geskryf in die boek „Skatte in die Kasteel de Goede Hoop“ nie, en tog word 'n hele paragraaf gewy aan die Kaapse kuipstoel. Hierin word beweer dat die kuipstoel waarskynlik die mees tipiese Kaapse vorm van al die plaaslike ontwerpe is.²²⁾ As daarmee verwys word na die oop armleuning variasie soos hier heel eerste bespreek is, die fauteuil-soort waar net die rugpaneel en sitplek met rottang gevul is, kan daarmee saamgestem word. 'n Presiese weergawe hiervan is nie in Europa gevind nie. Wat die bergére-soort Kaapse baliestoele betref waar die rug en sykante geheel en al met rottang gevul is, kan nie beweer word dat die vorm oorspronklik is nie. As gelet word op die Franse Lodewyk XV chaise a bureau²³⁾ en Hepplewhite se tubchair²⁴⁾ asook die Franse voorbeeld in "World Furniture"²⁵⁾ kan duidelik gesien word waar die Kaapse model sy oorsprong het.²⁶⁾ Die twee Franse

19) Sien tekening 67.

20) Fehr, W.: op.cit., p. 129, no. 203 model heel regs en no. 163, p. 106.

21) Fehr, W.: op.cit., p. 129, no. 203 model in middel.

22) Fehr, W.: op.cit., p. 16.

23) Boger: op.cit., no. 141.

24) Aronson: op.cit., no. 359.

25) Hayward, H.: World Furniture, no. 402.

26) Sien tekening 64.

modelle waarna verwys word, is wel hoekstoele, maar hulle algemene vorm en voorkoms veral by laasgenoemde een waar die rug geheel en al met rottang gevul is, is so baie soos die Suid Afrikaanse voorbeeld dat die Kaapse model nie as oorspronklik beskou kan word nie. Die Engelse stoel (Aronson) is nie 'n hoekstoel nie en sy vorm is dieselfde as die Kaapse Lodewyk XV-baliestoel. Die enigste verskil is dat hy met leerbekleedsel afgewerk is en nie met rottang bespan is nie. Dit het nie veel oorspronklikheid gevety om die leer met rottang te vervang en aldus 'n Kaapse Lodewyk XV-rottangrug baliestoel te skep nie. Atmore wys in elk geval daarop dat sekere Kaapse baliestoele wel gestoffeer was.²⁷⁾

Hierdie Europese invloede is so direk sigbaar dat daar nie saamgestem kan word dat die Kaapse kuipstoel moontlik deur die Oosterse ronderugstoel geïnspireer kon gewees het nie.²⁸⁾ Die Oosterse ronderugstoel²⁹⁾ is beslis nie Oosters van oorsprong nie, al kon die stoel in die Ooste gemaak gewees het. Dit is deur Frankryk geïnspireer en wel deur die Franse Lodewyk XVI-styl want die pote is neo-klassiek al is die detail van die houtsneswerk nie klassiek nie. Professor Schaefer het ook op die Kaapse Lodewyk XV-kuipstoel en wel die variasie met rottangrug en oop armleunings kommentaar gelewer:³⁰⁾

"The chair looks faintly Biedermeier to me, though it has some of the swing and curve of the Rococo left in it, and

27) Atmore, M.G.: op.cit., p. 70.

28) Fehr, W.: op.cit., p. 16.

29) Fehr, W.: op.cit., no. 49.

30) Sien tekening no. 66.

Biedermeier is usually based on classical forms. Or is it a very simple provincial version of a late Rococo chair? there are similar Austrian chairs about 1820 - 1830, but the legs are usually straight".³¹⁾

Die feit dat Professor Schaefer so rond soek na 'n oorsprong vir hierdie stoel dui moontlik ook op die eg Kaapsheid daarvan soos mnr. Fehr aangetoon het. Maar dit het net betrekking op die Kaapse baliestoele soos in tekening 66 voorkom.


In 'n samevattende paragraaf verwysend na die Queen Anne hoekstoel³²⁾ en hierdie bogenoemde Lodewyk XV Kaapse baliestoele beide uit mnr. van der Walt se versameling sê Professor Schaefer die volgende:

"I would be inclined to say that these are quite simply delightful examples (and you are ever so lucky to have them) of belated provincial furniture styles, much as might have occurred in America too, but also, let us say some remote province of France - though there perhaps always with more refinement. A direct comparison of South African and American furniture of this time is difficult because most of what has been preserved is usually the furniture of the rich and sophisticated cities of Boston, Newport, New York, Philadelphia, Baltimore and therefore retains a bit more elegance. Your pieces have more robust charms."³³⁾


31) Brief van prof. Schaefer aan skryfster gedateer 21 Mei 1968.

32) Sien tekening van Queen Anne-hoekstoel uit mnr. van der Walt se versameling.

33) Brief van prof. Schaefer aan skryfster gedateer 21 Mei 1968.



68. Tipiese Kaapse „Vioolrug“ stoel.
Dit is 'n populêre variasie van die
Kaapse stoel met uitgesaagde rugleun-
ing. Pote is neo-klassiek en 'n „H“
vormige spanstuk dien as verstewiging
van die pote.



69. 'n Ander variasie van die uit-
gesaagde rugleuningstoel. Hierdie
ruglat ontwerp stem presies ooreen
met sekere lperse voorbeeld soos te
sien in no. 701 van Hinckley se
werk. Die kombinasie van so 'n rug-
leuning met 'n neo-klassieke onder-
stel is iets nuuts aangesien die
Europese voorbeeld altyd bokpote
het.

HOOFSTUK IV

DIE KAAPSE STOEL VAN DIE 19de EEU

I. KAAPSE STOELE MET UITGESAAKDE RUGPANEEL

Die Kaapse stoel met 'n uitgesaaakte rugpaneel is vanaf die einde van die 18de eeu aan die Kaap gemaak. Die grootste aantal stoele van hierdie soort dateer egter uit die eerste helfte van die 19de eeu. Daar is 'n groot variasie in die ontwerp van die rugleunings van hierdie stoelsoort. Meer as dertig verskillende variasies van die uitgesaaakte rugpaneel kom voor. Die mees algemene ontwerp is egter die met drie of vier vertikale insnydinge wat uit die smal regop houtpaneel van die rugleuning uitgesaak word.¹⁾ Die openinge wat deur die insnydinge gevorm word, is of parallel aan mekaar of loop nader na mekaar na onder. Dikwels is die gesplete rugpaneel versterk deur klein stukkies hout wat in die middel van die ontwerp gelaat word. Dit bring 'n sterk horisontale lyn in die ontwerp mee wat geslaagd kontrasteer met die andersins oorwegende vertikale lyne. Die wydte van hierdie dwarsstrook varieer: in party voorbeelde is dit baie smal terwyl dit ook baie breed kan wees in ander modelle. Die horisontale lyn wat so gevorm word, is ook nie altyd reguit nie, maar kan soms gerond wees. Die wydte van die rugpaneel self varieer ook van een voorbeeld tot 'n ander en word bepaal deur die aantal vertikale openinge daarin. In sekere modelle is daar tot sewe van hierdie regaf insnydinge langs mekaar. In 'n baie bekende vorm word die regaf insnydinge gekombineer met 'n

1) Atmore, M.G.: Cape Furniture, p. 71 en ook tekening 69.

ellipsvormige ronding aan die bokant van die rugstuk.²⁾
Daar is al verwys na hierdie rugontwerp as die „vioolrug”.
Baie mooi vergelykende illustrasies van die groot aantal
variasies van hierdie Kaapse uitgesaagde rugvorm word ge-
gee in "Cape Furniture".³⁾

Behalwe vir sy variasie van rugontwerpe bestaan die res
van hierdie stoel uit 'n eenvoudige reglynige ontwerp.
Die rugstyle is gewoonlik reghoekig in deursnee en word
effens smaller na bo netsoos die spitspote van die stoel
smaller na onder word. 'n Dwarsbalk verbind die rug-
style aan die bokant en 'n tweede dwarsbalk kom voor net
bokant die sitplek en op hierdie dwarsbalk rus die uit-
gesaagde rugleuning. Die boonste dwarsbalk of kam van
die rugleuning kan 'n verskeidenheid van vorms aanneem.
Die eenvoudige dwarsbalk is net reguit, ander het 'n ver-
wyding in die middel net bokant die ruglat.⁴⁾ Soms kom
daar in die verwyding 'n uitgesnyde ontwerp voor soos in
'n voorbeeld in die Tongaatversameling. In dié geval
is dit 'n armleunstoel.⁵⁾ Die kam kan ook geboë wees
soos in 'n voorbeeld in Groote Schuur⁶⁾ en in 'n voor-
beeld uit die versameling van Sir Lionel Phillips.⁷⁾
Die gebuigde kam loop ononderbroke oor in die rugstyle.
Die reguit kam is of bo-op die rugstyle vasgesit, of
die kam kan ook tussen die rugstyle vasgesit wees.
Eersgenoemde variasie is die mees algemene.

Die sitplek van die stoel is saamgestel uit reguit lyne
en kan met rottang of riempies bespan wees. Die voorste
sitplekreling het in die geval van die deftiger modelle

2) Sien tekening 68.


3) Atmore, M.G.: op.cit., fig EA. p. 150.

4) Sien tekening 68 en 69.

5) Pearse, G.E.: op.cit., fig.82.

6) Pearse, G.E.: op.cit., fig.76.

7) Pearse, G.E.: op.cit., fig.77.



69a. Baliestool met 'n uitgesaaide rugontwerp.
Voorbeeld uit die Tongaat versameling.

dieselfde verwyding as die kam van die rugleuning en die deftige stoele het altyd rottang sitplekke. Atmore maak ook melding van 'n uitgesaadde rug stoel met 'n gestoffeerde sitplek.⁸⁾

Die agterpote van die stoele is uitgeskuins na agter.

Die tapse reghoekige voorpote is onversierd behalwe vir 'n horisontale inkeping wat dikwels voorkom net onderkant die sitplek.⁹⁾ In party voorbeeld kom groefversiering voor op die pote soos in twee modelle in die Fehrversameling.¹⁰⁾ Inlegwerk kan ook op die pote voorkom. Dié bestaan meestal uit 'n geelhout strook wat in die stinkhout ingelê word.¹¹⁾ Spanstukke kom dikwels voor by hierdie stoele om die fyn konstruksie te verstewig. Die spanstukke is meestal „H"-vormig.¹²⁾ Spanstukke tussen al vier pote kan ook voorkom.¹³⁾

Die systoele van die Kaapse gesplete rugpaneel stoel is as eetkamerstoele gebruik. Armleunstoele in die ontwerp kom ook baie voor.

'n Variasie van hierdie soort stoel is 'n skryfstol of baliestoel in die uitgesaadde rugpaneel ontwerp. Die stoel is in die Tongaatversameling en het 'n sirkelvormige sitplek wat met rottang bespan is. Die boonste sport van die rugleuning wat oorgaan in armleunings herinner baie aan die Kaapse Queen Anne-baliestoel ontwerp¹⁴⁾ en meer nog aan die Engelse Queen Anne-skryfstol.¹⁵⁾ Die geronde rug-armleuning gedeelte word gestut deur

8) Atmore, M.G.: op.cit., no. SBC3, p. 71.

9) Sien tekeninge 68 en 69.

10) Fehr, W.: op.cit., fig. 25 en 26.

11) Ibid. fig. 27. Model in die middel.

12) Sien tekening 68.

13) Sien tekening 69.

14) Sien tekening 69a.

15) Sien tekening 59.



drie pilaaragtige stutte en tussen die stutte kom twee gesplete rugpanele voor. Dis op grond van hierdie rugpanele van die stoel en ook die tapse pote dat die stoel onder die Kaapse gesplete rugpaneel stoelvorm geklassifiseer kan word. Die tapse pote is versier met groefversiering en gedeeltelik ingelê met ebbehout. Die armstutte het ook fyn stroke inlegwerk in ebbehout. Die horisontale strook in die gesplete rugpaneel is ook ebbehout stukkies. In dié geval is die vertikale gedeeltes nie soos in ander gevalle uitgesaag en 'n horisontale strook laat bly nie. Die uitgesaagde deel loop regdeur en die horisontale deel (ebbehout) is agterna ingevoeg.

'n Aanknopingspunt in die navorsing van die gesplete rugpaneel stoel se oorsprong, word gevind in Engeland in ongeveer die middel van die 18de eeu en wel in die werk van Chippendale en later ook in Hepplewhite se stoelvorms.


In dieselfde tyd kom in Holland ook stoele voor met, soos dit daar bekend staan: „'n uitgesaagde rugpaneel".¹⁶⁾

Maar nie een van hierdie voorbeeld se ontwerp stem ooreen met die Kaapse model nie, dis net die idee van die uitgesaagde rug wat daarin teruggevind word. By hierdie Europese voorbeeld, met uitsondering van Hepplewhite se stoele, is die pote meestal boogpote. By die Chippendale voorbeeld veral is dit die geval. Die Kaapse modelle het feitlik sonder uitsondering die neoklassieke tapse pote. By Chippendale se stoel van dié aard bestaan die uitgesaagde rugpaneel meestal uit geboë ontwerpe wat deurmekaar vleg terwyl die Kaapse ontwerp hoofsaaklik reglynig is. Sekere Chippendale-rugleunings


16) Van der Pluym, Prof. W.: Viif eeuwen binnenhuis en meubels in Nederland, p. 150, 151.



70 en 71. Twee Chippendale rugleunings om die variasies wat voorkom in die uitgesaaerde rugpaneel ontwerp aan te toon. Die meer eenvoudige ontwerp (regs) stem ooreen met sekere Engelse plattelandse ontwerpe gemaak in navolging van Chippendale se styl.



72. 'n Kaapse uitgesaaerde rugpaneel ontwerp. Let op die duidelike ooreenkoms met die twee Chippendale ontwerpe hierboven veral met die meer eenvoudige ontwerp.



73. 'n Hepplewhite uitgesaaerde rugpaneel ontwerp. Dis die sogenaamde „koringaar“ ontwerp. Ook hierdie ontwerp het 'n invloed op die Kaapse uitgesaaerde rugstoel gehad.

is in Engeland deur plattelandse meubelontwerpers vereenvoudig,¹⁷⁾ en hierdie vereenvoudigde vorm stem baie ooreen met die Kaapse uitgesaagde rugpaneel.¹⁸⁾ As 'n rede hiervoor aangevoor moet word sou dit seker so verklaar kan word: die plattelandse style is altyd 'n vereenvoudiging van een of ander deftige stadsprototipe. Soos tevore reeds na verwys, word dieselfde neiging tot vereenvoudiging ook by koloniale meubels gevind. Die Kaapse koloniale stoele van hierdie aard, naamlik die uitgesaagde rugpaneel stoele, is vereenvoudigde vorms van die oorspronklike deftige Chippendale voorbeelde netsoos die Engelse plattelandse modelle 'n vereenvoudiging van dieselfde prototipes is. Al het hierdie twee navolgings van dieselfde prototipes heeltemal onafhanklik plaasgevind, is dit dus nie verbasend dat daar so 'n mate van ooreenstemming by hulle gevind word nie.

Die Hepplewhite-stoelrugleuning het ook 'n invloed op die Kaapse uitgesaagde rugleuning gehad. Hepplewhite se stoelrugleunings is baie karakteristiek en eie aan hom alleen. Sy stoelrugleunings is onder andere skildvormig, hartvormig en wielvormig. Hierdie rugleunings word nie aan die Kaap gevind nie. Daar is egter minder gekompliseerde Hepplewhite-rugleunings¹⁹⁾ en hierdie voorbeelde kom baie naby sekere van die Kaapse uitgesaagde rugpaneel ontwerpe. 'n Baie uitsonderlike Kaapstoel van hierdie soort was op die Stellenbosch museum se uitstalling.²⁰⁾ Die raamwerk is gewoonweg neo-klassiek, soos die van al die uitgesaagde rugleuning stoele, maar die rugleuning is 'n interes-

17) Atmore, M.G.: op.cit., p. 71.

18) Sien tekeninge 70, 71 en 72.

19) Sien tekening no. 73.

20) Katalogus van die Stellenbosch Museum: „Die Kaapse Stoel”, fig. 13.

sante variasie. Die ontwerp daarvan bestaan uit twee groot kruise met 'n S-kurwe tussenin. Eenvoudige houtsneewerk is aangebring op die boonste en onderste rugsporte en op die voorste sitplekreling.²¹⁾

Sekere lperse stoele met uitgesaagde rugpaneelontwerpe toon 'n merkwaardige ooreenkoms met die Kaapse uitgesaagde rugpaneel stoel. As 'n voorbeeld in Hinckley se werk²²⁾ vergelyk word met tekening no. 69 dan is die ooreenkoms in die ontwerp van die rugpaneel baie opvallend. Hierdie soort rugleuning word deur Mr. Fransen 'n "harp rug" genoem.²³⁾ Die lperse voorbeeld is netsoos die Kaapse modelle ook maar 'n navolging van die Chippendale en Hepplewhite voorbeeld en ook hulle vereenvoudig die oorspronklike ontwerp. Die pote van die lperse stoele is egter boogpote.

Die Kaapse uitgesaagde rugpaneelstoele het dus 'n sterk ooreenkoms met die rugpanele van Chippendale se vereenvoudigde vorm en Hepplewhite se „koringaar“ rugleuning soos die ontwerp hierbo na verwys bekend staan. Ook is daar 'n besliste verwantskap met sekere lperse modelle van die 18de eeu.

21) Mr. Fransen sé die rugleuning is 'n "Chippendale-tipe", maar tog kan geen verband met Chippendale se werk hierin gesien word nie.

22) Hinckley, L.: A directory of antique furniture, no. 701, p. 227.

23) Katalogus van Stellenbosch museum: no. 49 en fig. 12.

2. KAAPSE SHERATON- EN REGENCYSTOELE

Daar is so 'n oorvleueling tussen Sheraton se later werk (1800) en Engelse Regency (1810-1830) ontwerpe dat dit probleme oplewer om werklike basiese verskille aan te duі.²⁴⁾ Die ooreenkoms kom daardeur dat hierdie vorms almal gebaseer is op dieselfde bron, naamlik die Franse Directoire en Empire style. Hierdie twee Franse style het weer hulle oorsprong in Grieks-Romeinse klassieke vorms. Die ooreenstemmende styl in dieselfde tyd in Duitsland, staan daar bekend as die Biedermeier styl.


Dr. Atmore maak nie 'n onderskeid tussen Sheraton en Engelse Regency invloed op Kaapse stoelvorms van die vroeg 19de eeu nie en hy gebruik deurgaans die benaming „Kaapse Sheraton” vir al hierdie variasies van style. Fransen, aan die ander kant, verkies om van „Kaapse Regency” te praat. Hy sê: „Atmore noem hulle (dit is hierdie stoelvorms), ‚Sheraton’ na die Engelse meubelman van dié naam, maar ons dink dat dit nogal te veel eer is vir hierdie eenvoudige stoele.”²⁵⁾

Daar kan met 'n mate van sekerheid gesê word dat die tipiese vroeë Sheraton rugleuning (sien tekeninge nos. 16, 17, 18) met die ingewikkelde lier- en vaasvormige ontwerpe nie navolging aan die Kaap gehad het nie. Die Kaapse Sheraton en Regency-stoele is gebaseer op die meer eenvoudige Sheraton (sy latere werk) en die Engelse Regency voorbeeld, behalwe in die geval van die sogenaamde


24) Boger, L.A.: op.cit., fig. 407, 408 en 427, 428.

25) Atmore: op.cit., p. 72.


26) Fransen, H.: „Die Kaapse Stoel”, Katalogus van die Stellenbosch museum, April 1969, p.6.



74. 'n Tipiese Kaapse Sheraton of Regency stoel met riempie mat sitplek. Die rugleuning het tipiese versiering van akkers tussen twee dwarssporte. Voorpote is gedraaide pote en agterpote is uitgeskuins na agter. Boonste rugsport is effens konkaaf gebuig.



75. Kaapse Sheraton of Regency stoel met riempie sitplek en eenvoudige rugleuning. In kultuurhistoriese museum, Pretoria.



76. Engelse Regency stoel met gestoffeerde sitplek. Behalwe vir meer versiering in die rugleuning is die basiese vorm van hierdie stoel baie na aan die Kaapse voorbeeld hierbo.

raffles-stoel.

Daar is sekere basiese Sheraton- of Kaapse Regency-vorms en variasies is van hierdie basiese ontwerpe afgelei. Een van die mees tipiese voorbeeld is 'n eenvoudige stoel in die Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum, Pretoria. Die stoel bestaan uit gedraaide voorpote, agterpote wat uitgeskuins is na agter en wat aaneenloop met die rugstyle wat 'n effense boog na binne maak om die balans te behou. Die boonste rupsport is breed en steek aan weerskante verby die rugstyle en die eindpunte van die rupsport is met 'n geometriese boog afgewerk. Die rupsport is effens konkaaf gebuig. In die middel van die rugleuning is 'n eenvoudige dwarssportjie sonder enige versiering.²⁷⁾ Variasies van hierdie vorm is dié waar die voorpote nie gedraai is nie maar spits na onder gevorm is, die eindpunte van die boonste rug-²⁸⁾ lat gerond is en die dwarssport effens laer geplaas is.

In 'n verdere variasie van die vorm is die ontwerp basies dieselfde as die eerste voorbeeld hierbo genoem, behalwe dat twee dwarssportjies in die rugleuning voorkom met 'n ry tolletjies, of soos Fransen dit noem,²⁹⁾ 'n ry „akkers“ tussenin.³⁰⁾ Ook hierdie versieringsvorms, die akkers, is nie eie aan die Kaap nie, maar kom voor op Europese stoele soos in 'n Engelse voorbeeld uit die 18de eeu.³¹⁾

In nog 'n voorbeeld is die dwarssporte nog verder uitmekaar en is die tolletjies tussenin langwerpig en nie meer


27) Sien tekening 75.

28) Atmore: op.cit., plaat 18.

29) Fransen, H.: op.cit., no. 77.

30) Sien tekening 74.

31) Hinckley, L.: A directory of Antique Furniture, no. 611, p. 198.



77. 'n Kaapse Sheraton of Regency stoel. Dit is 'n meer deftige stoel met houtsneewerk in die rugleuning. Let op die ooreenkoms van hierdie rugleuning met die Engelse Regency voorbeeld in no. 79. Die rugleuning stem ook ooreen met die Kaapse armleunstoel in no. 78. Hierdie stoel is in die Kultuurhistoriese museum, Pretoria.

akkervormig nie. Die voorbeeld is in die Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum in Pretoria en is 'n armleunstoel. Waar die geboë armleunings in die voorpote oorgaan is peervormige verwydings. Die algemene vorm van hierdie armleunstoel met die afwaartsbuigende armleunings, sloping arms, is soos so baie van die Kaapse Sheraton- of Regency-stoele gebaseer op die vroeë Sheraton armleunstoel soos te sien op tekening no. II. Dis net die versiering in die rugleuning wat verskil want soos tevore op gewys, kom die liervormige middellat wat so algemeen by Sheraton se stoele is nie in die Kaapse modelle voor nie.

'n Kaapse Sheraton- of Regency-systoel met 'n meer versierde dwarssport in die rugleuning is 'n verdere variasie van hierdie stoelsoorte. So 'n stoel is ook te sien in die Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum in Pretoria.³²⁾ Die buitelyne van hierdie stoel stem presies ooreen met die voorbeeld wat hierbo bespreek is, maar die dwarssport is weelderig versier met houtsneewerk. Die stoel stem baie ooreen met 'n Engelse Regency-model wat in Gloag se werk voorkom.³³⁾ Die Engelse model het egter houtsneewerk aan die voorpote terwyl die Kaapse vorm gewone gedraaide voorpote het. Die oorsprong van hierdie Engelse Regency-model is ongetwyfeld die Griekse Klismos.³⁴⁾ 'n Kaapse Regency- of Sheraton-stoel met uitgeskuinsde voorpote, en uitgeskuinsde agterpote, 'n agteroor gebuigde rugleuning met 'n boonste rugsport tussen die rugstyle en 'n gedraaide middelste dwarsrugsport³⁵⁾ is 'n presiese weergawe van 'n Engelse Regency-vorm soos te sien in Gloag.³⁶⁾


32) Sien tekening 77.

33) Gloag: op.cit., no. 229 en tekening 79.

34) Sien tekening 81.

35) Atmore: op.cit., plaat no. 21.


36) Gloag, J.: op.cit., p. 15 en tekening 82.



78. Kaapse Sheraton of Regency armleunstoel in die Tongaat versameling. Let op die ooreenkoms van die armleuning ontwerp met dié van die Engelse stoel in no. 80.

79. Engelse Regency stoel. Tydperk: 1832. Soveel houtsneewerk kom nie op die Kaapse modelle voor nie.

80. Engelse Regency armleunstoel (1815) in die Victoria en Albert museum. Die voluutvormige armleunings is tipies van die Regency tydperk in Engeland. Metaal inlegwerk kom voor op die rugleuning. Sover bekend is hierdie versieringsvorm nie op Kaapse stoele nagevolg nie (dit kom wel op kaste voor). Die uitgeskuinsde voorpote is in Engels bekend as „scimitar-“ of „sabre-“ en later as „Waterloo legs“.



Die Kaapse voorbeeld het 'n riempie sitplek en die Engelse voorbeeld 'n gestoffeerde sitplek, maar dit is die enigste verskil. Variasies van die vorm is Kaapse voorbeelde waar die voorpote gedraaide pote is in plaas van uitgeskuinsde pote. Die eenvoudige middelste dwars rugsport kan net plat wees en versier met 'n ronde of geometriese vorm in die middel terwyl die rugsport smaller loop na hierdie middelste versiering en met groefversiering verryk is. Die soort rug kan miskien 'n skoelapperrug genoem word vanweë die ontwerp. Die middelste ronde vorm, 'n kamee genoem,³⁷⁾ kan of van stinkhout wees soos die res van die stoel of dit kan van geelhout wees. Twee voorbeelde van Kaapse Regency-stoele van hierdie ontwerp met armleunings kom voor in die Tongaatversameling.

In die Tongaatversameling is 'n ander Kaapse variasie van armleuning wat baie tipies van die Engelse Regency-modelle is naamlik die armleunings wat eindig in groot voluutvormige ontwerpe.³⁸⁾ Hierdie stoel se voorganger kom voor in die Victoria en Albert museum.³⁹⁾

'n Verdere vorm wat die Kaapse Sheraton-stoel kan aanneem, is 'n meer reglynige vorm.⁴⁰⁾ In dié voorbeeld is die voorpote tapse pote, die agterpote is effens na agter uitgeskuins en die rugleuning bestaan uit twee regop rugstyle met 'n kamstuk bo wat aan weerskante verbysteek en 'n dwarssport wat voorkom net bokant die


37) Fransen, H.: "Die Kaapse stoel", Katalogus van die Stellenbosch museum, April 1969, no. 66.

38) Sien tekening 78.

39) Edwards, R.: "English Chairs", Katalogus van die Victoria en Albert museum, 1965, no. 118. Sien tekening 80.

40) Atmore, M.G.: op.cit., plaat no. 19.

81. Die invloed van die Griekse Klismos (tydperk: 5 eeue V.C.) op die stoelontwerp van die Franse Directoire (1749-1804) en Franse Empire stoele (1804-1820) en van daar ook op die 19de eeuse Engelse Sheraton en Regency stoele is duidelik uit hierdie illustrasie. Laasgenoemde Engelse vorms het weer 'n duidelike invloed op die Kaapse Sheraton en Regency stoele gehad.



82. Vroeg 19de eeuse Engelse Regency stoel lyk baie soos Kaapse Sheraton of Regency ontwerpe²¹. Atmore plaat 21. Die direkte invloed van die Griekse voorbeeld op die Engelse model se pootvorms is duidelik

- 101 -

sitplek. Tussen die twee dwarssporte kom drie of meer reguit ruglatte ewe ver van mekaar gespasieer voor. Op die voorbeeld in Atmore se werk is daar groefversiering op al die dele van die rugleuning. Hierdie stoel is moontlik 'n baie vereenvoudigde vorm van die vroegste Sheraton-stoelsoorte omdat die rugleuning hoofsaaklik reglynig in ontwerp is. Dit is vereenvoudig omdat die tipiese vaasvormige middel ruglat nie voorkom nie⁴¹⁾ maar origens is daar 'n ooreenkoms. 'n Variasie van so 'n Sheraton-stoel is in die Tongaatversameling. Daar is vier ruglatte en elkeen is aan die bokant versier met 'n gestileerde lotusblom ontwerp. Hierdie lotusversiering is dikwels in Egiptiese argitektuur vorms gebruik.⁴²⁾

Ander voorbeeld van hierdie Kaapse stoel in eenvoudige vorm kom voor in die Fehrversameling.⁴³⁾

'n Armleunstoel wat as "Regency-leunstoel" op die uitsstalling in die Stellenbosch museum aangegee is, het blykbaar al veel verwarring veroorsaak.⁴⁴⁾ 'n Dergelike stoel in roosbout kom in die Fehrversameling voor en word 'n raffles-stoel genoem. Volgens Fehr is die soort stoele Engelse Georgiaanse stoele wat na die Ooste geneem is deur sir Thomas Raffles wat in diens van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie was in 1805. Vandaar die naam raffles stoel.⁴⁵⁾ Daar kan nie met Fransen saamgestem word dat die rugleuning van

41) Sien tekening 17.

42) Whiton, S.: Elements of interior design and decoration, p. 33.

43) Fehr, W.: op.cit., no. 202, die modelle links en regs.

44) Fransen, H.: op.cit., no. 75.


45) Fehr, W.: op.cit., p. 16.

die stoel „Chippendaleagtig” is nie. ’n Engelse voorbeeld wat baie ooreenstem met die algemene vorm en rug van die raffles voorbeeld is in Edwards se “Dictionary of English Furniture”,⁴⁶⁾ en word deur Edwards as ’n Sheraton vorm beskryf. ’n Presiese replika van die raffles stoel is in Hinckley se werk beskryf as afkomstig uit Kenia. Daar sê Hinckley dat hierdie stoel ook baie in die V.S.A. gemaak is.⁴⁷⁾ Daar word nie gemeld dat hierdie spesifieke voorbeeld op die Stellenbosch uitsalling wel in stinkhout gemaak is nie en die ingewikkeld rugleuning kom so on-Kaaps voor,⁴⁸⁾ maar tog verwys Dr. Atmore na twee stoele van dié aard wat uit stinkhout gemaak is. Gevolglik moet aangeneem word dat hierdie vreemde stoel tog ’n voorbeeld van ’n Kaapse Sheraton is.⁴⁹⁾ Die stoelpote van hierdie stoel is ’n voorbeeld van Kaapse gegroefde ronde pote, ’n soort pootvorm wat nie baie voorkom aan die Kaap nie.


Die sogenaamde Rex stoele wat in die Fehrversameling voorkom,⁵⁰⁾ sou mens ook onder Kaapse Regency kon klassifiseer, maar die hout is nie geïdentifiseer nie en twyfel bestaan dus of hulle wel aan die Kaap gemaak is of saam met George Rex vanaf Engeland na die Kaap gekom het.

Kaapse Sheraton- en Regency-stoele is gemaak teen die einde van die 18de eeu en aan die begin van die 19de eeu. Dié stoele is tesame met die uitgesaagde rugpaneel stoel van die mees algemene Kaapse stoelvorms.

-
- 46) Edwards, R.: The Shorter Dictionary of English Furniture, p. 160, no. 176.
 - 47) Hinckley, L.: op.cit., no. 357, p. 121.
 - 48) Fransen, H.: Katalogus van Stellenbosch museum, no. 75.
 - 49) Atmore, M.G.: op.cit., p. 73.
 - 50) Fehr, W.: op.cit., no. 218.



83. Kaapse stoel met duidelike Viktoriaanse invloed. Voorbeeld is in die Kultuurhistoriese museum in Pretoria.



84. Engelse Viktoriaanse Ballonrugstoel. Tydperk:
1840.

3. KAAPSE VICTORIAANSE STOEL

In die omstreke van 1840 - 1850 is aan die Kaap stoele gemaak waarvan die rugleuning bestaan uit 'n geronde boog of hoepelvorm. Aan die bokant, dit wil sê bo in die middel van die rugleuning kan die vorm verder versier wees met eenvoudige gekartelde houtsneewerk in die vorm van halfsirkels of „C"-krulle. Die agterpote loop aaneen met die rugstyle en is uitgeskuins na agter. Die voorpote is gedraai. Die sitplek van hierdie Victoriaanse stoele is, anders as gewoonlik die geval is by Kaapse stoele, gestoffeer en met leerbekleedsel afgewerk. 'n Paar voorbeeld van dié soort stoel is in die Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum in Pretoria.⁵¹⁾

Dit is verstaanbaar dat daar sterk Engelse invloed aan die Kaap sou wees in hierdie jare wat saamhang met die kom van talle Engelse immigrante na die landing van die Britse setlaars in 1820.

As die oorsprong van die Kaapse Victoriaanse stoel nagevors word, blyk dit 'n redelik getroue navolging van sekere Engelse Victoriaanse vorms te wees. Die ronde rug wat kenmerkend is van hierdie stoele, beide in Engeland en aan die Kaap, het in Engeland ontstaan in ongeveer 1840 as 'n reaksie teen die heersende klassieke vorms van die Georgiese tyd.

"The complete break with the classical Georgian past came with the introduction of the balloon back chair,

51) Sien tekening 83.

and variations of this design were used in dining-rooms, drawing-rooms and parlours, with a lighter, completely round-backed type for bedrooms."⁵²⁾

Die ballon rug Victoriaanse stoel, soos die stoel in Engeland bekend staan, is dus die direkte inspirasie vir die Kaapse Victoriaanse stoel. Hoewel daar in Engeland 'n wye verskeidenheid stoele in die styl gemaak is, is die Kaapse sover vasgestel kon word almal gebaseer op hierdie eenvoudiger vroeë Engelse modelle.⁵³⁾

52) Gloag: op.cit., p. 232.

53) Sien tekening 84.

HOOFSTUK V

S L O T

Uit die voorgaande studie is dit duidelik dat daar verskeie Kaapse stoelvorms is waarvan die herkoms direk van Engelse, Franse, Hollandse en Oosterse voorlopers afgelei kan word.

Alhoewel die Kaapse stoele van die einde van die 17de eeu tot die begin van die 19de eeu dus, soos in besonderhede in die studie bespreek is, teruggevoer kan word na hulle Europese prototipes, besit die Kaapse meubels tog 'n eie waarde en betekenis. Net soos die 18de eeuse Kaaps-Hollandse argitektuur aan die Kaap sy eie stylvorm en inheemse karakter ontwikkel het, so ook het die Kaapse meubels hul eie inheemse karakter verkry. Soos in die argitektuur kan die eie karakter ook in die meubelkuns hoofsaaklik toegeskryf word aan die vereenvoudiging van die Europese vorms. Dit is hierdie eenvoud tesame met die kwaliteite van die Suid Afrikaanse inheemse houtsoorte wat aan die Kaapse meubels 'n eie karakter gee en hulle baie uniek maak. Alhoewel, feitlik elke vorm teruggevoer kan word tot een of ander Europese prototipe, is hier nie sprake van blote nabootsing nie. Die styl is verander, veral vereenvoudig, om te pas by ander lewensomstandighede.

Daar word soms op die eenvoud gewys as 'n swak eienskap van die Kaapse meubels. Die woord "lomp" word soms daaraan gegee: "The furniture of the old South African homesteads has sometimes been accused of heaviness. This charge is frequently found in the writings of travellers who visited the country towards the close of the eighteenth century,

and no doubt it lacked charm to the eyes attuned to the delicate intricacies of Chinese Chippendale or the grace of the gilded fauteuils and canapes of the French workers. The furniture, however, is massive and rather dignified rather than clumsy, the outlines are frequently beautiful, and there is a quality of honesty which is singularly attractive - shoddiness is wholly absent from design or execution".¹⁾

Kaptein Robert Percival stel dit so:

"The Dutch are remarkably neat in their houses. The floors, stairs, and furniture are kept exceedingly clean and highly polished,..... their sitting-rooms are very neat and clean, the furniture, indeed, is usually clumsy in the extreme, and looks very awkward, though kept in excellent order. Several houses, however, are not inelegantly furnished."²⁾

Die meubels is dikwels massief. In dié verband kan verwys word na die vroeë Kaapse hoekstoel,³⁾ die vroeë burgemeesterstoel,⁴⁾ die tolletjiesstoel⁵⁾ en in 'n mate ook die Tulbaghstoel.⁶⁾

Verder skryf Dr. V.I. van de Wall ook oor die kenmerke van nugterheid en eenvoud in die Kaapse meubels die volgende:

"De geest van de Kaapsche school was nuchter en zakelijk en bijgevolg arm aan verbeeldingskracht. Maar wat zij aan

-
- 1) Fairbridge, D.: Historic Houses of South Africa, p. 169.
 - 2) Percival, Captain Robert: An account of the Cape of Good Hope, p. 267 and 268.
 - 3) Tekening 42.
 - 4) Tekening 44.
 - 5) Tekening 48.
 - 6) Tekening 54.

fantaisie te kort kwam, vergoedde zij ruimschoots aan praktischen zin.

Het kan immers niet ontkend worden, dat Kaapsche meubelen den indruk gaven van werkelijk gebruiksmeubelen te zijn, welke een groote rol speelden in het huiselijk leven van hun bezitters

De Kaapsche school heeft in de geschiedenis van het koloniale meubel geen vooraanstaande plaats bekleed, evenmin is van haar leiding of invloed uitgegaan; maar haar grondslagen zijn ons sijmpathiek, omdat eenvoud haar voornaamste kenmerk was.⁷⁾

Kortliks kom dit dus hierop neer dat Kaapse stoele direkte invloed van buitelandse stylvorm toon en dié kan óf Europees óf Oosters wees. In sommige gevalle is die buitelandse invloed duideliker herkenbaar as in ander gevalle. 'n Ander belangrike kenmerk van Kaapse stoele, is die neiging tot vereenvoudiging. Waar 'n buitelandse model soms ingewikkeld houtsneewerk toon, is die Kaapse voorbeeld van dieselfde soort stoel gewoonlik baie eenvoudiger. Daarmee saam hang die neiging tot massiwiteit. Maar daar is ook Kaapse stoele wat feitlik netso fyn gekonstrueer is soos hulle Europese prototipes en daar is ook Kaapse stoele met heelwat houtsneeversiering.

'n Europese invloed wat direk sigbaar is in die Kaapse stoelevorm is die Franse Lodewyk XV stoel en sy ooreenstemmende Kaapse Lodewyk XV- of „Huguenote"-stoel.⁸⁾ In hierdie geval

7) Van de Wall, Dr. V.I.: op.cit., p. 191.

8) Sien tekening 62.

lyk die Kaapse model feitlik presies soos die Europese voorbeeld wat vorm enlyn betref. Daar is minder houtsneewerk op die Kaapse stoel as op die Franse voorbeeld en die Kaapse stoel is in sy natuurlike houtafwerking, meestal stinkhout, gelaat terwyl die Franse stoel dikwels verguld of geverf is. Nog 'n geringe verskil is die weglatting van armkussinkies op die fauuteuil weergawe van hierdie stoel in die geval van die Kaapse voorbeeld.⁹⁾ Die kussinkies kom altyd voor op die Franse armleunstoele, maar dis 'n ondergeskikte element wat niks verander aan die groot ooreenkoms wat vorm en styl van hierdie stoele betref nie.

Die Kaapse Queen Anne-stoel is nog 'n voorbeeld van direkte oorsese beïnvloeding van 'n Kaapse vorm. Soos aangedui onder die bespreking van hierdie stoelsoort is die tweede stadium van die Kaapse Queen Anne-stoel (die van 1750) baie na aan die vroeg Engelse- en ook vroeg Hollandse modelle van 1702. Die ruglat is gerond, die rugstyle is ooreenkomstig geboë en ook die kam aan die bokant is gerond op presies dieselfde wyse as die Europese modelle.¹⁰⁾ 'n Latere voorbeeld in die William Campbell Museum toon weer die blom marquetry werk wat geïnspireer is deur die Hollandse blominlegwerk op dieselfde stoelvorms.

Nog 'n stoelvorm wat direk herlei kan word tot sy Europese voorganger is die laat 17de eeuse Kaapse stoel wat gebaseer is op die Hollandse vroeg 17de eeuse stoel. Beide die stoelvorms is opgebou op 'n reghoekige raamwerk en ook die onderdele daarvan soos die pote, rugstyle en spanstukke is

9) Daar is net een geval bekend waar armkussinkies voorkom op 'n Kaapse stoel en dit is op die Adam-armleunstoel in Groot Constantia.

10) Sien tekening 57 en 58.

reghoekig in deursnee. Die Kaapse voorbeeld het selfs die enigste houtsneewerk wat op hierdie stoel voorkom naamlik die leeukoppe bo aan elke rugstyl netso oorgeneem.¹¹⁾

Die Kaapse Sheraton stoel is afgelui van Engelse Laat Sheraton-, Engelse Regency-, Franse Empire- en Duitse Biedermeier vorms wat almal gebaseer is op dieselfde klassieke Griekse modelle. Die Europese invloede word vanweë die groot onderlinge ooreenkoms vir die doel van hierdie studie saamgevat onder die een benaming wat algemeen gebruik word vir die vroeë 19de eeuse Kaapse stoele, naamlik Kaapse Sheraton. Hoewel daar in die Kaapse modelle van hierdie soort 'n paar variasies voorkom, is die oorsprong altyd duidelik af te lei van die vroeg 19de eeuse Engelse modelle.¹²⁾

'n Voorbeeld van meer indirekte invloed van 'n buitelandse stylvorm op 'n Kaapse stoel is te sien in die Tulbaghstoel. In hierdie geval is die Europese vorm baie vereenvoudig en omvorm om die Kaapse model tot stand te bring. Die voorbeeld is tegelyk ook 'n geval wat die kenmerk van vereenvoudiging by Kaapse stoele aantoon. Die Tulbaghstoel is afgelui van die baie versierde Hollandse Laat-17de eeuse-rottangrugstoel. Die Europese voorbeeld het 'n oordadige aanwending van houtsneedekorasie wat in die Kaapse model baie vereenvoudig en verminder is. Die houtsneewerk is in die Kaapse model ook meestal beperk tot die rugleuning terwyl die Hollandse voorbeeld 'n ryklik versierde spanstuk tussen die voorpote en nog versierde pote ook het. Nogtans

11) Vergelyk met voorbeeld in Groote Schuur. Tekening 34.

12) Sien tekeninge 74 en 75.

is die verwantskap tussen die Tulbaghstoel en sy Europese prototipe duidelik herkenbaar ten spyte van die vereenvoudiging by die Kaapse model.¹³⁾

Kaapse stoele wat ook nie met die eerste aanblik terughereleibaar is tot hulle Europese voorgangers nie, is die Kaapse uitgesaagde rugstoele.¹⁴⁾ Hierdie stoelvorm is afgelei van sekere Engelse Chippendale- en Hepplewhite vorms wat baie meer ingewikkeld snywerk in die rugleunings toon as die Kaapse meer vereenvoudigde voorbeeld. Hier is die oorsprong van 'n Kaapse stoel weersens moeiliker te bepaal vanweë 'n vereenvoudiging in die Kaapse vorms.

Die meeste verfyning is te sien in die Kaapse Lodewyk XV-stoele en sommige van die deftiger Lodewyk XV- en Lodewyk XVI-baliestoele.¹⁵⁾ Hierdie stoele skep 'n elegante en ligte indruk as gevolg van fyn konstruksie en vloeiende lyne. Fyn houtsneewerk in die vorm van rosies en ander blommotiewe kom op hierdie stoele voor en wel op die kam van die rugleuning asook op die voorkant van die sitplekreling en op die knie van die boogpote. In die geval van die regaf pootjies van die Lodewyk XVI-baliestoel is daar groefversiering¹⁶⁾ in die lengte van die poot. Al hierdie afwerking getuig van baie fyn en sorgsame handewerk, vaardige vakmanskap en noukeurige afwerking. Die Kaapse Lodewyk XV-stoele is ook dikwels gestoffeer. Stoffering kom oor die algemeen selde voor by Kaapse stoele. Rottang is meestal in deftige stoele gebruik en riempie by die eenvoudiger stoele, asook by die veeboer-meubels. Stoffering

13) Sien tekening 54.

14) Sien tekeninge 68 en 69.

15) Sien tekeninge 62 en 65.

16) groefversiering = fluting.

in materiale soos fluweel gebruik vir die sitplek en rugleuning van sommige Kaapse Lodewyk XV-stoele dra baie by tot die fyner karakter van hierdie stoele.

Marquetry soos deur die Europese meubelmakers toegepas, kom selde voor op Kaapse stoele. 'n Voorbeeld waarna reeds verwys is, is die Queen Anne Kaapse stoel in die William Campbell Museum in Durban. Die stoel is versier met blom-inlegwerk of marquetry. Intarsia, 'n eenvoudiger metode van inlegwerk, waar een houtsoort in 'n opening binne in 'n ander houtsoort ingelê word, kom soms voor by Kaapse stoele soos in die Kaapse Queen Anne stoel in Groote Schuur. In hierdie voorbeeld is stukkies ivoor in die vorm van blomme direk ingelê in die stinkhout raamwerk van die stoel. 'n Ander voorbeeld van intarsia by Kaapse stoele is die inlê van stroke geelhout in die stinkhoutpote van sommige stoele. Hierdie versieringsmetode kom veral voor by die tapse pote van party Kaapse uitgesaagde rugpaneel stoele.

Die voorbeeld hierbo genoem is dié wat direk of indirek hulle verwantskap met Europese en Oosterse prototipes openbaar. Ander stoele en meubels wat later, na ongeveer 1840 gemaak is deur die veeboere, Voortrekkers en nog later in die Vrystaat en in Transvaal is moeiliker herleibaar na 'n spesifieke Europese voorbeeld. Alhoewel in baie van hierdie meubels en stoele ook moontlik 'n verband met suiwerder voorbeeld gevind sal kan word, is hierdie stoele in die eerste instansie utiliteitsmeubels, gemaak met die minimum gereedskap en ruwe vakmanskap. Daar is 'n groot aantal van hierdie stoele, maar hulle sal tog in meeste gevalle herlei kan word na die basiese voorbeeld soos hierbo uiteengesit.

- 112 -

Hierdie studie het dus gepoog om 'n herkoms en klassifikasie van die sitmeubels van die Kaap daar te stel. Dit blyk moontlik te wees om meeste van die Kaapse stoelvorms te herlei na 'n Europese prototipe of Oosterse stylvorm en na hulle ooreenkomsstige Kaapse groepe van stylvorms. Ook latere plattelandse- of trekkerstoele kan meestal herlei word tot een of ander vorm in hierdie klassifikasie.

SUMMARY

This study describes the origin of the Cape chairs from the late 17th century to the early 19th century.

Cape chairs of this period are grouped in groups or types and then traced back to the specific European or Oriental chair forms, which resembles the design of that specific type of Cape chair.

A general background is given of chair design and then a short review is given of the development of chairs in Holland, France and England from the 16th to the 19th century.

The preceding review then serves as a background for the following discussion on each individual Cape chair type.

These Cape chair types are chronologically divided into three groups: The early Cape chair from the end of the 17th century to the middle of the 18th century; The 18th century Cape chair and the Cape chair of the 19th century.

Under early Cape chairs the following chair types are dealt with: The late 17th century chair of the Cape and the ebonywood chair; Hoekstoel; Koningsstoel or Burgemeesterstoel; Spilstoel or tolletjiesstoel; Tulbagh chair; Cape Queen Anne Chair; Cape Queen Anne Corner Chair; Vrouuestoel.

The 18th century Cape Chairs include the following:

- 2 -

Cape Lodewyk XV Chair or Hugenote Chair; Cape Lodewyk XV
Balie- or Kuipstoel.

The following are grouped amongst the 19th century Cape chairs: Uitgesaaerde rugpaneelstoel; Cape Sheraton- and Regency Chairs; Cape Victorian Chair.

In conclusion it is shown that although the Cape forms can be traced back to European prototypes, the Cape chairs have their own indigenous form with an own value and significance. In particular, the simplification of the European forms, together with the quality of the South African native wood types, give the Cape furniture an own unique character and form value.

The study is illustrated with drawings of the various types of chairs and a bibliography is added.

B I B L I O G R A F I E

- ARONSON, Joseph: The Encyclopedia of Furniture,
New York (16th printing), . 1954.
- ATMORE, M.G.: Cape Furniture
Cape Town, 1965.
- BEHRENDSEN, Dr. Anne: Het Meubel van Gotiek tot Biedermeier,
Antwerpen, 1960.
- CESCINSKY Herbert & HUNTER, G.L.: English and American Furniture
New York, 1929.
- DE KOCK, Victor: Ons Erfenis,
Kaapstad, 1960
- EDWARDS, Ralph: A Shorter dictionary of English Furniture from the Middle ages to the Late Georgian period,
London, 1964.
- "Fact Paper", Departement inligting, Pretoria.
"Old Cape Furniture" geen datum.
- FAIRBRIDGE, Dorothea: Historic Houses of South Africa,
Cape Town, 1922.
- FASTNEDGE, Ralph: English Furniture Styles from 1500 to 1830
London, 1955.
- GLOAG, John: The Englishman's Chair
London, 1964.
- GLOAG, John: A Short Dictionary of furniture
London.
Great Styles of Furniture,
London, 1963.
- HAYWARD, Helena
(samesteller) World Furniture
London, 1965.
- HICKLEY, F. Lewis: A directory of Antique Furniture
New York, 1953.

- KREISEL, Heinrich: Die Kunst des deutschen Möbels, Erster Band
München, 1968.
- LOCKWOOD, L.V.: Amerikanische Möbel der Kolonialzeit,
New York.
- LUNSINGH SCHEURLEER Th H: Van haardvuur tot beeldscherm vyf eeuwen interieur- en meubelkunst in Nederland,
Leiden, 1961.
- NICKERSON, David: English Furniture of the Eighteenth Century,
London, 1963.
- OZINGA, Dr. M.D.: Daniel Marot,
Amsterdam, 1938.
- PEARSE, G.E.: Eighteenth Century Furniture in South Africa,
Pretoria, 1960
- PERCIVAL, Captain Robert: An account of the Cape of Good Hope,
London, 1804.
- PHILIP, Peter: Antique Furniture for the smaller home
London, 1962.
- REEVES, David: Furniture, an explanatory history
London, 1959.
- SLUYTERMAN, K.: Huisraad en Binnenhuis in Nederland in vroegere eeuwen
S'Gravenhage, 1925.
- The 35 Styles of Antique furniture at a Glance, Wymark Publications, Johannesburg.
- TROTTER, Mrs. A.F. Old Cape Colony, A chronical of the Man and Houses from 1652 to 1806
Cape Town, 1903.
- TROTTER, Alys Fane: Old Colonial Houses of the Cape of Good Hope,
London, 1899.

- 115 -

- VAN DER PLUYM, Prof. W. Vijf eeuwen binnenhuis en meubels in Nederland 1450 - 1950
Amsterdam, 1954.
- VANONSELEN, L.E.: Cape Antique Furniture,
Kaapstad, 1959.
- WALTON, James: Homesteads and Villages of South Africa,
Pretoria, 1952.
- VAN DE WALL, Dr. V.I.: Het Hollandsche Koloniale Barokmeubel
Antwerp, 1939.
- WHITON, Sherrill: Elements of Interior Design and Decoration
New York, 1956.

T Y D S K R I F A R T I K E L S

- De Jager, A: "Tussen Oudhede gebore"
"Landbouweekblad, 12 Julie 1966.
- De Kock, Victor: "Die Interieur van Ou Wonings"
Bewaring van ons Erfenis,
 Kaapstad 1966.
- Engel, E.P.: "Art Life in Johannesburg 1886-1920"
Africana Aantekeninge en Nuus,
 Volume 15 no. 7,
 Johannesburg 1963.
- Lezard, Bruce: "Living with the Tongaat Collection"
The Condenser, December 1960.
- Morrison, W.R.: "Collecting in South Africa"
The Connoisseur, November 1929.
- Nilant, F.G.E.: "'n Wetenskaplike grondslag vir die
 Kaaps-Hollandse Kuns"
Historia, 11de jaargang no. 3,
 September 1966.
- Oliver, H.G.: "The William Fehr Collection"
Africana Aantekeninge en Nuus,
 Vol. 5 no. 3,
 Johannesburg, Junie 1948.
- Pearse, prof. G.E.: "Eighteenth Century furniture in
 South Africa"
Fontein I, Januarie 1960.
- Punt, Dr. W.H.J.: "'n Vergete Wêreldryk",
Stigting Simon van der Stel, 1968.
- Die Ou Kerk-Volksmuseum, Tulbagh,
 "1743
Stigting Simon van der Stel,
 Bulletin 16, April 1968.

- Roth, J.: "Collecting old Cape furniture"
Femina and Womans Life, Nov. 5, 1964.
- Sloemann, Vilhelm: "The Indian period of European Furniture"
The Burlington Magazine, Sept., Oct., Nov. 1934.
- Symonds, R.W.: "A Comparison between English and Dutch Walnut and Marquetry furniture"
The Connoisseur, October 1923.
June 1924.
June 1925.
- Symonds, R.W.: "English Cane-backed chairs"
The Connoisseur, March 1951
- Symonds, R.W.: "Domestic Comfort in the Medieval Home, an illusion dispelled"
The Connoisseur, June 1951.
- Symonds, R.W.: "A chair from China"
Country Life, 1953.
- Van Rensburg, Suzanne: "Ons eie kosbare antieke"
Boerdery in Suid-Afrika, April tot Sept. 1966.

K A T A L O G U S S E

Die Burgerhuis, Stellenbosch.

Geen datum

Groot Constantia, Kaap.

Pretoria 1956.

Koopmans de Wet Huis, Kaapstad. Geïllustreerde gids uitgegee deur die kuratore van die Suid-Afrikaanse Museum, Kaapstad. (Derde uitgawe)

1948.

Metropolitan Museum of Art, New York.

Guide to the collections: The American Wing. 1961.

Rijksmuseum, Amsterdam.

Catalogus van Meubelen en Betimmeringen in die Rijksmuseum opgestel deur prof. Th. Lunsingh Scheurleer. 1952.

Victoria en Albert Museum, London.

"English Chairs", katalogus van stoele in die Victoria en Albert museum opgestel deur Ralph Edwards.

London, 1965.

Victoria en Albert Museum, London.

"A Short history of English Furniture",

London, 1966.

Wallace Collection, London.

Catalogue of furniture by F.J.B. Watson,

London, 1956.

UITSTALLINGS KATALOGUSSE:

Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum, Pretoria.

"Kaapse silwer en meubels" deur Mev. Kotie Roodt Coetzee.

Pretoria, 1962.

Stellenbosch Museum.

"Die Kaapse Stoel" opgestel deur mn. H. Fransen.

April 1969.

LYS VAN ILLUSTRASIES.

1. Engelse wainscot chair.
2. Engelse Middeleeuse bankie (stool).
3. Restourasietydperk rottangrug stoel.
4. Engelse Queen Anne stool.
- 5 en 6 Middel Georgiaanse stoele.
- 7,8,9,10 & 14 Chippendale stoelvorms.
11. Sheraton stoel.
- 12 en 13 Hepplewhite stoele.
- 15 en 19 Engelse Regency stool.
- 16,17 & 18 Sheraton stoelrugleunings.
- 20,21 & 22 Hepplewhite stoelrugleunings.
23. Caquetoire
24. Franse hoërug stoel uit Middeleeue.
25. Chaise à vertugadin.
26. Lodewyk XV bergère.
27. Lodewyk XV sy-stoel.
28. Lodewyk XVI fantenil.
29. Lodewyk XVI sy-stoel.
30. Lodewyk XVI stoelpoot.
31. Lodewyk XVI bergère.
32. Franse Empire stool.
34. Kaapse laat 17de eeuse armleunstoel.
35. Vroeg 17de eeuse Hollandse stoel.
36. Kusstoel uit Indonesië.
37. Kaapse ebbehoutstoel.
38. Singalese stoel.
39. Molukse stoel.
40. Kaapse ebbehoutstoel.
41. Bataafse ebbehoutstoel uit Indonesië.
42. Kaapse hoekstoel.
- 42 (a) Tolgedraaide hoekstoel.
43. Vroeë Oosterse Koningsstoel in ebbehout. Uit Indonesië.
44. Vroeë Kaapse Koningsstoel in stinkhout.

27,

45. Koningsstoel uit Nederlands Oos Indië.
46. Kaapse Koningsstoel in Groote Schuur, Kaapstad.
47. Koningsstoel in Kultuurhistoriese- en Opelug museum, Pretoria.
48. Kaapse Spilstoel of tolletjiesstoel.
49. Kaapse tolletjiesstoel in die vorm van 'n hoekstoel.
50. Middeleeuse Hollandse Schemel.
- 51 & 52 Vroeg 16de eeuse Engelse spilstoele. (turned spindle chairs)
53. Spilstoel uit Skandinawië in Victoria en Albert Museum.
54. Kaapse Tulbagh stoel.
55. Vroeë Engelse Restourasietydperk stoel.
56. Engelse laat Restourasie stoel.
57. Engelse Queen Anne stoel met hoefpote.
58. Kaapse Queen Anne stoel met bal-en-klou pote.
59. Engelse Queen Anne skryfstol.
60. Queen Anne stoel in Fehrversameling. Oorsprong daarvan onseker.
- 60 (a) Kaapse Vrouestoel in versameling van Ds. J.J. Naude.
61. Engelse Queen Anne stoel.
62. Kaapse Lodewyk XV sy-stoel.
63. Franse Lodewyk XV sy-stoel. Franse Rococo-tydperk.
64. Franse Lodewyk XV balie stoel. Chaise en coignure.
65. Kaapse Lodewyk XV baliestoel.
66. Kaapse Lodewyk XV baliestoel met oop sykante. Versameling Mn. vd Walt.
67. Kaapse Lodewyk XVI baliestoel.
68. Kaapse uitgesnajdè rugpaneelstoel, die sogenaamde "vioolrug" ontwerp.
69. Kaapse uitgesaagde rugpaneel stoel.
- 69 (a) Kaapse baliestoel uit Tongaatversameling.
- 70 en 71 Chippendale stoel rugleunings
72. Kaapse uitgesaagde rugpaneel ontwerp.
73. Hepplewhite stoel rugleuning.
74. & 75 Kaapse Sheraton- of Regency stoel.
76. Engelse Regency stoel.
77. Kaapse Sheraton of Regency stoel.
78. Kaapse Sheraton of Regency armleunstoel.

79. Engelse Regency stoel.
80. Engelse Regency armleunstoel in Victoria en Albert museum.
81. Die Griekse Klismos (tydperk 500 v.C.)
82. Vroeg 19de eeuse Engelse Regency stoel.
83. Kaapse Victoriaanse stoel.
84. Engelse Victoriaanse "Ballonrug" stoel.

LYS VAN TERME.

1. AKANTBLAAR (acanthusleaf): 'n Groot blaar motief oorspronklik deur die Griekse gestrikeer as dekoratiewe ontwerp soos byvoorbeeld in die kapiteel van 'n korintiese kolom.
2. ARABESK (arabesque): Gekrulde blaar ontwerp waarvan die stamme almal uit een sentrale punt ontstaan en spiraalvorms kan aanneem. Dis meestal vir 'n vertikale paneel ontwerp.
3. ARMLEUNSTOEL : Stoel met armleunings – Kontrasteer met systoel (back chair) waar net 'n rugleuning voorkom.
4. BAL-EN-KLOU POOT: 'n Uitgesnyde pootvorm in die ontwerp van 'n voëlkloou wat 'n bal vaskloou. Word gewoonlik met 'n boogpoot saam gebruik as pootbeëindigingsvorm.
5. BALIESTOEL (tubchair) : 'n Groot gemakstoel met 'n konkawe rugleuning byvoorbeeld die Kaapse Lodewyk XV baliestoel.
6. BERGERE : Geheel gestoffeerde armleunstoel met geen oop armleunings nie.
7. BOKTAFEL (trestle table) : 'n Los tafelblad wat tydens die Middeleeue met maaltye ingedra is en op pote staangemaak is.
8. BOOGPOOT (cabriole leg) : 'n Pootvorm gebaseer op 'n gestileerde dierepoot met knie, enkel en voet, kom veral voor by die Kaapse Lodewyk XV en Kaapse Queen Anne stoele.
9. CANAPE: Franse term vir 'n rusbank. (Sofa)
10. CAQUETOIRE: Franse stoel uit Hendrik II tydperk. Letterlik 'n "gesels stoel" aangesien caquier beteken om te gesels.
11. ÉBÉNISTE DU ROI : Hof meubelmaker, byvoorbeeld Andre Charles Boulle (1642-1732) wat hofmeubelmaker van Lodewyk XIV was.

27.08.2016

12. CHAIRE: Franse Middeleeuse term vir 'n hoë troonagtige stoel.
13. CHAISE EN COIGNURE: 'n Hoekstoel.
14. CHAISE à VERTUGADIN: 'n Stoel, dit wil sê 'n stoel sonder armleunings.
15. FAUTEUIL: Armleunstoel met oop armleunings.
16. FARTHINGALE STOEL: Engelse sy-stoel, dit wil sê 'n stoel sonder armleunings. In Engeland gemaak teen die einde van Elizabeth I se regering.
17. FINEER (veneer): 'n Dun lagie goeie hout wat bo-op 'n minder goeie houtoppervlakte vasgeplak word as afwerking.
18. GEORGIESE TYDPERK: Georgian periode in Engeland.
19. GRIFFIOENE (griffens): Dit is 'n ontwerp van gevleuelde diere byvoorbeeld gebruik op stoele van die Franse Empire tydperk. Oorspronklik is dit 'n Griekse en Romeinse versieringsvorm.
20. GROEFVERSIERING (grooving or ribbed): Regaf groewe as versiering byvoorbeeld op stoelpote.
21. HOEFOOT (club foot): Dit is 'n pootbeëindigingsvorm wat gebruik word saam met 'n boogpoot byvoorbeeld in die Kaapske Queen Anne stoelpote.
22. INTARSIA: Die inlê van stukkies hout of ander materiaal in voorafuitgeholtde gate in 'n soliede houtoppervlakte in teenstelling met marquetry wat oppervlaktewerk is.
23. KAM OF KAMRELING (cresting rail): Die boonste dwarssport van 'n stoel.
24. KISSTOEL (Medieval highback chair): Hollands sittekis. 'n Stoel wat sy oorsprong het in die Middeleeue en wat 'n bergruimte verberg onder 'n sitplek wat kan opslaan.
25. KLISMOS: 'n Griekse stoel uit die jaar 500 v.C. Bekend vir sy besonder geslaagde ontwerp en baie nagevolg tydens die Franse Empire tydperk en Engelse Regency periode.

26. KNOETSOKKERNEUTHOUT (burr walnut)
27. KURKTREKKER DRAAIWERK of SPIRAAL DRAAIWERK (barleysugar turning) :
Spiraalvormige houtsneewerk byvoorbeeld baie gebruik in die rugstyle van die later Karel II stoel in Engeland.
28. KWISPEDOOR (spittoon) : Spungbak.
29. MARQUETRY: Inlegwerk gedoen op 'n laag fineer en dan vasgeplak op die oppervlakte van 'n meubelstuk. Die inlegmateriale kan hout, ivoor, skilpaddop of metale wees.
30. MODULEERWERK (moulding) : Houtsneeverzierings effens hoër as die oppervlakte wat so versier word. Dit dien as afronding. Fransen se term hiervoor is "geprofileer."
31. PLOOIPANEEL VERSIERING (linenfold decoration) : 'n Ontwerp wat lyk soos gevoude linne en baie gebruik in die Middeleeue byvoorbeeld op die hoërugstoel.
32. RUGLAT (backsplat) : Die vertikale middelste rugsport van 'n stoel soos byvoorbeeld gevind in die Queen Anne stoelvorm.
33. SCHEMEL (settle) : Middeleeuse Hollandse stoeltjie of sitbankie wat bestaan uit spilgedraaide dele.
34. SITPLEKRELING : Die houtspore wat die sitplek van 'n stoel omraam. Fransen noem dit die "sitting rand."
35. SPANSTUKKE (stretchers) : Die spore wat die pote van stoele met mekaar verbind. Spanstukke kan H-vormig wees, X-vormig of hulle kan die pote in 'n reghoek met mekaar verbind.
36. SPIL OF TOLLETJIE (spindle) : Gedraaide ronde houtspore byvoorbeeld gebruik in die "turned-all-over chair" van die Engelse Middeleeue of in die Kaapse spilstoel se rugleuning.
37. SPITSVERSIERING (finial) : Die boonste spitsdekoratiewe ontwerp wat soms voorkom bo-aan die rugstylk van 'n stoel byvoorbeeld by die Kaapse Tulbagh stoel.

38. SYSTOEL : Sien armleunstoel.
39. TAPSE POOT (tapered leg) : 'n Pootvorm wat smaller word na onder, die algemeen gebruikte pootvorm van die Lodewyk XVI tydperk.
40. TAPVOEG (mortice and tenon joint): Waar een deel van 'n meubelstuk met 'n ander verbind word deur 'n tap wat uitsteek in 'n gesikte opening in te pas.
41. UITGESKUINSDE POOT (sabre leg,scimitar leg) : 'n Pootvorm wat effens skuins na voor gebuig is in die geval van 'n voorpoot van 'n stoel of skuins na agter in die geval van 'n agterpoot. Die stoelpoot is baie gebruik in Engelse Regency stoele en ook in die Kaapse Sheraton of Regency stoele.

Getik en litografies gereproduuseer deur:
Hennie's Sekretariële Dienste (Edms.) Bpk.,
Vigilansgebou 120,
Pretoriusstraat,
PRETORIA.